

**Apokaliptiek en Openbaring:
'n Kritiese evaluering van Malina en Pilch se
“*Social-Science Commentary on the Book of Revelation*”**

deur

Cornelius Johannes Swart

**Voorgelê ter vervulling van die graad
Magister Artium (Bybel en Godsdienskunde)**

In die

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Pretoria

2005

Studieleier: Prof PA Geysler

EXECUTIVE SUMMARY

The aim of this study is to evaluate Malina & Pilch's *Social-Science Commentary on the Book of Revelation*. As stated on the cover of the book, this commentary claims to be unique: "The first social-science commentary on this extraordinary book." The question is whether the social-scientific method enhances the understanding of Revelation for modern interpreters? The method's relationship with traditional exegetical methods is also examined.

In order to evaluate any work on Revelation, it is necessary to make a thorough study of the apocalyptic. Revelation is an apocalypse and is traditionally understood as part of the apocalyptic genre. It is also necessary to make use of findings of the historical-critical method in order to understand questions regarding the author, date and place of composition of Revelation.

The social-scientific method's presuppositions and procedures are explained, as well as criticism against this exegetical method. This is followed by a discussion of Malina & Pilch's commentary as part of the *Social-Science Commentary on...-series*, as well as Malina's original work, *On the Genre and Message of Revelation*. It is clear that Malina & Pilch view Revelation as astral prophecy and John as an astral prophet. They interpret Revelation in the light of the first century Mediterranean sky. A case study of Revelation 12:1-18 compares Malina's *On the Genre and Message of Revelation*, with Malina & Pilch's *Social-Science Commentary on Revelation* and David Aune's *Revelation*.

In conclusion academic reviews and comments regarding this commentary are discussed. It is my opinion that this commentary adds the best value if it is used together with traditional historical-critical commentaries. Unfortunately, Malina & Pilch has ignored modern Apocalypse scholarship in their work. Their intense focus on astrology and trying to force the whole of Revelation into an astrological mould is the greatest weakness of this work. This commentary however definitely adds a new dimension to the interpretation of Revelation. It forces an interpreter of Revelation to acknowledge the importance of John's social situation and the first-century Mediterranean world.

OPSOMMING

Die doel van hierdie studie is om Malina & Pilch se *Social-Science Commentary on the Book of Revelation* krities te beoordeel. Die vraag wat beantwoord word is of Malina & Pilch se benadering werlik 'n bydrae lewer in die verstaan van Openbaring, asook hoe hulle metode in die lig van tradisionele eksegetiese benaderings gesien moet word.

In hierdie studie word daar van die groter geheel na die kleiner samestellende dele beweeg. 'n Studie van Openbaring moet altyd die apokaliptiek ernstig opneem, en daarom word begin met 'n studie van die apokaliptiek. Daar word vervolgens dieper in die wêreld van die apokaliptiek beweeg deur 'n histories-kritiese studie van die wordingsgeskiedenis van Openbaring. Voordat Malina & Pilch se benadering ontleed word, word die sosiaal-wetenskaplike metode se vooronderstellings, werkswyse en kritiek op die metode bespreek.

Vervolgens word Malina & Pilch se kommentaar bespreek as deel van die *Social-Science Commentary on...-reeks*. Malina se oorspronklike werk *On the Genre and Message of Revelation* word ook bespreek. Dit is duidelik dat Malina & Pilch Johannes as 'n astrale profeet beskou, en die boek Openbaring as astrale profesie. Johannes se boek moet in die lig van die hemel (sky) van die eerste eeu nC verstaan en geïnterpreteer word. Johannes se sosiale sisteem is beïnvloed deur die sterrekunde, sy Israelitiese agtergrond en sy oortuiging dat Jesus Christus die Messias is. Malina & Pilch se kommentaar sluit direk by Malina se oorspronklike werk aan.

'n Gevallestudie wat fokus op Openbaring 12:1-18, vergelyk Malina se *On the Genre and Message of Revelation*, met Malina & Pilch se *Social-Science Commentary on Revelation* en Aune se *Revelation*. Terwyl Malina & Pilch die klem op die hemel plaas en byvoorbeeld die Swanger Vrou en Draak met sterrebeelde verbind, plaas Aune die klem op Griekse mitologiese beelde wat in die teks in 'n Christelike konteks geherinterpreteer word.

Malina & Pilch se kommentaar word laastens in die lig van die voorafgaande studie beoordeel. Daar word verwys na akademië se kommentaar op die boek, sowel as Malina se vorige boek

met dieselfde tema. Malina & Pilch se sosiaal-wetenskaplike hantering van die werk word ook beoordeel.

Wat baie duidelik is, is dat Malina & Pilch se *Social-Science Commentary on the Book of Revelation* nie 'n tradisionele kommentaar op Openbaring is nie. Wat die kommentaar poog om te bereik is om aan moderne lesers insig in Johannes se sosiale sisteem te gee. Die metode wat die beste hiervoor geskik is, is die *sosiaal- wetenskaplike metode*.

Dit is my opinie dat Malina & Pilch se kommentaar as hulpmiddel by die tradisionele histories-kritiese kommentare gebruik behoort te word, en nie in isolasie bestudeer moet word nie

Die groot nadeel van hulle kommentaar is die oordrewe fokus op die sterrekunde en die eerste eeuse hemel, asook die ingnorerings van kontemporêre studie oor Openbaring. Malina & Pilch se kommentaar is beslis 'n waardevolle toevoeging tot die studie van Openbaring. Hulle kry dit reg om 'n mens bewus te maak dat Johannes en sy lesers se tydsbegrip en sosiale situasie radikaal verskil van dié van moderne interpreteerders.

SLEUTELWOORDE

Apokaliptiek, Apokaliptisisme, Apokalips, Apokaliptiese eskatologie, Openbaring, Openbaring 12, Draak en Swanger Vrou, Sterrekunde, Astrologie, Astrale profesie, Sosiaal-wetenskaplike metode, Histories-kritiese metode

BEDANKINGS

Ek wil begin deur alle eer aan my Hemelse Vader te gee vir die genadegawes wat Hy aan my gegee het.

Die volgende persone het 'n groot invloed op my lewe en hierdie studie gehad:

Marinda Swart: My vrou, dankie vir jou liefde en ondersteuning deur al die jare. Sonder jou aanmoediging sou ek beslis nie die studie kon afhandel nie.

Johan en Miems Swart: Dankie vir die geleentheid wat julle vir my gegee het om te kan studeer en vir al julle opofferings. Ek kon nie vir beter ouers gevra het nie.

Prof Piet Geyser: Dankie vir Prof se geduld met my, asook Prof se raad en leiding deur my studies.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDING	p11
1.1 INLEIDING	p11
1.2 MOTIVERING VIR ‘N STUDIE VAN OPENBARING	p12
1.3 DIE INTERPRETASIE-METODE: ‘N HISTORIES-KRITIESE EN ‘N SOSIAAL WETENSKAPLIKE BENADERING	p12
1.4 WERKSWYSE GEVOLG IN STUDIE	p13
1.5 SKRIFBESKOUING	p14
1.6 VERSKIL IN “TYDSBEGRIP”	p15
HOOFSTUK 2: DIE APOKALIPTIEK	p18
2.1 INLEIDING	p18
2.2 DIE BEGRIP APOKALIPTIEK	p18
2.3 BEGRIPVERHELDERING: DEFINISIES VAN DIE BASIESE BEGRIPPE IN DIE APOKALIPTIEK	p19
2.3.1 APOKALIPTIEK (APOCALYPTIC)	p19
2.3.2 APOKALIPTISISME (APOCALYPTICISM)	p21
2.3.3 APOKALIPTIESE ESKATOLOGIE (APOCALYPTIC ESCHATOLOGY)	p22
2.3.4 APOKALIPS (APOCALYPSE)	p23
2.4 KENMERKE VAN APOKALIPTIESE GESKRIFTE	p25
2.4.1 DUALISME	p25
2.4.2 ESKATOLOGIE	p26
2.4.3 NARRATIEF	p26
2.4.4 VISIOENÊRE ONTHULLINGS	p26
2.4.5 PSEUDONIMITEIT	p26
2.4.6 GEHEIME WORD ONTHUL	p26
2.4.7 PESSIMISTIESE SIENING	p27
2.4.8 DETERMINISTIESE SIENING	p27

2.4.9 HOOP	p27
2.4.10 TRANSENDING VAN HIERDIE WÊRELD	p27
2.4.11 ELEMENT VAN OORDEEL	p28
2.4.12 VOORSPELDE RAMPE	p28
2.4.13 ENGELE EN DEMONE	p28
2.4.14 MESSIAS	p28
2.4.15 SIMBOLIEK	p28
2.4.16 GETALLE	p29
2.5 APOKALIPTIESE SIENING VAN GESKIEDENIS – APOKALOPTIEK EN DIE PROFETE	p31
2.6 DIE OORSPRONG VAN DIE APOKALIPTIEK	p32
2.7 TYD VAN DIE APOKALIPTIEK	p33
2.8 SAMEVATTING	p34
HOOFSTUK 3: DIE BOEK OPENBARING	p36
3.1 INLEIDING	p36
3.2 OPENBARING AS APOKALIPS	p36
3.3 OPENBARING SE TEKSMODUS	p37
3.4 OUTEUR	p37
3.4.1 DIE KERKVADERS SE ANTWOORD	p38
3.4.2 ANDER HIPOTEESES	p39
3.5 DATERING	p40
3.5.1 EKSTERNE GETUIENIS	p40
3.5.2 INTERNE GETUIENIS	p40
3.6 PLEK VAN ONTSTAAN	p45
3.7 DIE SOSIAAL-HISTORIESE KONTEKS VAN OPENBARING	p45
3.8 SAMEVATTING	p46

HOOFTUK 4: DIE SOSIAAL-WETENSKAPLIKE

METODE	p47
4.1 INLEIDING	p47
4.2 DIE GEKONTEKSTUALISEERDHEID VAN KOMMUNIKASIE	p47
4.3 WAAR PAS DIE SOSIAAL-WETENSKAPLIKE METODE IN?	p49
4.4 VOORONDERSTELLINGS VAN DIE	
SOSIAAL-WETENSKAPLIKE METODE	p50
4.4.1 ALGEMENE VOORONDERSTELLINGS VAN DIE	
SOSIAAL-WETENSKAPLIKE METODE	p50
4.4.2 MALINA SE VOORONDERSTELLINGS VAN DIE	
SOSIAAL-WETENSKAPLIKE METODE	p54
4.5 WERKSWYSE VAN DIE SOSIAAL-WETENSKAPLIKE METODE	p55
4.6 KRITIESE BEOORDELING VAN DIE	
SOSIAAL-WETENSKAPLIKE METODE	p56
4.7 SAMEVATTING	p58

HOOFTUK 5: ONTDEKKING VAN MALINA EN PILCH

SE SOCIAL-SCIENCE COMMENTARY ON REVELATION:	
WERKSWYSE EN VOORONDERSTELLINGS	p60
5.1 INLEIDING	p60
5.2 SOCIAL-SCIENCE COMMENTARY ON...	p60
5.3 MALINA SE OORSPRONKLIKE WERK:	
<i>ON THE GENRE AND MESSAGE OF REVELATION:</i>	
<i>STAR VISIONS AND SKY JOURNEYS</i>	p62
5.3.1 JOHANNES, OPENBARING EN DIE EERSTE EEUSE HEMEL	p62
5.3.2 KENMERKE VAN ASTRALE PROFESIE	p70
5.3.3 KAART VIR 'N REIS DEUR OPENBARING	p73
5.4 MALINA & PILCH SE WERK:	
<i>SOCIAL-SCIENCE COMMENTARY ON THE BOOK OF REVELATION</i>	p75
5.4.1 JOHANNES AS ASTRALE PROFEET	p77

5.4.2 STRUKTUUR EN OPBOU VAN DIE BOEK OPENBARING	p79
5.5 SAMEVATTING	p80
HOOFSTUK 6: ONTDEKKING VAN MALINA EN PILCH	
SE SOCIAL-SCIENCE COMMENTARY ON REVELATION:	
GEVALLESTUDIE – OPENBARING 12:1-18	p82
6.1 INLEIDING	p82
6.2 OPENBARING 12:1-18 SE PLEK IN DIE STRUKTUUR	
VAN OPENBARING	p82
6.2.1 DIE STRUKTUUR VOLGENS MALINA SE	
<i>ON THE GENRE AND MESSAGE OF REVELATION</i>	p82
6.2.2 DIE STRUKTUUR VOLGENS MALINA & PILCH SE	
<i>SOCIAL-SCIENCE COMMENTARY ON REVELATION</i>	p84
6.2.3 DIE STRUKTUUR VOLGENS AUNE SE <i>REVELATION</i>	
<i>(WORD BIBLICAL COMMENTARY)</i>	p84
6.2.4 VERGELYKING VAN MALINA, MALINA & PILCH EN	
AUNE SE STRUKTURE	p86
6.3 BESPREKING VAN DIE VERSE	p86
6.3.1 HOOFSTUK 11:19	p87
6.3.2 HOOFSTUK 12:1	p88
6.3.3 HOOFSTUK 12:2	p92
6.3.4 HOOFSTUK 12:3-4	p93
6.3.5 HOOFSTUK 12:5	p96
6.3.6 HOOFSTUK 12:6	p97
6.3.7 HOOFSTUK 12:7-8	p99
6.3.8 HOOFSTUK 12:9	p100
6.3.9 HOOFSTUK 12:10-12	p103
6.3.10 HOOFSTUK 12:13-14	p104
6.3.11 HOOFSTUK 12:15	p105
6.3.12 HOOFSTUK 12:16	p106

6.3.13 HOOFSTUK 12:17	p107
6.3.14 HOOFSTUK 12:18	p108
6.4 VERDUIDELIKING VAN DIE VERSE	p108
6.5 SAMEVATTING	p112
HOOFSTUK 7: BEOORDELING VAN MALINA EN PILCH	
SE SOCIAL-SCIENCE COMMENTARY ON REVELATION	p113
7.1 INLEIDING	p113
7.2 DIE VERBAND TUSSEN MALINA EN MALINA & PILCH SE WERK	p113
7.3 AKADEMICI SE KOMMENTAAR OP MALINA & PILCH SE WERK	p114
7.3.1 DIE GENRE VAN OPENBARING	p114
7.3.2 DIE HANTERING VAN KONTEMPORÊRE NAVORSING OOR OPENBARING	p115
7.3.3 DIE KLEM OP STERREKUNDE	p116
7.3.4 HANTERING VAN BRONNE	p117
7.3.5 ANDER KRITIEK	p118
7.4 SOSIAAL-WETENSKPALIKE BEOORDELING	p118
7.5 SAMEVATTING	p122
LITERATUURVERWYSINGS	p124
BYLAAG A	p128

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 INLEIDING

‘n Studie van die boek Openbaring is voorwaar ‘n uitdaging. Eerstens omdat dit een van die mees kontroversiële boeke in die Bybel is (Prevost 1993:vii). Vanaf die vroegste tye het Openbaring lewendige debat uitgelok. Reeds in die vroeë kerk was daar onenigheid oor die kanonisiteit van Openbaring (Du Rand 1990:239). Tweedens omdat daar soveel verskillende interpretasies van hierdie boek is (Prevost 1993:vii). Die uitleg van Openbaring het deur die eeue voortdurend tussen ‘n letterlike en ‘n vergeestelikende vertolking geswaai (Du Rand 1990:219). Schüssler Fiorenza (1985:1) beskryf Christene se houding teenoor Openbaring soos volg: “The Book of Revelation remains for many Christians a book with ‘seven seals’, seldom read and often relegated to a curiosity in the Bible. For others it has become the book of the New Testament, full of predictions for the future and revelations about the present.” Jy is dus of ‘n aanhanger (warm) of ‘n teenstander (koud) van hierdie boek, maar nooit neutraal (lou) nie. Derdens moet ‘n studie van Openbaring ook altyd die Apokaliptiek ernstig opneem.

Murphy (1994:181) stel dat daar die twintig jaar of so voor 1994 ‘n oplewing van belangstelling in apokaliptisisme en die boek Openbaring was. Hierdie oplewing en belangstelling het na Murphy se artikel aansienlik toegeneem. Die groot rede hiervoor was die jaar 2000. Gelowiges en ongelowiges het met groot verwagting uitgesien na die millenniumwending: “Millennial fever is in the air! Neither religious nor secular media can resist the topic.” (Du Vall 1999:116)

Die boek Openbaring was een van die hoof rolspelers in mense se verwagtings rondom die millenniumwending. Die getalle en simboliek in Openbaring (asook in ander apokaliptiese boeke soos Daniël) is op verskeie maniere deur verskillende mense geïnterpreteer, wat volgens hulle op die jaar 2000 gewys het. Prevost (1993:23) wys egter daarop dat Johannes (die skrywer van Openbaring) nie ‘n futuroloog of ‘n spesialis op die jaar 2000 was nie, maar ‘n gelowige en ‘n getuie van die negentigs. Nie die 1990’s nie, maar die jare 90-100 nC (sien Hoofstuk 3.5). Die nuwe millennium het gekom en gegaan sonder dat enige doemprofeet se voorspelling waar

geword het. Prevost was dus heeltemal reg. Openbaring het dalk vir baie sy misterie en glans verloor as ‘n boek wat die toekoms voorspel.

Dit is egter nie die boek self se skuld nie. Openbaring kan nie verkeerde vrae wat deur interpreteerders gestel word “reg” beantwoord nie. Openbaring het op ‘n spesifieke tyd en plek en met ‘n spesifieke doel ontstaan. Die boek Openbaring is ‘n historiese dokument geskryf in ‘n bepaalde konteks, maar soos Yarbrow Collins (1984:21) tereg opmerk: “The book of Revelation is not only an artifact from a specific place and time, a historical document; it is also a literary creation, a work of great artistic beauty and power”. Sy beklemtoon egter: “The literary effect of Revelation can best be seen with its historical setting in mind.”

1.2. MOTIVERING VIR ‘N STUDIE VAN OPENBARING

Soos ek reeds genoem het, was daar met die wending van die millennium hernieude belangstelling in apokaliptiek en die boek Openbaring. Murphy (1994:206) som die belangstelling en rede vir navorsing oor Openbaring baie goed op: “Recent scholarship on Revelation is vibrant. Major advances in interpretation have been made in the last two decades. But research on Revelation reflects research on the rest of the Bible. It is marked by a variety of approaches and results. The one sure thing is that much remains to be done on Revelation, and that it will continue to be discussed and debated for many years to come!” Die rede hoekom ek gekies het om Malina & Pilch se sosiaal-wetenskaplike kommentaar krities te evalueer is omdat hierdie kommentaar aanspraak maak op uniekheid. Op die agterblad van die boek word dit beklemtoon: “The first social-science commentary on this extraordinary book.” Die vraag moet ook beantwoord word of Malina & Pilch se benadering werklik ‘n bydrae lewer in die verstaan van die boek Openbaring, asook hoe hulle metode in die lig van tradisionele eksegetiese benaderings gesien moet word.

1.3 DIE INTERPRETASIE-METODE: ‘N HISTORIES-KRITIESE EN ‘N SOSIAAL-WETENSKAPLIKE BENADERING

Soos reeds opgemerk is, kan Openbaring op verskeie maniere geïnterpreteer word. Volgens Duling en Perrin (1994:447) is daar egter algemene konsensus onder eksegete dat historiese en literêre benaderings die beste moontlikhede bied om Openbaring suksesvol te interpreteer. Vir

jare is die eksegetiese toneel oorheers deur die histories-kritiese metode. Volgens Murphy (1994:205) word literêre-kritiek al hoe belangriker in die eksegeese van Openbaring. Resseguie se boek wat in 1998 verskyn het, *Revelation unsealed: A Narrative Critical Approach to John's Apocalypse* is 'n baie goeie voorbeeld van 'n alternatief vir die tradisionele histories-kritiese metode. Die doel van 'n narratiewe analise van Openbaring, word soos volg deur Resseguie (1998:1) verwoord: "The purpose is to enter John's narrative world, to see what he sees, and to stand where he stands." Dit is presies wat Malina & Pilch ook wil doen. Hulle wil Johannes se leefwêreld betree en die hemel sien wat hy gesien het. Hulle wil dit egter nie uit 'n narratiewe oogpunt doen nie, maar uit 'n sosiaal-wetenskaplike oogpunt. Malina & Pilch (2000:22) stel dit duidelik wat hulle met hulle kommentaar beoog:

"In its entirety, this book is an attempt to provide the reader with fresh insight into the social system and astronomical lore shared by the author of the Book of Revelation and his original, first-century Mediterranean audience. Hence its purpose is to facilitate a reading that is consonant with the initial cultural contexts of the writing."

1.4 WERKSWYSE GEVOLG IN STUDIE

In hierdie studie word daar van die groter geheel na die kleiner samestellende dele beweeg. Daar word begin met die Apokaliptiek, dan word beweeg na die boek Openbaring. Daarna word gefokus op Malina & Pilch se hantering van Openbaring. Om dit te kan doen word eerstens die sosiaal-wetenskaplike metode bespreek. Tweedens word Malina & Pilch se benadering in hulle kommentaar bespreek. Derdens word 'n spesifieke teks (Openbaring 12) as 'n gevallestudie hanteer en vergelyk met meer tradisionele interpretasies. Die werk word afgesluit met 'n samevatting en gevolgtrekking.

Die studie bestaan dus uit die volgende:

- Inleidende opmerkings oor die invloed wat Skrifbeskouing en die Verskil in tydsbegrip op die interpretasie en verstaan van tekste het.
- Basiese begrippe wat in verband staan met die apokaliptiek word gedefinieer. Kenmerke van apokaliptiese geskrifte, die oorsprong van apokaliptiek, die tyd van die apokaliptiek ens. word bespreek.

- Die boek Openbaring as apokalips, sowel as die teksmodus word ondersoek. Die outeurvraagstuk, datering, plek van ontstaan en sosiaal-historiese konteks waarin Openbaring ontstaan het word bespreek.
- Die sosiaal-wetenskaplike metode, spesifiek die vooronderstellings, werkswyse en kritiek teen die metode word bespreek.
- Malina & Pilch se eie werkswyse en vooronderstellings word in hoofstuk 5 bespreek.
- ‘n Gevallestudie wat fokus op Openbaring 12:1-18, vergelyk Malina se *On the Genre and Message of Revelation*, met Malina & Pilch se *Social-Science Commentary on Revelation* en Aune se *Revelation*. Ander interpretasies word ook na verwys.
- Malina & Pilch se kommentaar word beoordeel deur spesifiek te verwys na akademië se reaksie op die werk.

1.5 SKRIFBESKOUIING

‘n Mens se verstaan van die Skrif, die manier hoe jy die Bybel uitlê en interpreteer word radikaal beïnvloed deur jou Skrifbeskouing, soos Geysers (2005:6) tereg opmerk: “Wat die afgelope paar weke maar weer ‘n keer aan die groot klok gehang is oor hoe mense die Bybel verskillend verstaan, is natuurlik niks nuuts nie. Mense lees en verstaan die Skrif op verskillende maniere.” Breytenbach (1995:8) stel dit soos volg in ‘n artikel in *Die Hervormer*: “Binne die Nederduitsch Hervormde Kerk geld nie net ‘n enkele Skrifbeskouing nie. Daar is ‘n spektrum van beskouings oor die Skrif wat wissel vanaf naïef-biblisisties tot krities-reflektief.” Hierdie opmerking is egter nie beperk tot die lidmate van die Hervormde Kerk nie, maar kan op alle lesers van die Skrif van toepassing gemaak word. Vir die doel van my studie kan ons dit ook op die apokaliptiek en die boek Openbaring van toepassing maak, omdat die apokaliptiek as literatuursoort en literêre verskynsel deel vorm van die Skrif. Hoe ons die apokaliptiek verstaan sal dus in ‘n groot mate ook afhang van ons Skrifbeskouing. In sy kommentaar op Openbaring toon Gregg (1997:25) se interpretasie en hantering van die Skrif, die belangrikheid van ‘n persoon se Skrifbeskouing aan, asook die invloed wat dit op jou verstaan van ‘n teks het: “The first option (die onwaarheid van Christus se belofte dat Hy gou kom bv. in Openbaring 22:7 – CS) does not set well with evangelicals (like myself) who accept the inspiration of Scripture and the canonicity of the Apocalypse, since the inclusion of failed prophecies would render the author a failed prophet and his book a deception.” Dit is uit die bogenoemde aanhaling duidelik dat die *inspirasieteorie*

waarvoor ‘n persoon kies, medebepalend vir sy Skrifbeskouing is. Gregg maak geen geheim daarvan dat hy die Skrif uit ‘n bepaalde oogpunt benader nie.

Voorstanders van ‘n meganiese skrifinspirasie (die skrywers van die Bybel was slegs instrumente in God se hand – hulle het geen wil van hulle eie gehad nie) sal die Bybel anders lees en hanteer as iemand met ‘n organiese skrifinspirasie (die skrywers van die Bybel is elkeen as ‘n persoon geheilig tot sy taak – met die leiding van die Heilige Gees het hul steeds hul eie wil gehad) as uitgangspunt. Hoe ons apokaliptiese literatuur gaan lees en verstaan, gaan direk met ons verstaan van die Skrif verband hou. Indien ons nog ‘n stap verder sou gaan, moet ons byvoeg dat ‘n persoon se geloofsoriëntasie (is hy of sy ‘n Jood, Christen, Moslem ens.) sy verstaan van die Skrif en dan in die besonder die apokaliptiek en die boek Openbaring, radikaal gaan beïnvloed. Daar moet ook genoem word dat om gewoon akademies ‘n teks te ontleed (eksegese van ‘n bepaalde teks te doen), of om dit in ‘n geloofstradisie te laat spreek, dikwels verskillende resultate tot gevolg het.

1.6 VERSKIL IN “TYDSBEGRIP”

Vandag (in die jaar 2005) lewe ons teen tyd. Ons lewens word bepaal deur die horlosie, dagboeke en kalenders. Tyd is geld en uitsprake soos *koop die tyd uit* en *tyd is kosbaar* is aan die orde van die dag. Ons lewe nie net vir die hier en die nou nie, maar maak ook voorsiening vir die toekoms (spaar geld, belê in pensioenfondse ens.) Die verlede is nie vir ons so belangrik nie (in Suid-Afrika wil ons bitter graag vergeet van al die onregte van die verlede). Indien ons na ontwikkelde lande kyk, is dit duidelik dat eerste-wêreld lande vandag *toekomsgerig* lewe. Die vraag moet egter gevra word of antieke mense se belewenis en persepsie van tyd dieselfde as ons moderne mense sin was?

Van Aarde (1998:18) gee vir ons ‘n duidelike antwoord op die vraag: “The mythological (tydoriëntasie – CS) in the first-century Mediterranean world was oriented to the present, while our “Swiss” time in the modern Western world is futuristic.” In sy studie met die titel *Christ and Time: Swiss or Mediterranean* maak Malina (1996:179-216) ‘n groot bydra om die verskil in tydsbegrip tussen ‘n moderne en ‘n Nuwe-Testamentiese gemeenskap aan te dui. Dit is duidelik dat gemeenskappe in die geheel, asook groepe binne ‘n gemeenskap, sekere waardes, wat ook ‘n

tydoriëntasie insluit, deel. Malina wys daarop dat landelike (boerdery) gemeenskappe die hede as die belangrikste ag, met daarna klem op die verlede, terwyl die toekoms vir hulle die onbelangrikste is. Aangesien die Mediterreense van die eerste eeu na Christus as landelike of boerdery gemeenskappe getipeer kan word, is die primêre voorkeur in tydoriëntasie in daardie periode die hede, met die verlede tweede en die toekoms derde. Die Nuwe Testament is nie in die eerste plek toekoms gerig nie, maar die klem word op die hede geplaas. Dit wat in die hede gebeur kan ervaar word en is die belangrikste. Malina beskryf dit as “experienced time”. Dit wat in die verlede en toekoms gebeur kan nie deur ervaring begrond word nie en is die eksklusiewe domein van God. Malina noem dit “imaginary time”. Klem word dus gelê op sensoriese ervaring – sien, voel en hoor. Malina maak verder ‘n onderskeid tussen liniêre skeibare tydsbegrip van die moderne mens (monochroniese tyd – doen slegs een ding op ‘n slag) en sosiale tyd (polichroniese tyd – doen verskillende dinge gelyktydig) van die antieke gemeenskappe. Die sosiale tyd van die antieke gemeenskappe het twee dimensies, ‘n sikliese dimensie en ‘n proses dimensie. Sikliese tyd kan dien as sinoniem vir menslike ervarings wat gereeld en op dieselfde manier gebeur. Proses tyd kan dien as sinoniem vir menslike ervarings wat ongereeld of slegs eenmalig gebeur. Wat belangrik vir hierdie studie is, is dat gebeure in apokaliptiese geskrifte as proses tyd beskryf kan word.

Na aanleiding van sy navorsing kom Malina (1996:210) tot die volgende belangrike konklusies aangaande tydsbegrip:

1. In die Nuwe Testamentiese periode was daar geen spanning tussen die *nou* en die *nog nie*.
2. Eskatologie, apokaliptiek en die uitstel van die parousie moet opnuut deurdink word. Die Nuwe Testament skrywers was hede-georiënteerd, terwyl die toekoms deel van God se wêreld was. Ons lees van die teks is dikwels anachronisties (die plaas van ‘n gebeurtenis in ‘n tydperk of periode toe dit onmoontlik was) of etnosentries (die beoordeling van ander groepe of kulture uit jou groep of kultuur se oogpunt).
3. Die rol van ‘n profeet as ‘n persoon in ‘n hede-georiënteerde gemeenskap sal ook opnuut deurdink moet word.

Van Aarde (1998:18) gee 'n baie bruikbare verklaring oor hoe ons Malina se navorsing in die lig van die apokaliptiek moet verstaan: “The Greek word apokalypt applies to the revelation by a prophet, a seer of those things that belong to ‘imaginary time’ in terms of ‘experienced time’.” Eenvoudig gestel beteken dit dat 'n profeet of 'n siener dit wat in die verlede gebeur het, of dit wat in die toekoms gaan gebeur (God se tyd) in die ervaarbare hede bekend maak. In Hoofstuk 5 van die studie sal Malina & Pilch se hantering van verskil in tydsbegrip tussen moderne en antieke mense duidelik word.

HOOFSTUK 2

DIE APOKALIPTIEK

2.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die boek Openbaring as deel van die groter korpus apokaliptiese geskrifte te verstaan. ‘n Studie van Openbaring moet dus begin met ‘n studie van die apokaliptiek. In hierdie hoofstuk word die apokaliptiek en verwante begrippe volledig gedefinieer. Kenmerke van apokaliptiese geskrifte, die apokaliptiese siening van die geskiedenis, die oorsprong van die apokaliptiek en die tyd van die apokaliptiek word bespreek.

2.2 DIE BEGRIP APOKALIPTIEK

Apokaliptiek is afgelei van die Griekse woord *ἀποχάλυψις*, die eerste woord van die boek Openbaring (apokalupsis van apokaluptō:onthul). Louw en Nida (1989:339) verklaar in hul *Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains* *ἀποχαλύπτω; ἀποχάλυψις*, εως soos volg: “to cause something to be fully known – ‘to reveal, to disclose, to make fully known, revelation’.”

Apokaliptiek beteken dus onthulling, openbaring, of om iets wat verborge is bekend te maak. Openbaring 1:1 is daarom soos volg vertaal: “Wat hier volg is deur Jesus Christus **geopenbaar** (CS – my beklemtoning).” (1983-vertaling)

Malina & Pilch (2000:2-3) verwys in hulle kommentaar na die gebruik van die woord *ἀποχαλύπτω* in Openbaring se sosiale leefwêreld. In die sosiale konteks waarin die woord oorspronklik gebruik is (die laaste eeue voor Christus se geboorte), was dit gebruik vir interpersoonlike kommunikasie, om geheime van mense te openbaar. In hierdie selfde tyd het Babiloniese astronomiese/astrologiese kennis versprei deur die Mediterreense wêreld. *ἀποχαλύπτω* wat verwys het na die geheime van mense, is nou gebruik om ook te verwys na die geheime van gode. Hierdie geheime van die gode was toeganklik vir persone wat instaat was om die hemel te lees. Die lees van die hemel het dit moontlik gemaak om gebeure van die verlede te verklaar, of toekomstige gebeure te voorsien (imaginary time). Malina & Pilch som die gebruik van die woord in Openbaring 1:1 soos volg op: “Since apokalyptō was already the common word for revealing secrets, it is used at the opening of this book for revealing the celestial secrets learned by John the prophet and set down in this book.” Die gebruik van *ἀποχαλύπτω* deur Johannes aan die begin van Openbaring maak dit dus volgens Malina & Pilch duidelik dat hemelse geheime in hierdie boek geopenbaar word.

2.3 BEGRIPVERHELDERING: DEFINISIES VAN DIE BASIESE BEGRIPPE IN DIE APOKALIPTIEK

Dit is nodig om die volgende begrippe te definieer: apokaliptiek, apokaliptisisme, apokalips en apokaliptiese eskatologie. Dit is duidelik dat hierdie begrippe nie eenduidig deur akademiëci gebruik word nie. Schüssler Fiorenza (1985:1) beskryf hierdie situasie soos volg: “The definition of apocalypticism and of the apocalyptic genre is a thorny problem.” Vir duidelikheid en volledigheid word bronne woordeliks aangehaal.

2.3.1 APOKALIPTIEK (APOCALYPTIC)

Uit die definisies wat volg sal die betekenis van die begrip apokaliptiek duidelik word. Die term word in ‘n enger en wyer sin deur akademiëci gebruik.

Die eerste definisies fokus op apokaliptiek as ‘n spesifieke denkinhoud. Hierdie denke kom in apokalipse (apokaliptiese literatuur) voor. Funk (1998:547) en die Jesus Seminar beskryf apokaliptiek soos volg: “a type of religious thinking characterized by the notion that through an act of divine intervention, the present evil world is about to be destroyed and replaced with a new and better world in which God’s justice prevails.” Hierdie definisie beklemtoon dat apokaliptiek ‘n godsdienstige denkmethode is wat gekenmerk word deur ‘n dualistiese karakter.

Du Rand (1990:219) lê op sy beurt weer klem op die feit dat apokaliptiek as denkmethode in tye van krisis ontstaan: “Apokaliptiek omskryf die ideologie of denkinhoud of krisisverskynsel wat tot stand kom wanneer die bestaan van ‘n groep mense in die samelewing sodanig bedreig word dat dit vir hulle sinloos word en vervang word met ‘n ideologiese betekenisstelsel.”

Gregg (1997:10) wat, soos reeds aangedui, fundamentalisties met die Bybel omgaan, maak van Nelson’s New Illustrated Bible Dictionary gebruik om apokaliptiek te definieer: “Apocalyptic literature is a special kind of writing that arose among Jews and Christians to **reveal certain mysteries about heaven and earth** (CS – my beklemtoning), humankind and God, angels and demons, the life of the world today, and the world to come.” Die klem val hier op die misterieuse en openbarende karakter van die apokaliptiese literatuur. Let ook daarop dat die geheime van die

hemel geopenbaar word, alhoewel Gregg nie dieselfde verstaan oor die lees van die hemel het as Malina & Pilch nie.

In die *Bybel in Praktyk* (1993:Bylaes) vind ons nie werklik 'n definisie van apokaliptiek nie. Dit is meer 'n breë omskrywing van die kenmerke van apokaliptiek. Omdat die *Bybel in Praktyk* deur 'n groot hoeveelheid mense as naslaanbron gebruik word, word die omskrywing ook genoem:

“Die term ‘apokaliptiek’ verwys na ‘n literatuursoort met die volgende kenmerke: dis omvangryke visioenêre openbaringe oor God se doel in die geskiedenis en die gang van wêreldgebeurtenisse vanaf die begintyd tot op die eindtyd; dit speel af in ‘n **boardse (kosmiese) ruimte** (CS – my beklemtoning); ‘n hemelse wese is die tussenganger om die visioene te verklaar; dis gewoonlik uitdrukking van ‘n minderheid wat nie hulle heil in die bestaande orde sien nie en uitsien na ‘n Goddelike ingryping; in die beskrywings speel allerlei simboliese beelde en tekens ‘n rol; die lot van regverdiges en goddeloses word finaal bepaal; die eindgebeure is ‘n botsing tussen Goddelike magte en die bese magte; die oorwinning oor die bese lui ‘n nuwe (messiaanse) tydperk in.”

Ook hier word daar verwys na die *boardse (kosmiese)* ruimte waarin die apokaliptiek afspeel.

Die begrip apokaliptiek word egter ook in 'n wyer, meer omvattende sin verstaan. Gottwald (1985:582-583) verstaan byvoorbeeld onder apokaliptiek drie studieveldde: “ ‘apocalyptic’ may refer to apocalyptic literature, apocalyptic thought, or apocalyptic movement.” In sy kommentaar op *Openbaring* stel Prévost (1993:44) dit soos volg: “apocalyptic can denote the science which studies the apocalypses, i.e. all research into the first three elements of the definition: the literary corpus, the theological and spiritual movement and finally the literary genre of the apocalypses.”

Duling en Perrin (1994:woordelys) sluit by die bogenoemde twee definisies aan. Volgens hulle is apokaliptiek: “an adjective derived from ‘apocalypse’, but also used as an umbrella noun to

encompass three overlapping phenomena: apocalypses; apocalyptic eschatology; apocalypticism.”

In aansluiting by bogenoemde definisie, word apokaliptisisme, apokaliptiese eskatologie en apokalips verder bespreek.

2.3.2 APOKALIPTISISME (APOCALYPTICISM)

Du Rand (1990:220) vat die begrip kort en bondig saam deur dit te beskryf as: “die historiese beweging of sisteem waarbinne die apokaliptiek as denkinhoud beoefen word.” By Duling en Perin (1994:woordelys-vgl. p.85) vind ons dieselfde gedagtegang as by Du Rand en word apokaliptisisme ook as ‘n beweging, in hierdie geval as ‘n sosiale beweging beskryf: “Apocalypticism describes a **social movement** (CS – my beklemtoning), especially in Judaism and Christianity, that is typified by apocalyptic thought.”

Daar is egter ook meer uitgebreide en omvattende definisies van die begrip, alhoewel die klem steeds val op die feit dat apokaliptisisme ‘n denkrigting verteenwoordig waarbinne apokaliptiese denke die bepalende is. Funk (1998:547) beklemtoon dat apokaliptisisme geskiedenis op ‘n besondere manier interpreteer: “apocalypticism is the view that history will come to an end following a cosmic catastrophe and a new age will begin. Such views are frequently expressed in an ‘apocalypse’: a revelation through a **heavenly vision** (CS – my beklemtoning) of events to come.” Let op die klem wat gelê word op die feit dat openbaring plaas vind deur ‘n hemelse visioen. Hanson (1976:28) beskryf die berip breedvoerig en omvattend. Hy stel dat apokaliptisisme ‘n nuwe simboliese universum (‘n nuwe manier van dink oor jou probleme en jou wêreld) by die apokaliptiese gemeenskap skep. Volgens hom is apokaliptisisme:

“a system of thought produced by visionary movements; builds upon a specific eschatological perspective in generating a symbolic universe opposed to that of the dominant society. This symbolic universe serves to establish the identity of a visionary community in relation to rival groups and to the deity, and to resolve contradictions between religious hopes and the experience of alienation by according ultimate meaning solely to the **cosmic realm** (CS – my beklemtoning), from which imminent deliverance is awaited.”

Let daarop dat betekenis en uitkoms vanuit die kosmiese terrein verwag word.

2.3.3 APOKALIPTIESE ESKATOLOGIE (APOCALYPTIC ESCHATOLOGY)

Die volgende opmerking van Hanson (1976:29) kan as beginpunt geneem word: “Apocalyptic eschatology, then, is neither a genre, nor a socioreligious movement, nor a system of thought, but rather a **religious perspective** (CS – my beklemtoning), a way of viewing divine plans in relation to mundane realities.” Van Aarde (1998:18) stel dat apokaliptisisme dikwels in relasie met eskatologie, die eindtyd, gesien word. Hy stel dat akademici ook ‘n onderskeid maak tussen apokaliptiese eskatologie en profetiese eskatologie. Dit is ten spyte van die feit dat die Griekse woord *eschatos* slegs twee moontlike betekenis in die Nuwe Testament het: om laaste of die onbelangrikste te wees. Sy konklusie is dat teoloë ‘n *theologoumenon* van ‘n woord gemaak het. Hy skryf apokaliptiese eskatologie toe aan ‘n sektariese mentaliteit. Hiermee word bedoel dat in ‘n tyd van krisis, ‘n minderheidsgroep gemarginaliseer raak. Hulle is slegs bewus van twee kante van ‘n saak (dualisme): die regte en verkeerde, die heilige en die sataniese, ‘n wêreld hier en nou en ‘n wêreld wat nog moet kom.

Dit is belangrik om hier te let op die verskil tussen apokaliptiese eskatologie en profetiese eskatologie. Eersgenoemde verwag verlossing van buite die geskiedenis en laasgenoemde nog in die geskiedenis. Du Rand (1990:225) wys daarop dat Von Rad ook onderskei het tussen apokaliptiek en profesie. Volgens hom stel apokaliptici in die eindgebeure belang en profete in die historiese gang van gebeure. Duling en Perrin (1994:85) definieer nie net die begrip nie, maar dui ook belangrike karaktertrekke aan. Volgens hulle definisie is apokaliptiese eskatologie:

“revealed teaching about the end of the world (Greek *eschaton*, ‘end’). Its most important characteristics are: a sense of alienation and of despair about history that fosters a belief that the world is rushing to a foreordained tragic climax; a hope that God will act in the climactic moment to change things; and a conviction that it will be possible to recognize the signs of the end.”

Uit bogenoemde definisies word daar ‘n duidelike verband tussen apokaliptiek en dit eindtye getrek (sien Hoofstuk 2.4.2).

2.3.4 APOKALIPS (APOCALYPSE)

As ons na die definisies van Hanson (1976:29) en Du Rand (1990:220) kyk, sien ons dat apokalips dui op die *genre of literatuursoort* wat apokaliptiese skrywers gebruik om hul boodskappe mee te kommunikeer. Du Rand gaan verder en onderskei tegnies tussen suiwer apokalipse (byvoorbeeld die Apokalips van die weke en die Apokalips van die diere in Henog) en apokaliptiese geskrifte in wyer sin (byvoorbeeld Daniël, 4 Esra, 2 en 3 Barug en Openbaring) omdat hulle net uit ‘n apokalipties eskatologiese perspektief geskryf is. Hy wys ook daarop dat nie alle apokaliptiese geskrifte (in die wye sin) ook tegnies apokalipse is nie. Hy definieer ‘n suiwer apokalips aan die hand van die *Society of Biblical Literature* (SBL-groep) se definisie van ‘n apokalips. Die SBL-groep het omvattende navorsing gedoen van die genre van die apokalips. In Semeia 36 word breedvoerig oor *Early Christian Apocalypticism: Genre and Social Setting* gehandel. Die definisie wat deur die SBL-groep voorgestaan word, is deur Collins (1979:9) soos volg geformuleer:

“ ‘Apocalypse’ is a genre of revelatory literature with a narrative framework in which a revelation is mediated by an otherworldly being to a human recipient, disclosing a transcendent reality which is both temporal, insofar as it envisages eschatological salvation, and spatial insofar as it involves another, supernatural world.”

In hierdie definisie word die klem op die inhoud en vorm van die genre gelê.

Hellholm (1986:13-64) en Aune (1986:65-96) stel egter dat die definisie van ‘n genre nie net die vorm en inhoud van ‘n genre moet omskryf nie, maar dat daar ook aan die funksie aandag gegee moet word. In die lig van voorstelle deur Hellholm en Aune, voeg Yarbrow Collins (1986:7) die volgende by die bogenoemde definisie: “intended to interpret present, earthly circumstances in light of the super-natural world and of the future, and to influence both the understanding and the behavior of the audience by means of divine authority.” Hartin (1997:992) stel dat die essensiële van die definisie is dat openbaring (revelation) die onderskeibare kenmerk van hierdie tipe geskrifte is.

Ons kan hierdie definisie van die SBL-groep saam met Du Rand (1990:221) nou soos volg formuleer:

“Apokalips is ‘n teks met ‘n verhaal wat ‘n boodskap van God d.m.v ‘n boodskapper uit ‘n ander wêreld aan ‘n beroemde figuur bevat en wat nou in ‘n situasie van krisis en snelle verandering bekend gemaak word. Die boodskap word in die vorm van visioene met ryk en swaar simboliek geopenbaar. Die boodskap handel oor ‘n **wêreld anderkant die bestaande werklikheid** (CS – my beklemtoning) wat deur God geskep en instand gehou word en / of oor die einde van die tyd wanneer God die huidige chaotiese toestand gaan beëindig. Die funksie van ‘n apokalips is om die situasie van die lesers in die lig van die **bo-natuurlike wêreld** (CS – my beklemtoning) en die toekoms te interpreteer en die insig en optrede van die lesers deur Goddelike gesag te bepaal. Daarmee word die tradisionele boodskap in die apokalips ‘n aktuele karakter gegee.”

Volgens Malina & Pilch is die *wêreld anderkant die bestaande werklikheid* en die *bo-natuurlike wêreld* in die konteks van Openbaring die *hemelruim (sky)* van die eerste eeu nC. Malina & Pilch verskil van bogenoemde definisie deurdat hulle dit duidelik stel dat Openbaring as apokalips nie met die toekoms gemoeid is nie. Openbaring fokus op die hede, die verlede en dit wat onmiddelik voorhande is.

Alhoewel die bogenoemde definisie alles omvat wat belangrik is, word die volgende definisies ter wille van volledigheid genoem. Klem word weereens geplaas op die openbaringskarakter van die apokalipse. Gottwald (1985:584) stel dat: “the apocalyptic genre is a type of revelatory literature with a narrative framework in which a revelation about end-time judgment and salvation and / or about the **heavenly realms** (CS – my beklemtoning) is given to a human being by an otherworldly messenger.” Duling en Perrin (1994:85) sluit direk hierby aan: “The name apocalypse refers to books or parts of books that record visual and auditory revelations. They are said to come from an otherworldly medium such as God or an angel, sometimes in the form of dreams about the **heavenly world** (CS – my beklemtoning). They are given to a human seer who sees in an ecstatic state (‘in the spirit’).” Die hemelse word dus in apokalipse geopenbaar.

2.4 KENMERKE VAN APOKALIPTIESE GESKRIFTE

Rist (1962:157-161) stel dat die basiese patroon van apokaliptisisme uit twee komponente bestaan: dualisme en eskatologie. Naas hierdie twee komponente onderskei hy verskeie

sekondêre kenmerke wat in verskeie apokalipse voorkom, maar nie in almal nie. Alhoewel Rist se standpunt op die oog af geldig voorkom, wil ek by Du Rand (1990:221-224) aansluit en eerder praat van die *tipiese van apokalipse in die algemeen*, as van algemeen geldende kenmerke.

Morris (1972:24) som die probleem soos volg op: “The boundaries of apocalyptic are not well defined and those who know most about it are least apt to be dogmatic. But there are certain broad characteristics of the literature which goes by this name.” Omdat daar nie eenstemmigheid onder akademici is oor presies wat kenmerkend van apokaliptiese geskrifte is nie, gaan ek van die tipiese trekke van die geskrifte probeer aantoon. Sommiges sal van hierdie kenmerke debatteer, terwyl sommige weer ander kenmerke sal byvoeg. Dit is opvallend dat baie van die kenmerke reeds in die bogenoemde definisies aangetoon is.

2.4.1 DUALISME

Hierdie wêreld gaan verby en ‘n ander, beter wêreld sal kom. Die heil breek volgens die apokalipse buite die geskiedenis van die mense, in die toekomstige wêreld aan. So ‘n siening dra ‘n dualistiese beeld deur alles. Rist beskryf dit as ‘n kosmiese dualisme – die hele kosmos, die aarde, die onderwêreld en die hemel, saam met al hul inwoners, is betrokke by die stryd tussen die goeie en bese magte. Die hemel en die aarde staan in ‘n perfekte dualistiese verhouding teenoor mekaar.

2.4.2 ESKATOLOGIE

In die apokalipse word daar op die eindtyd klem gelê. Die siener leef in die eindtyd self, of kort voor die finale einde. Die eindtyd word skrikaanjaend voorgestel, ‘n tyd van verdrukking wanneer die bese magte hulle probeer wreek op die gelowiges totdat God finaal ingryp. Hierdie denke hang saam met die dualisme – die bese (Satan) is in beheer van die huidige wêreld. God moet Satan oorwin, sodat ‘n nuwe tydperk onder God se heerskappy kan begin.

2.4.3 NARRATIEF

Die teksmodus van apokaliptiese geskrifte is die verhaalvorm of narratief. In hierdie verhale word 'n openbaring wat 'n siener van 'n hemelse figuur in 'n sekere situasie ontvang, bekend gemaak. Apokalipse moet dus as 'n narratief gelees en verstaan word.

2.4.4 VISIOENÊRE ONTHULLINGS

Engele en bo-natuurlike wesens tree as bemiddelaars van die openbaring wat bekend gemaak moet word op. Die visioene is so ingewikkeld dat dit eers deur 'n hemelse tussenganger verklaar moet word.

2.4.5 PSEUDONIMITEIT

Name van gesaghebbende Bybelse figure soos Adam, Henog, Moses, Noag, en Abraham word gebruik om die indruk te wek dat hulle apokaliptiese werke geskryf het gedurende hulle eie leeftyd. Joodse en Christelike apokalipse was as 'n reël pseudoniem, onder andere om lesers te oortuig dat die eksterne verloop van die geskiedenis deur God bepaal word en dat die ou profete korrek was met hul voorspellings oor die vinnig naderende einde in die tyd van die siener. Dit moes ook aan die geskrifte geloofwaardigheid en gesag gee. Openbaring verskil van tradisionele apokalipse in die sin dat Johannes sy identiteit bekend maak en nie geheim hou nie.

2.4.6 GEHEIME WORD ONTHUL

In die apokaliptiese geskrifte word geheime onthul wat tot in daardie stadium nog aan niemand bekend was nie. Apokaliptiese geskrifte is dus openbarings-literatuur. Die geheime handel oor die wêreldgeskiedenis, die hemel, hel en eindgebeure. Openbaring verskil van tradisionele apokaliptiese geskrifte. In die boek moet die geheim juis bekend gemaak word en nie geheim gehou word van die lesers nie. Soms word die geskrif op 'n geheime plek bewaar tot die tyd vir die onthulling daarvan aanbreek. Volgens Malina & Pilch word die geheime wat in Openbaring onthul word deur die lees van die *hemel* (sky) van die eerste eeu nC onthul.

2.4.7 PESSIMISTIESE SIENING

In apokalipse bepaal God se toekoms die hede. Daarom word die hede pessimisties bejeën: dit is sleg en sonder hoop omdat dit oorgewer is aan die bose magte. In die huidige wêreld sal dit nie

beter gaan nie. Volgens Malina & Pilch is dit egter die verlede wat sin aan die hede gee (sien Hoofstuk 1.6 en Hoofstuk 5).

2.4.8 DETERMINISTIESE SIENING

Die individu glo volgens die apokalipse dat die bestel waarvan hy deel is, 'n gedetermineerde historiese gang het waaraan hy niks kan verander nie. Hy het dus geen rol te speel in die gang van gebeure nie, alles is vooraf bepaal of beskik.

2.4.9 HOOP

Teenoor pessimisme en determinisme staan hoop. Hierdie hoop is nie gerig op hierdie wêreld nie. Die huidige dispensasie wat boos en sleg is, sal deur God se ingrype getransendeer word tot iets beters, iets volmaak. Daar sal 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wees waar God self sal regeer. 'n Nuwe hemel simboliseer 'n nuwe begin en 'n nuwe lewe.

2.4.10 TRANSENDING VAN HIERDIE WÊRELD

Die oplossing van krisis en probleme is nie in hierdie wêreld te vind nie. Die huidige bose wêreld moet volgens die meeste apokalipse getransendeer word. Die toekomstige heil in die getransendeerde lewe is veel groter as die lyding van die hede.

2.4.11 ELEMENT VAN OORDEEL

Apokalipse kom met gesag omdat dit 'n Goddelike oorsprong het. Onontwykbaar is ook die oordeel en afrekening vir die goddeloses.

2.4.12 VOORSPELDE RAMPE

Voorspelling van rampe en ellende wat die einde van die wêreld voorafgaan is aan die orde van die dag. Dit kan as die *tekens van die tye* beskryf word.

2.4.13 ENGELE EN DEMONE

In die kosmiese drama vind ons aartsengele en ander goeie engele aan God se kant, en gevallende engele en bose geeste aan die ander kant. Omdat God transcendent voorgestel word is engele en ander hemelse figure noodsaaklik, terwyl bose geeste ens. as God se teenstanders figureer.

2.4.14 MESSIAS

In Christelike apokalipse is 'n messias, Jesus Christus, 'n primêre kenmerk. Joodse apokalipse het soms 'n messias en ander kere nie. Die messias het ook soms 'n bose teenstander, naamlik die Antichris of anti-messias. Dit wil egter voorkom asof 'n messias 'n latere toevoeging in apokaliptiese tekste is. Ook die messiaanse interim periode is 'n latere byvoeging by die apokaliptiese tradisie, 'n samevoeging van die apokaliptiese hoop en die messianisme.

2.4.15 SIMBOLIEK

Die volgende opmerking van Morris (1972:37) dui op die belangrikheid wat simboliek in apokaliptiese geskrifte speel: "This type of literature abounds in beasts and seals, in rivers and mountains and stars, in personages celestial and infernal." Deur simboliese taalgebruik en beelde uit hulle tyd het die sieners openbaringswaarhede gekommunikeer. Deur mitologiese en simboliese taal en beelde sê die skrywer iets oor sy eie tyd, maar ook veel meer. Die skrywers het van simboliek wat aan hulself en hul lesers bekend was gebruik gemaak om hulself te beskerm teen vervolging. Daar word veral van diere en soms ook voëls in die simboliek gebruik gemaak. Ook aan kleure word 'n simboliese betekenis geheg. Malina & Pilch voer egter aan dat indien daar van sterre en ander hemelliggame in Openbaring gepraat word, daar na werklike sterre en konstellasies verwys word (sien Hoofstuk 5).

2.4.16 GETALLE

Vir antieke beskawings het getalle 'n mistiese betekenis gehad. Getalle is gebruik om die verloop van die geskiedenis van die wêreld in afsonderlike eras aan te dui. Die letters in die Hebreeuse en Griekse alfabet het elkeen 'n afsonderlike numeriese waarde gehad. Dit is belangrik om daarop te let dat getalle dikwels simbolies deur apokaliptici aangewend is. In lyn met hulle fokus op die sterrekunde, stel Malina & Pilch (2000:13-19) dit duidelik dat in antieke tye getalle 'n kenmerk van sterrekunde (astronomy) was: "The study of astronomy was called 'mathematics', and astronomers/astrologers were often called 'mathematicians'." Selfs met 'n

vinnige deurlees van Openbaring is dit opvallend hoeveel getalle in die boek voorkom. Volgens Malina & Pilch: “It seems that all the numbers in this document have their roots in cosmological considerations.” Getalle in Openbaring staan vir kwaliteite, nie net kwantiteite nie. Die kenmerke van getalle is bepaal in terme van konkrete ervaring. Hierdie konkrete ervaring was geleë in hemelse verskynsels soos planete, die tekens van die diereriem (zodiac) en hulle onderskeie vorms, bewegings en getalle.

Die volgende tabel toon getalle wat dikwels in apokaliptiese gebruik word:

Getal	Tradisionele betekenis	Malina & Pilch se betekenis
Een - eerste	Eksklusiwiteit, voorrang	
Half – drie en ‘n half	Bepaalde tyd	
Drie		Vier is ‘n derde van twaalf, en die hele kosmos kan in drie gedeeltes word: die hemel van vaste sterre, die hemel van die planete, die vaste aarde.
Vier	Universaliteit, die wêreld	Vier uithoeke van die aarde, die rigting in die hemel van waaruit die vier groot aard-

		winde kom
Ses	Onvolmaaktheid	
Sewe	Volheid, totaliteit, volmaaktheid	Perfekte getal – oorsprong in die planete
Twaalf	Word met hemelliggame verbind, dui op volmaaktheid, twaalf stamme, twaalf apostels	Getal van die diereriem
Duisend	‘n Groot getal, ‘n menigte	

Bogenoemde is slegs moontlike (of die mees algemene) betekenisse vir die onderskeie getalle, aangesien elke getal se betekenis deur sy onmiddellike konteks bepaal word.

In die boek Openbaring kom veral drie getalle voor wat groot omstredenheid veroorsaak:

- die 144 000 wat die seël van God op hulle voorkoppe het;
- 666 – die getal van die dier, en
- die 1000 jaar wat die Satan vasgebind gaan word.

Deur die eeue is daar verskeie betekenisse aan die getalle geheg. Daar bestaan egter nie eenstemmigheid oor wat presies hierdie getalle simboliseer en beteken nie.

2.5 APOKALIPTIESE SIENING VAN GESKIEDENIS – APOKALOPTIEK EN DIE PROFETE

Vroeër is reeds aangetoon dat die apokaliptiek ‘n pessimistiese en deterministiese siening van die geskiedenis het. Dit is egter ook belangrik om aan te toon dat apokaliptici se siening van die geskiedenis radikaal van die profete verskil het. Dit is kenmerkend dat in baie apokalipse gebeure wat in die verlede plaasgevind het, oorgeskryf word in die vorm van ‘n profesie. Gebeure wat reeds plaasgevind het word beskryf asof dit nog moet gebeur. Die boek Daniël is ‘n goeie voorbeeld hiervan. Apokaliptici weet dat God in die geskiedenis opgetree het. Anders as die profete lê hulle hoop nie daarin dat God weer in die geskiedenis gaan optree en in hierdie huidige wêreld uitkoms en redding gaan gee nie. God se handeling in die geskiedenis gee hulle eerder die sekerheid dat God ‘n *einde* aan hierdie wêreld en geskiedenis gaan maak. God gaan ‘n

nuwe wêreld en ‘n nuwe geskiedenis tot stand bring. Dit is verder belangrik om daarop te let dat vir apokaliptici openbaring nie werklik in die geskiedenis plaasvind nie. Morris (1972:65) stel dit soos volg: “God, for them, reveals Himself in apocalyptic literature rather than history.” Hier verskil die apokaliptici hemelsbreed van die profete, wat hulle openbaring in die geskiedenis direk van God gekry het. Die profete verwag ook dat God in die geskiedenis en in die huidige wêreld gaan optree. God gaan die huidige wêreld betree en in elke dag se omstandighede uitkoms bring. Hiermee verskil die apokaliptici ook, omdat hulle hoop nie op die hede gerig is nie, maar op die toekoms – op ‘n nuwe hemel en aarde. Vir die apokaliptiek is hierdie wêreld nie die belangrikste nie, maar lê hulle belang by God se wêreld wat nog moet kom, by die hiernamaals. Malina & Pilch verskil soos reeds aangedui van hierdie tradisionele siening. Volgens hulle is Openbaring ‘n profetiese werk wat juis op die hede gerig is. Dit is egter nie ‘n profetiese werk in die tradisionele sin nie, maar astrale profesie (sien Hoofstuk 5).

Vorster (1997:414) wys daarop dat waar die profete se prediking klem op bekering geplaas het, het die apokaliptici klem daarop gelê dat die gelowiges moet volhard totdat God ingryp in hierdie wêreld.

2.6 DIE OORSPRONG VAN DIE APOKALIPTIEK

Daar is verskeie teorieë en standpunte oor die oorsprong van die apokaliptiek. Hanson (1976:32) soek apokaliptisisme se oorsprong by die antieke mites: “its roots must be traced to the great cosmogonic myths of the second millenium B.C.” Naas hierdie antieke mites het profetiese eskatologie ook ‘n groot invloed op die ontstaan van apokaliptisisme gehad. Krisis en nasionale disintegrasie het daartoe aanleiding gegee dat profetiese eskatologie in apokaliptiese eskatologie verander het. Hieruit het die eerste apokaliptiese bewegings ontstaan (voorbeeld hiervan is Esegïël en Deutro-Jesaja). Na Esra het die invloed van apokaliptiese bewegings afgeneem. In die tweede eeu vC veroorsaak Hellenisme en die optrede van Antiochus Epifanus egter ‘n hernieude belangstelling in die apokaliptiek. Dit is veral in die geleedere van die Hassidim waar die apokaliptiek weer sterk navore kom. Die Hassidim of ‘vromes’ se belangrikste kenmerk was hulle streng onderhouding van die wet. Van Aarde (1994:81) stel dat die Hassidim in twee

opsigte baie belangrik vir die Joodse godsdiens is: “**Die skrywer van die eerste werklike apokalips, Daniël, kom waarskynlik uit hierdie kringe** (CS – my beklemtoning); Dit is die gemeenskaplike wortel van die twee godsdienstige groepe van die na-Bybelse Judaïsme, naamlik die Esseners en die Fariseërs.” In die eerste eeu nC was dit veral die Esseners, die Fariseërs en ander sektariese groepe wat die apokaliptiek bevorder het. Later het die Jode en die Christene onder die vervolging van die Romeine ook aan die apokaliptiek vasgehou. Morris (1972:25-33) wys daarop dat wat wel seker is, is: “apocalyptic is a stubbornly Jewish and Christian development.” Hy sê dit nadat hy aangetoon het dat sommige akademiërs apokaliptiek sien as ‘n ontwikkeling van profesie, ander as ‘n ontwikkeling uit Hellenistiese sinkretisme, en ander as ‘n ontwikkeling uit die Iranese godsdiens. Volgens sommige akademiërs speel **astrologiese invloede** ook ‘n beduidende rol in apokaliptiese denke. Die oorsprong van apokaliptisisme word soos volg deur Rist (1962:157) opgesom: “A type of religious thought which apparently originated in Zoroastrianism, the ancient Persian religion, taken over by Judaism in the exilic and post-exilic periods, and mediated by Judaism to early Christianity.” Rist en Hanson se verstaan van die oorsprong van apokaliptiek dui daarop dat apokaliptiek ‘n lang wordingsgeskiedenis het en deur verskeie bewegings en faktore beïnvloed is. Wat wel seker is en waarmee tradisionele studente van die apokaliptiek saamstem, is dat apokaliptiek in tye van krisis gebloei het. Hierdie siening word egter deur Malina & Pilch bevraagteken (sien Hoofstuk 5).

2.7 TYD VAN DIE APOKALIPTIEK

Apokaliptiek as literêre genre was wyd bekend in die Grieks-Romeinse tydperk, vanaf ongeveer die begin van die tweede eeu vC tot die begin van die tweede eeu nC. In hierdie ongeveer 400 jaar het die apokaliptiek gedy. Volgens Van Aarde (1994:78) kan apokaliptiese geskrifte in twee groepe verdeel word. Die eerste groep het ontstaan voor die val van Jerusalem in 70 nC en die tweede groep daarna. Om die apokaliptiek in sy makro-konteks te verstaan, is dit noodsaaklik om te let op die belangrikste gebeure, datums en figure uit hierdie tydperk. In die onderstaande tabel word die klem geplaas op gebeure in Palestina wat ‘n direkte invloed op die Joodse volk gehad het.

vC	336 - 323	Verowerings van Alexander die Grote
	323 - 198	Ptolemeërs regeer oor Palestina
	198	Seleukiede verslaan die Ptolemeërs by Paneas
	175 - 164	Antiochus Epifanus regeer
	25 Des 168	Ontwyding van die tempel deur Antiochus Epifanus
	167 - 165	Makkabeëropstand vind plaas
	25 Des 165	Herinwyding van die tempel deur die Jode
	142 - 36	Hasmoniese konigshuis regeer in Palestina
	63	Rome verower Sirië – insluitende Palestina
	37 - 4	Herodes die Grote
	27	Romeinse ryk onder keiser Augustus gevestig
	6 – 4	Jesus Christus gebore
nC	30	Jesus gekruisig

49	Apostelkonvent in Jerusalem
54 – 68	Keiser Nero – vervolg Christene
64	Brand in Rome – vervolging
66 – 70	Joods-Romeinse oorloë
70	Jerusalem verower en tempel verwoes deur keiser Titus
81 – 96	Keiser Domitianus Waarskynlike datering van Openbaring
90	Jode herorganiseer by Jamnia
132 – 135	Bar Kochba opstand in Palestina teen Rome
200	Kanon van Nuwe Testament in wording

2.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die wêreld van apokaliptiek, apokalipse, apokaliptisisme en apokaliptiese eskatologie ontdek. Die begrippe is gedefinieer, en die apokaliptiek is uit die verskeie oogpunte bespreek om die begrippe verstaanbaar te maak. Dit is duidelik dat apokaliptiek na 'n bepaalde denkinhoud verwys. Apokaliptisisme verwys na die sisteem waarbinne apokaliptiese denke beoefen word. Apokalips is die genre of literatuursoort wat apokaliptiese skrywers gebruik om hulle boodskappe mee te kommunikeer. Apokaliptiese geskrifte het sekere tipiese kenmerke, alhoewel dit nie noodwendig algemeen geldend is nie. Apokaliptiek het 'n lang wordingsgeskiedenis, maar het vanaf 200 vC tot 200 nC 'n bloeitydperk beleef.

HOOFSTUK 3

DIE BOEK OPENBARING

3.1 INLEIDING

Die bekendste apokalips in die Nuwe Testament word in hierdie hoofstuk bespreek. Daar word dus dieper in die wêreld van die apokaliptiek in beweeg deur te fokus op 'n spesifieke apokaliptiese geskrif. Hierdie hoofstuk kan as 'n histories-kritiese studie van die boek Openbaring beskryf word. Die doel is om die wordingsgeskiedenis van die boek te verstaan. Daar word gevra na die teksmodus, outeur, datering, plek van ontstaan, asook die sosiaal-historiese konteks van Openbaring.

3.2 OPENBARING AS APOKALIPS

Conzelmann en Lindemann (1976:30-37) stel dat die Nuwe Testament tradisioneel in die literatuursoorte evangelie, acta, brief en apokalips onderverdeel is. Die bepaalde literatuursoort het dan die eksegetiese metode en benadering gedikteer. Openbaring is, soos Duling en Perrin (1994:447) dit stel, as “the only full-blown apocalypse in the New Testament” gelees en geïnterpreteer. Die probleem met hierdie werkswyse is dat daar vir lank nie eenstemmigheid onder eksegete bestaan het oor wat presies met apokalips bedoel word nie. Soos in hoofstuk 2 (sien Hoofstuk 2.3.4) aangedui is, word die uitgebreide definisie van die SBL-groep, deur die meeste eksegete en navorsers oor apokaliptisisme en Openbaring as die invloedrykste en belangrikste definisie van ‘n apokalips beskou. Alhoewel Du Rand (1990:221) stel dat Openbaring nie in tegniese sin as ‘n suiwer apokalips, maar eerder as ‘n apokaliptiese geskrif in ‘n wyer sin getipeer moet word, voldoen Openbaring volgens Yarbrow Collins (1979:70-72) aan die vereistes van die SBL-groep se bogenoemde definisie om as ‘n vroeë Christelike apokalips getipeer te word. Aune (1997:lxxxii) bevestig Openbaring se status as apokalips: “The majority of scholars maintain that Revelation belongs to the literary genre apocalypse.” Dit is belangrik om daarop te let dat Malina van hierdie tradisionele siening afwyk en Openbaring as sterrekundige literatuur eerder as ‘n apokalips tipeer (sien Hoofstuk 5).

3.3 OPENBARING SE TEKSMODUS

Wat Openbaring se teksmodus betref, is dit duidelik in 1:4-5 en 22:21, asook die sewe ‘briewe’ aan die sewe gemeentes in die provinsie Asië (2:1-3:22), dat Openbaring deur Johannes in ‘n briefraamwerk geplaas is. Hierdie briefraamwerk van die boek het daartoe aanleiding gegee dat die boek in geheel deur baie eksegete as ‘n brief getipeer en geïnterpreteer is. Schüssler Fiorenza (1976:744) stel dit egter duidelik hoe ons Openbaring se literêre samestelling moet verstaan: “In form Revelation is a literary creation in which a vision or myth has been set within an epistolary framework.” Ons moet, soos Aune (1997:lxxxii) tereg opmerk, ons nie deur Openbaring se briefraamwerk laat mislei nie: “While Revelation is certainly framed as a letter (1:4-6; 22:21), this is clearly an optional compositional feature that has not exerted any noticeable generic effects on the rest of the composition.”

Du Rand (1990:225) se beskrywing van Openbaring se teksmodus word dus aanvaar: “...wat teksmodus betref (is Openbaring – CS) ‘n apokaliptiese dramatiese narratief binne ‘n brief-raamwerk.” Hierdie kenmerk van Openbaring maak dit daarom moontlik om ‘n narratiewe analise van Openbaring te doen (sien Resseguie se werk – *Revelation Unsealed: A Narrative Critical Approach to John’s Apocalypse*).

3.4 OUTEUR

Pseudonimiteit is ‘n kenmerk van apokaliptiese geskrifte (sien Hoofstuk 2.4.5). Openbaring verbreek egter hierdie ongeskrewe reël. In Openbaring 1:1,2,4,9 en 22:8 identifiseer die outeur homself as Johannes. Hy maak ook daarop aanspraak dat hy leef in die tyd van die gebeure waarvoor hy skryf. Duling en Perrin (1994:449) skryf die rede hiervoor daaraan toe dat Openbaring se gesag nie gesetel is in ‘n pseudonieme outeur nie, maar in ‘n *outeur* wat verhewe is bo tyd en ruimte: “For Revelation, authority does not come from a famous ancestor who is believed to have accurately predicted the present, but from Jesus Christ, whose martyrdom inaugurated the last days and provided the basis for understanding potential martyrdom in the present.” Jesus Christus is dus die Een wat gesag aan die boek verleen. Wat baie belangrik is, is hoe Johannes sy werk self verstaan het. In Openbaring 1:3 en 22:7,10,18 stel Johannes dit duidelik dat hierdie ‘n profetiese boek is. Duling en Perrin (1994:450) beskryf Johannes as ‘n “apocalyptic prophet”. Malina & Pilch beskryf Johannes weer as ‘n “astral prophet” (sien Hoofstuk 5). Maar wie was hierdie apokaliptiese/astrale profeet Johannes? Was dit Johannes die seun van Sebedeus, ‘n volgeling van Johannes, iemand uit die Johannesskool van denke, dalk selfs Johannes die Doper? ‘n Goeie plek om te begin is om te kyk hoe die kerkvaders hierdie vraag beantwoord het.

3.4.1 DIE KERKVADERS SE ANTWOORD

Papias wat volgens getuienis die vroegste skrywer is wat bekend is met Openbaring, maak geen melding van wie die outeur is nie. Justinus die Martelaar, skryf in sy *Dialogue with Trypho* dat Johannes, een van die apostels van Christus die outeur is. Irenaeus is die vroegste skrywer wat Openbaring en die Johannesevangelie verbind aan Johannes seun van Sebedeus. Hippolitus, Tertulianus en Origenes het Irenaeus se interpretasie gevolg. Yarbrow Collins (1984:26) toon die belangrikheid van die kerkvaders se standpunt aan: “Their testimony shaped the majority opinion

until the rise of historical-critical biblical scholarship.” Daar is verskeie redes om die geldigheid van die kerkvaders se standpunt te bevraagteken. Die outeur van Openbaring verwys nooit na homself as Johannes, die seun van Sebedeus nie. Daar is ook verskeie tekste wat aandui dat Johannes, die seun van Sebedeus reeds voor 70 nC gesterf het (sien Hoofstuk 3.5). Die argument dat Openbaring en die Johannesevangelie deur dieselfde persoon geskryf is, is deur die historiese-kritiek as hoogs onwaarskynlik bewys. Dionysius het al in die derde eeu nC argumente teen gedeelde outeurskap aangevoer. Yarbro Collins (1984:29) vat dit goed saam: “The arguments of Dionysius, Semler and the Tübingen school, which were expanded and refined by later critics, seriously call Irenaeus’ reliability into question on the issue of authorship.” Indien Johannes, die seun van Sebedeus, nie die outeur van Openbaring was nie, kon dit volgens Eusebius wat kommentaar lewer op Papias se werk, Johannes die Presbiter (ouderling) gewees het. In die laat negentiende en vroeë twintigste eeu, is hierdie standpunt deur verskeie Duitse akademici, waaronder Johannes Weiss en Wilhelm Boussett aangehang. Kümmel (1975:472) weerlê egter hierdie standpunt: “The ‘presbyter’ John mentioned by Papias by no means belongs with certainty to Asia Minor and is more likely to be identified with the presbyter of 2 and 3 John.” In die lig van die bogenoemde is dit duidelik dat daar in die vroeë kerk ook nie eenstemmigheid was oor die outeur van Openbaring nie. Ons is dus niks nader aan ‘n antwoord nie.

3.4.2 ANDER HIPOTESSES

Deur die jare was daar verskeie hipoteses oor wie moontlik die outeur van Openbaring kon gewees het. J.M. Ford het byvoorbeeld Johannes die Doper as outeur aangetoon. ‘n Hipotese wat veral baie invloed gehad het is volgens Yarbro Collins (1984:33) die van ‘n Johannesskool: “Attempts to overcome the weaknesses of these theories have led to the influential hypothesis that there was a Johannine circle, community or school.” Daar is egter nie een teorie of hipotese wat oortuigend is. Yarbro Collins (1984:34) kan dus tereg opmerk: “Attempts to link the book of Revelation with historical persons, with figures of the early church who are known to us today, have failed. Sound judgement leads to the conclusion that it was written by a man named John who is otherwise unknown to us.”

Yarbro Collins (1984:49-50) toon egter aan dat alhoewel ons niks kan sê oor die historiese outeur van Openbaring nie, kan ons wel iets sê oor die outeur se sosiale identiteit (social identity):

“He played the role of prophet; that is, his function was to mediate an intelligible message to his fellow Christians, a message he claimed derived ultimately from God. He was clearly influenced by the written records and oral traditions about the classical prophets of Israel, but at the same time he should be seen as part of the phenomenon of Early Christian prophecy...John was probably a Jew by birth and either was a native of Palestine or lived there for an extended period. He knew one or more Semitic languages as well as Greek.”

Yarbro Collins beklemtoon dat twee aspekte van Johannes se sosiale identiteit wesenlik is om Openbaring te verstaan:

- “One is his affinity with the Jewish sibylline tradition.
- The other is his role as itinerant prophet.”

Uit bogenoemde is dit duidelik dat dit ‘n baie riskante onderneming is om Johannes, die skrywer van Openbaring aan ‘n historiese figuur te probeer koppel. Du Rand (1990:228) beklemtoon Yarbro Collins se standpunt deur te stel: “Johannes was moontlik as historiese figuur ‘n rondgaande Christelike apokaliptiese profeet wat sy optrede geskoei het op die van die klassieke Joodse profete en wat self volgens afkoms as Joods getipeer kan word.”

3.5 DATERING

Die datering van Openbaring, wat baie nou saamhang met die outeurskap kwessie, is ‘n baie moeilike probleem (Duling en Perrin 1994:450). Eksterne en interne getuienis moet inaggeneem word voordat daar op ‘n spesifieke datering besluit word.

3.5.1 EKSTERNE GETUIENIS

Die kerkvaders se geskifte gee aan ons baie goeie eksterne getuienis. Irenaeus dateer Openbaring aan die einde van keiser Domitianus se regering. Domitianus het regeer vanaf 81-96 nC. In die lig van Irenaeus se opmerking dateer die meeste akademië Openbaring 95-96 nC (Du Rand 1990:229). Victorinus en Eusebius dateer Openbaring ook tydens die regering van Domitianus. ‘n Paar latere bronne dateer Openbaring in die tyd van Klaudius, Nero of Trajanus.

Yarbro Collins (1984:57) toon egter aan dat daar geen eksterne getuienis is wat Irenaeus se datering weerspreek nie, met een voorbehoud: “His dating can be accepted, however, only if it is harmonious with the evidence found in the book itself.” Interne getuienis in Openbaring self, moet dus die datering bevestig.

3.5.2 INTERNE GETUIENIS

Die eerste leidraad in Openbaring wat ons ondersoek, is die naam Babilon. Die meeste kommentatore stem saam dat Babilon ‘n simboliese naam vir Rome is (Du Rand 1990:229). Hierdie interpretasie van Babilon is volgens Yarbro Collins (1984:58) ‘n baie belangrike aanduiding in die datering van Openbaring: “It is highly unlikely that the name would have been used before the destruction of the temple by Titus. This internal evidence thus points decisively to a date after 70 c.e.”.

Die tweede leidraad vind ons in Openbaring 17:9-11. In hierdie gedeelte word daar verwys na ‘n reeks van sewe koppe of konings. Vyf het reeds geval, die sesde is “nou hier”, en die sewende moet nog kom. Duling en Perrin (1994:454) stel dit duidelik hoe hierdie verse (veral vers 10) tradisioneel geïnterpreteer is: “The sequence is usually thought to intimate a sequence of Roman emperors, with the writer implying that he lives during the reign of the sixth of these, the one “who is”. Indien ons dus kan bepaal wie hierdie sesde koning (keiser) is, sal ons ook instaat wees om Openbaring se datering te bepaal. Soos Du Rand (1990:229) tereg opmerk, hang die berekening van die datering volgens die sesde koning: “saam met die vraag by watter keiser begin tel moet word.” Die volgende is moontlik:

Begin	Sesde Koning	Datering
Julius Sesar	Nero	Voor 68 nC
Augustus	Vespasianus	70-79 nC
Gaius Kaligula	Domitianus	81-96 nC

Dit is duidelik dat waar jy begin tel, en hoe jy kies om te tel, die datering van Openbaring radikaal sal beïnvloed. Daarom merk Yarbro Collins (1984:64) tereg op: “The motif of the seven kings does not by any means point decisively to a date earlier than the reign of Domitian for the

Apocalypse as a whole. The motif is probably traditional, but the context shows that it was meaningful for the author. This passage does not establish a Domitianic date, but is compatible with such a date.”

Die derde leidraad vind ons in Openbaring 11:1-2. In hierdie gedeelte word daar aan Johannes ‘n meetstok gegee waarmee hy die *tempel van God* moet meet. Indien hierdie teks letterlik verstaan word, dat Johannes die tempel in Jerusalem moet meet, dui dit op ‘n datering voor 70 nC (die tempel is in 70 nC verwoes deur keiser Titus). Yabro Collins (1984:67) beklemtoon egter dat hierdie twee verse in die lig van die res van Openbaring nie letterlik verstaan moet word nie, aangesien daar “no positive interest in the historical, earthly temple elsewhere in the book” is nie.

Die vierde leidraad is die sewe briefboodskappe aan die sewe gemeentes in Klein-Asië. Hier word die vraag gevra of ons uit die gebeure wat in die briewe geskets word, met sekerheid Openbaring kan dateer. Du Rand (1990:229) stel dit egter duidelik dat: “Gegewens uit die sewe briefboodskappe oor die optredes van die Nikolaïte in Efese, Bileam in Pergamum en Isebel in Tiatira kan nie getoets word met die oog op datering nie.” Yabro Collins (1984:75) bevestig hierdie sentiment: “The seven messages contain little that points to a date with any precision.”

Laastens moet daar gelet word op die tekste in Openbaring wat dui op vervolging (persecution passages). Duling en Perrin (1994:451) dui die volgende tekste as die belangrikste vervolging tekste in Openbaring aan:

- 1:9 “Ek, Johannes, is julle medegelowige, en deur ons verbondenheid met Jesus het ek saam met julle deel aan die **verdrukking** (CS – my beklemtoning) en aan die koninkryk en aan die volharding. Ek was op die eiland Patmos, waarheen ek verban was omdat ek die woord van God en die getuienis van Jesus verkondig het.”
- 2:10 “Moenie bang wees vir wat julle alles gaan ly nie. Kyk, die duiwel gaan party van julle in dit tronk laat gooi, sodat julle in **beproewing** (CS – my beklemtoning) sal kom, en julle sal tien dae lank baie swaar kry. Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee.”

- 2:13 “Ek ken die plek waar julle bly, daar waar die troon van die Satan is. Tog bly julle aan my Naam getrou en julle het nie julle geloof in My afgesweer nie, selfs nie in die tyd toe Antipas, my getroue getuie, doodgemaak is daar by julle waar die Satan bly nie.”
- 3:10 Omdat julle aan die boodskap van my volharding in lyding vasgehou het, sal Ek julle ook vashou in die **tyd van beproewing** (CS – my beklemtoning) wat oor die hele wêreld gaan kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.”
- 6:9-11 “Toe die Lam die vyfde seël oopmaak, het ek onder die altaar die siele gesien van die mense wat doodgemaak is omdat hulle aan die woord van God en aan die getuienis van Jesus vasgehou het. Hulle het hard uitgeroep: “Hoe lank nog, heilige en getroue Heerser? Wanneer voltrek U die oordeel en en wreek U ons dood op die bewoners van die aarde? Aan elkeen van hulle is daar lang wit klere gegee, en daar is vir hulle gesê om nog ‘n klein rukkie te wag, totdat hulle mededienaars, hulle medegelowiges, wat net soos hulle ook doodgemaak gaan word, almal daar is.”
- 16:6a “want hulle het die bloed van die gelowiges en van die profete vergiet...”
- 17:6a “En ek het gesien dat die vrou dronk is van die bloed van die gelowiges, van die bloed van die mense wat vir Jesus getuig het.”
- 18:24 “Babilon is skuldig aan die bloed van die profete en die gelowiges, almal wat op die aarde doodgemaak is.”

Die vraag kan tereg gevra word wie dit is wat die gelowiges vervolg en doodmaak? Is dit ‘n algemene vervolging (oor die hele Romeinse Ryk) of is dit gelokaliseer op een plek? Is die vervolging sporadies en spontaan of is dit sistematies en goed beplan? Wat is die rede vir so ‘n vervolging? Uit die geskiedenis en verskeie gedeeltes in die Nuwe Testament weet ons dat gelowiges deur Jode en heidene vervolg is. Tradisioneel is daar drie tydperke wat geskiedkundiges aandui as tye waarin daar ‘n hoogbloei was in die vervolging van gelowiges deur die Romeine.

Duling en Perrin (1994:452) sonder die regering van keiser Nero uit: “The first known persecution of Christians by Romans mentioned in Roman sources took place at Rome under emperor Nero (54-68C.E.).” In 64 nC is Christene beskuldig dat hulle verantwoordelik was vir die brand in Rome en is hulle vervolg deur keiser Nero.

Tradisioneel is die regering van Domitianus gesien as baie vyandig teenoor Christene. Prevost (1993:18) beskryf die jare 81-96 nC soos volg: “the reign of Domitian, who continued to impose the practice of emperor worship, and for whom the Christians remained suspect and sometimes the object of persecution.” Yarbrow Collins (1984:71) skryf hierdie negatiewe beoordeling van Domitianus toe aan die manier hoe hy uitgebeeld is deur geskiedskrywers na sy dood:

“The view of Domitian held by many classical and biblical scholars today is heavily influenced by the negative portrayal of him by Pliny the Younger, Tacitus, Dio Chrysostom, Suetonius, and Juvenal. These authors wrote after Domitian’s death during the reigns of Trajan and Hadrian. One of the undesirable qualities they attribute to Domitian is his demand to be addressed as ‘lord and god’(dominus et deus).”

Du Rand (1990:229) stel dit egter duidelik dat alhoewel offers aan Domitianus gewy is, en hy as *dominus et deus* aangespreek moes word, is die gegewens te gebrekkig om aan te toon dat hy keiseraanbidding afgedwing het (vgl. Yarbrow Collins 1984:71-72). Yarbrow Collins (1984:69) beklemtoon dit: “The evidence for persecution under Domitian is rather slight.”

Die korrespondensie tussen Plinius en keiser Trajanus (geskryf in 112nC) dui op ‘n derde tydperk van moontlike Romeinse vervolging, soos Duling en Perrin (1994:453) tereg opmerk: “We gain a very strong impression of the situation of some Christians in Asia Minor from the correspondence between Pliny, the governor of Bithynia in northern Asia Minor, and Trajan, the Roman emperor (98-117C.E).” In hierdie brief vra Plinius raad by Trajanus oor hoe daar teenoor Christene wat voor hom gebring word opgetree moet word. Uit die korrespondensie is dit duidelik dat Christene wel vervolgt is. Dit wil egter voorkom asof dit nie alledaagse praktyk deur die hele Romeinse ryk was nie. Downing (1988:105) beklemtoon dit: “There was no large-scale action against Christians in the courts of those parts of Asia Minor addressed in Revelation and 1 Peter before the cases heard by Pliny and referred to in his letter, X xcvi, and in his copy of Trajan’s reply, X xcvi. Yarbrow Collins (1984:73) se opsomming van die vervolging wat in Openbaring beskryf word lyk dus heel gepas:

“The persecution reflected in Revelation, the banishment of the author and the execution of Antipas, seems to be nothing more than an example of the usual sporadic repression suffered by the Christians in the first two centuries. It is doubtful that the emperor cult was forced upon Christians at any time during the first and early second centuries, including the reigns of Domitian and Trajan. The book of Revelation cannot be understood as a response to a new initiative against the Christians taken by Roman authorities. A more plausible view of its function is that it was written to awaken and intensify Christian exclusiveness, particularly vis-à-vis the imperial cult.”

Uit die interne getuienis is dit duidelik dat daar niks is wat Irenaeus se eksterne getuienis rondom datering weêrlê nie. Alhoewel daar nie absolute sekerheid oor Openbaring se datering bestaan nie, word Du Rand (1990:230) se gevolgtrekking aanvaar: “Met die eksterne getuienis van Irenaeus dat Openbaring aan die einde van keiser Domitianus se regeringstyd te dateer is en die assosiasie van Rome met die term Babilon (eerste verwoester) as die tweede verwoester van die tempel, kan Openbaring binne die raamwerk van rondom 95 nC gelees word.” Die meeste navorsers meen dat Openbaring aan die einde van Domitianus se regering, omtrent 95-96 nC ontstaan het (Duling en Perrin 1994:456; Yarbrow Collins 1984:76-77).

3.6 PLEK VAN ONTSTAAN

In Openbaring 1:9 lees ons dat Johannes skryf vanaf die eiland Patmos. Patmos is in die Egeïse see, ongeveer 40 myl vanaf die kus van Klein-Asië. Patmos is dus redelik naby aan die sewe gemeentes waarvan ons lees in die eerste drie hoofstukke van Openbaring. Duling en Perrin (1994:456) stel dat antieke en moderne geleerdes nie ‘n probleem het met die gevolgtrekking dat Johannes na Patmos verban is nie: “In any case, the ancients drew that conclusion and modern scholars call him simply John of Patmos, in part to distinguish him from the writers of the other Johannine literature.”

3.7 DIE SOSIAAL-HISTORIESE KONTEKS VAN OPENBARING

Dit is bykans onmoontlik om Openbaring se boodskap te verstaan, indien ons nie Openbaring se sosiaal-historiese konteks verstaan nie. Du Rand (1989:103) beklemtoon dit: “The possible socio-historical context of the first readers provides an important background for coming to grips

with the message of *Revelation*.” Soos reeds aangetoon (sien Hoofstuk 3.5), is Openbaring in die laaste jare van Domitianus se regering, aan die einde van die eerste eeu nC geskryf. Yarbro Collins (1984:84) beskryf apokaliptiese literatuur as: “...often defined literature evoked by a crisis.” Volgens Du Rand (1989:103-105) het die krisis vir die lesers van Openbaring op verskeie terreine gelê: “The Christians probably found themselves in a political, cultural, sociological and theological crisis.” Hy gaan verder en dui sewe moontlike faktore aan wat bygedra het tot die krisis:

1. We have a tradition that suggests some form of Roman *persecution*.
2. Another contributive social factor could be called *relative deprivation*. [Yarbro Collins (1984:84) beskryf relative deprivation as: “*Relative*, not absolute or objective, deprivation is a common precondition of millenarian movements. In other words, the crucial element is not so much whether one is actually oppressed as whether one *feels* oppressed.” – CS]
3. The feeling of deprivation could have developed into an experience of *fear* and *resentment* at the power of Rome which could lead to envy and *a feeling of vengeance*.
4. Conflict and ambivalence over against the *Jews* and *Jerusalem* were also part of the crisis.
5. A fifth socio-historical factor that contributed to a disturbed situation was the grip of *syncretism* in which Asia Minor was entangled.
6. Another important and painful disturbing social factor was the *unequal distribution of wealth* and the disparity between the provincial elite and the ordinary people of Asia Minor.
7. To summarize, the Christians lived between the social and cultural breach with the *synagogue* and the religious antipathy towards the surrounding *Graeco-Roman world*. They were thus excluded or excluded themselves from two major social groupings of western Asia Minor.

Dit is duidelik dat Christene aan die einde van die eerste eeu nC, in konflik was met die Jode, met hul heidense bure, met die Romeinse owerheid, asook met die sosiale onderskeid tussen ryk en arm. Du Rand (2003:886) se beskrywing van apokaliptiek pas direk in hierdie sosiaal-historiese konteks van die eerste eeu nC in: “*Apokaliptiek is* (CS – my invoeging) ‘n beskrywing

van die denkinhoud wat mense het as hulle eie waardes en die van die meerderheid in hul samelewing bots. Hulle distansieer hulself van die gemeenskap en skep vir hulle ‘n wêreld vol simbole waar God die Bose sal oordeel en reg laat geskied.” Johannes en sy *broers* het hulself voorwaar in ‘n wêreld bevind met wie se waardes hulle gebots het.

3.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die boek Openbaring se wordingsgeskiedenis beskou. Tradisioneel word Openbaring as ‘n apokalips getipeer. Hierdie boek se teksmodus is ‘n narratief in ‘n briefraamwerk. Dit is baie moeilik om met sekerheid Johannes (die outeur van Openbaring) aan ‘n historiese persoon te koppel. Die meeste navorsers is dit eens dat Openbaring ongeveer 95-96 nC tydens die regering van Domitianus geskryf is op die eiland Patmos. Wat Openbaring se sosiaal-historiese konteks betref, wil dit voorkom asof die Christene aan die einde van die eerste eeu nC, ‘n krisistyd beleef het. Hierdie krisis was waarskynlik nie wydverspreide Romeinse vervolging nie, maar ‘n politieke, kulturele, sosiale en godsdienstige krisis.

HOOFSTUK 4

DIE SOSIAAL-WETENSKAPLIKE METODE

4.1 INLEIDING

Malina & Pilch noem hulle kommentaar ‘n *Social-Science Commentary on the Book of Revelation*. Om hulle boek te beoordeel, moet die sosiaal-wetenskaplike metode ondersoek word. Die rede hiervoor is om te bepaal of hulle boek getrou is aan die metode en sy vooronderstellings.

John H. Elliot se boek, *What is Social-Scientific Criticism?* word as gesaghebbende werk op die gebied beskou. Sy boek word dus as basis gebruik om die sosiaal-wetenskaplike metode te bestudeer.

4.2 DIE GEKONTEKSTUALISEERDHEID VAN KOMMUNIKASIE

In die moderne semantiek is die volgende slagspreuk aan die orde van die dag: woorde het nie opsigself betekenis nie, maar woorde verkry betekenis binne ‘n bepaalde konteks. Hierdie slagspreuk stel dit duidelik dat dit in verstaan (hermeneutiek) nie om die woorde opsigself gaan nie, maar om die betekenis van daardie woorde in ‘n bepaalde konteks. Malina (1993:1-2) stel dit soos volg: “The words we use to say and speak do in fact embody meaning, but the meaning does not come from the words. Meaning inevitably derives from the **general social system** (CS – my beklemtoning) of the speakers of a language.” Die heersende sosiale sisteem bepaal dus die betekenis van woorde. Hierdie uitspraak van Malina geld nie net vir gesproke taal nie, maar ook vir geskrewe taal. Du Toit (1997:4) sluit hierby aan: “Geen normale taaluiting is ongesitueerd, dit wil sê sonder ‘n eksterne konteks nie.” Om dus te verstaan wat iemand aan jou wil kommunikeer is nie net die woorde wat ‘n persoon sê of skryf belangrik nie. Vanweë die gekontekstualiseerdheid van kommunikasie is kennis van die situasie of konteks waarbinne ‘n taaluiting geskied, onontbeerlik vir suksesvolle verstaan.

By die verstaan van tekste, onderskei Du Toit (1997:3-5) tussen linguistiese of literêre konteks aan die een kant en referensiële konteks aan die ander kant. Eersgenoemde verwys na die struktuur van die teks as ‘n linguistiese skepping (interne konteks), terwyl laasgenoemde die

leefwêreld of situasie buite die teks waarna die teks verwys in die oog het (eksterne konteks). Die tekseksterne konteks kan verder ook in twee kategorieë verdeel word.

- Eerstens is daar die relatief kontinue sosio-kulturele milieu of leefwêreld waarin mense hulle bevind. 'n Voorbeeld hiervan is die Grieks-Romeinse sosio-kulturele konteks. Hierdie is 'n meer abstrakte konteks.
- Tweedens vind ons binne hierdie relatief kontinue sosio-kulturele milieu duisendvoudige kontingente, spesifieke, konkrete lewensituasies wat voortdurend verander (immediate situations). In die Nuwe Testament is 'n voorbeeld van so 'n onmiddellike situasie Johannes op die eiland Patmos.

As ons van verstaan wil praat, kan ons nie anders as om tegelyk van konteks te praat nie. Hier bedoel ek konteks spesifiek as referensiële of eksterne konteks. Tekste, en dan spesifiek Apokalipse, het nie in 'n lugleegte ontstaan nie. Hulle het op 'n bepaalde tyd en plek ontstaan, onder bepaalde omstandighede, in 'n bepaalde konteks. Sekere gebeure en faktore gee aanleiding tot die ontstaan van 'n teks. Venter (1996:605) stel dit duidelik: “Die simboliese universum van 'n teks word medebepaal deur die **historiese konteks en kulturele milieu** (CS – my beklemtoning) waarin dit ontstaan het.” As ons dus op soek is na betekenis, as ons werklik wil verstaan wat 'n teks probeer kommunikeer, moet ons nie net die teks self nie, maar ook die wêreld van die teks, in die teks en agter die teks verstaan. Die leefwêreld van die outeur en sy leser moet dus betree word. Malina (1993:2) vat dit goed saam: “If meaning derives from a social system, while wording (e.g. speaking or writing) simply embodies meaning from the social system, then any adequate understanding of the Bible requires some understanding of the social system embodied in the words that make up our sacred Scripture.” Om die Skrif te verstaan, moet die sosiale sisteem van die Skrif verstaan word. Hierdie uitspraak is op alle tekste, en dan spesifiek ook op Apokalipse van toepassing. Malina & Pilch poog in hulle kommentaar om te sien wat Johannes gesien het, te hoor wat Johannes gehoor het, te ervaar wat Johannes ervaar het. Hulle wil dus sy sosiale sisteem verstaan om so die teks beter te verstaan (sien Hoofstuk 5).

4.3 WAAR PAS DIE SOSIAAL-WETENSKAPLIKE METODE IN?

Vir dekades al word die eksegetiese toneel oorheers deur die histories-kritiese metode van eksegeese met al sy sub-dissiplines. Die histories-kritiese metode vra van die teks wie, wat, waar, wanneer, en hoe vrae. Daar is egter een vraag wat hierdie metode nie vra nie. Malina (1993:7) dui hierdie vraag as die *hoekom vraag (why question)* aan. Die histories-kritiese metode kan nie hierdie vraag beantwoord nie. As gevolg van hierdie leemte in die histories-kritiese metode, het verskeie interpreteerders (eksegete) na ander oplossings vir hierdie hoekom vraag begin soek. Yarbro Collins (1984:16) stel dat eksegete hulle ook na ander wetenskappe begin wend het: “Certain interpreters of the Bible have turned to newer and less established **social sciences** (CS – my beklemtoning) than history – namely sociology, psychology, and anthropology – for promising approaches in the quest for meaning of texts.” Hierdie nuwe benadering ten opsigte van die interpretasie van tekste het ‘n nuwe eksegetiese metode tot gevolg gehad, naamlik die *sosiaal-wetenskaplike metode (social-scientific criticism)*.

Elliott (1993:7) definieer die sosiaal-wetenskaplike metode soos volg: “Social-scientific criticism of the Bible is that phase of the exegetical task which analyzes the social and cultural dimensions of the text and of its environmental context through the utilization of the perspectives, theory, models, and research of the social sciences.” Uit die bogenoemde definisie is dit duidelik dat die sosiaal-wetenskaplike metode nie die histories-kritiese metode van eksegeese vervang nie. Die sosiaal-wetenskaplike metode is ‘n komponent of sub-dissipline van die histories-kritiese metode. Die twee metodes wil dieselfde bereik, naamlik om verstaan van die teks te bewerkstellig. In die *Nuwe Hermeneutiek* gaan dit om die ‘versmelting van horisonne’. Die horisonne van die teks en die eksegeet moet versmelt sodat daar werklik verstaan kan word wat die teks se oorspronklike bedoeling was. Dit is wat albei hierdie metodes van eksegeese probeer bereik. Hulle het egter verskillende invalshoeke en benaderings. McVann (1993:180) toon die verskil tussen die twee benaderings soos volg aan:

“The social-scientific approach differs from the traditional historical method in that the biblical text is deliberately set primarily in socio-cultural rather than historical perspective. That means that the socio-cultural structures, institution, and values which the texts reflect, rather than the historical events out of which

they were written and to which they may have reference, are the primary subjects of investigation.”

Vir McVann is kulturele waardes en/of sosiale dinamiek die sentrale fokuspunt van die sosiaal-wetenskaplike metode. Elliott (1993:14) stel dit duidelik dat die sosiaal-wetenskaplike metode die tradisionele histories-kritiese metode komplementeer, deurdat dit die histories-kritiese metode in staat stel om te doen wat dit veronderstel is om te doen: om wat outeurs geskryf en bedoel het verstaanbaar te maak binne die raamwerk van hulle eie omgewing. Die sosiaal-wetenskaplike metode bestudeer die teks as beide ‘n refleksie van en ‘n respons op die sosiale en kulturele omgewing waarin die teks ontstaan het. As ‘n sub-dissipline van eksegeese, is die sosiaal-wetenskaplike metode se primêre fokus op Bybelse tekste. In die Bybel vind ons verskeie literatuursoorte, waaronder ook Apokaliptiese literatuur. Die sosiaal-wetenskaplike metode kan dus ook met vrug op Apokaliptiese tekste gebruik word.

4.4 VOORONDERSTELLINGS VAN DIE SOSIAAL-WETENSKAPLIKE METODE

Vandat Rudolf Bultmann die uitspraak gemaak het dat eksegeese sonder vooronderstellings onmoontlik is, is dit noodsaaklik dat alle vooronderstellings in die eksegetiese proses duidelik uiteengesit moet word. Ook die vooronderstellings van die sosiaal-wetenskaplike metode moet duidelik uiteengesit en toetsbaar wees.

4.4.1 ALGEMENE VOORONDERSTELLINGS VAN DIE SOSIAAL-WETENSKAPLIKE METODE

Volgens Elliott (1993:36) fokus sosiaal-wetenskaplike vooronderstellings, soos teologiese vooronderstellings, op drie aspekte van die interpretasie onderneming, naamlik:

- die interpreteerders;
- die objekte wat geïnterpreteer word, en
- die metode van interpretasie.

Elliott (1993:36-59) som die sosiaal-wetenskaplike metode se vooronderstellings met die volgende 10 hoofpunte op:

1. Sosiaal-wetenskaplikes vooronderstel dat alle kennis sosiaal bepaald en perspektiwies van aard is.

2. Dit impliseer dat die metode van analise, metodes moet insluit waarmee die verskille tussen die sosiale situasie (social location) van die interpreteerder en die sosiale situasie van die outeurs en die objekte wat geïnterpreteer word, onderskei en verduidelik kan word. Onder hierdie punt wys Elliott (1993:38-40) daarop dat om tussen die antieke Bybelse en die moderne konseptuele gesigspunte te onderskei, die konvensionele onderskeiding in antropologie tussen emiese (emic) en etiese (etic) informasie en perspektiewe, baie bruikbaar kan wees. Hy stel dat:

“In anthropological field study, the term **emic** (CS – my beklemtoning) identifies information provided by the ‘natives’, accounts of phenomena as perceived, narrated, and explained according to the experience, folk knowledge, conceptual categories, ratiocinations, and rationalization of the indigenous narrators in their historical, social, and cultural locations. The term **etic** (CS – my beklemtoning), on the other hand, identifies the perspective of the external investigator or interpreter as determined by his or her different social, historical, and cultural location, experience, and available knowledge and the conceptual categories used for analyzing these phenomena.”

Indien ons hierdie antropologiese model op die studie van die Bybel en sy omgewing van toepassing maak, beteken dit dat die Bybelse geskrifte, saam met antieke tekste en artefakte in die algemeen, die moderne interpreteerder of eksegeet met bronne van emiese data sal voorsien. Aan die ander kant kategoriseer en interpreteer die moderne navorser of eksegeet hierdie data volgens etiese konsepte, teorieë, modelle, kennis en reëls van die hedendaagse wetenskap. In antieke tye sou mense byvoorbeeld verwys na ‘n koning of etnarg, terwyl die moderne navorser albei hierdie terme met die omvattende en abstrakte begrip regering sal klassifiseer. Alle kommentare en wetenskaplike studies van die Bybel werk met emiese data, maar slaan noodwendig na etiese kategorieë oor wanneer hulle poog om ‘n vreemde kultuur met sosiale en kulturele konstrakte uit hulle eie tyd te verklaar en verduidelik. Die waarde van hierdie onderskeiding tussen ‘n emiese en etiese perspektief beskryf Elliott (1993:39) soos volg:

“Such a distinction between emic and etic perspectives acknowledges the fact that different cultures may have different ways of constructing, describing, and explaining ‘reality’ as they experience it. At the same time it recognizes the integrity of differing perceptions and descriptions of reality as each is shaped by specific bodies of shared knowledge and social location and, accordingly, the limits of all translations.”

3. Vir die verduideliking van die verskille tussen die kontekste van antieke tekste en moderne lesers, en om antieke sosiale en kulturele sisteme verstaanbaar te maak, was teorieë en modelle nog altyd onontbeerlik.
4. Die sosiaal-wetenskaplike metode behels ‘n logiese proses wat nie eksklusief deduktief (van die model na die materiaal) of induktief (van die materiaal na die hipotese) te werk gaan nie, maar beide insluit in ‘n werkswyse wat Elliott as *abduction* karakteriseer. Elliott (1993:48) haal vir Woodson aan wat *abduction* (ook genoem *retroduction*) soos volg beskryf:

“Abduction is a process in logic of the discovery procedure of working from evidence to hypothesis, involving a back-and-forth movement of suggestion checking. In this process two pieces of data could be explained by a hypothesis, the validity of which could be corroborated by the finding of another piece of data.”
5. Die geskikste sosiale en kulturele modelle vir die ontleding van die Bybel en sy omgewing, word veronderstel, as daardie modelle wat saamgestel word op die basis van navorsing en data volgens die geografiese, sosiale en kulturele gebied wat deur die Bybelse gemeenskappe bewoon is. Dit is die gebied rondom die Middellandse-see en die Ou-Nabye-Ooste. Dit is vir Elliott (1993:49) duidelik dat sosiaal-wetenskaplikes die Bybel soos volg tipeer: “Thus social-scientific critics read the biblical writings as products of the preindustrial, advanced agrarian society of the Circum-Mediterranean region.”

6. In verband met die ontleding van tekste self, verstaan die sosiaal-wetenskaplike metode die volgende onder tekste, hulle kenmerke, funksies, situasie en strategie:
 - *Tekste* is eenhede van betekenisvolle sosiale diskoers in 'n mondelinge of geskrewe vorm.
 - *Kenmerkend van tekste* is dat hulle 'n kognitiewe, affektiewe en ideologiese dimensie het.
 - Tekste het 'n magdom *funksies*, byvoorbeeld 'n persoonlike funksie, 'n heuristiese funksie, gemengde funksies ens.
 - *Situasie* verwys na die sosiale omstandighede en gebeure wat die skryf van 'n teks tot gevolg gehad het.
 - *Strategie* kommunikeer die feit dat die teks spesifiek ontwerp is deur 'n outeur(s), nie net om idees te kommunikeer nie, maar om 'n spesifieke gehoor tot een of ander vorm van gesamentlike optrede te beweeg.
7. Sosiaal-wetenskaplikes veronderstel dat hierdie metode verskil van 'n historiese oriëntasie, maar dat dit komplementêr tot die histories-kritiese metode is en dit aanvul.
8. Die sosiaal-wetenskaplike metode vereis dat die studie van godsdiens (religion) in die Bybel en sy omgewing, 'n studie van sosiale strukture en verhoudings sal wees.
9. Dit word veronderstel dat die beoefenaars van hierdie metode van alle sosiaal-wetenskaplike toerieë, metodes en navorsing gebruik kan maak.
10. Die sosiaal-wetenskaplike metode stel nie net belang in die oorspronklike betekenis van die Bybelse dokumente nie, maar ook in die versameling van betekenis deur die eeue.

4.4.2 MALINA SE VOORONDERSTELLINGS VAN DIE SOSIAAL-WETENSKAPLIKE METODE

Dit is dalk gepas om reeds hier Malina se vooronderstellings aangaande die hantering van 'n teks te bespreek. Uit Malina en Rohrbaugh (1992:1-17) se eerste sosiaal-wetenskaplike kommentaar *Social-Science Commentary on the Synoptic Gospels* is dit duidelik dat daar 'n paar

vooronderstellings is waarvan ‘n interpreteerder van die Nuwe Testament deeglik bewus moet wees. Hierdie vooronderstellings sal ook geld vir Malina & Pilch se kommentaar. Die volgende vooronderstellings word benadruk:

- Die Bybel is geskryf in ‘n agrariese, pre-industriële wêreld.
- Die Bybel is ‘n tyd-en-plek gebonde dokument.
- Die Nuwe Testament is die produk van ‘n klein groepie mense wat in die eerste eeu nC in die oostelike Mediterreense gebied gewoon het.
- Die afstand tussen ons (moderne mense) en die Bybel is sosiaal, sowel as temporeel en konseptueel.
- Ons interpreteer en lees die Nuwe Testament uit ‘n moderne industriële oogpunt.
- Met agrariese word nie landbou bedoel nie. Dit dui op die wêreldbeeld wat bestaan het voor die industriële revolusie. Die betekenis is dus baie nader aan pre-industrieel.
- Die industriële revolusie word deur Malina en Rohrbaugh “*The Great Transformation*” genoem. Dit het die wêreld en wêreldbeeld radikaal verander.
- Die Bybel bestaan uit geskrewe en ongeskrewe teks. Die ongeskrewe (unwritten) deel van ‘n teks moet altyd inaggeneem word wanneer ‘n Nuwe Testamentiese teks gelees of geïnterpreteer word. Die leser moet dus die geskrewe teks voltooi deur tussen die lyne te lees. Die geskrewe teks verskaf slegs die buitelyne. Die leser se algemene kulturele kennis van die outeur se leefwêreld (die ongeskrewe teks) moet die geskrewe teks voltooi.
- Lees is fundamenteel ‘n sosiale handeling. Die sosiale stelsel verskaf leidrade vir skrywer en leser om tussen die lyne te kan verstaan. ‘n Gedeelte sosiale stelsel is dus nodig om suksesvolle kommunikasie (verstaan) te bewerkstellig. Om die Nuwe Testament te verstaan moet ons “*considerate readers*” wees. Ons moet die wêreld van die skrywer, en dus die eerste eeuse oos Mediterreense wêreld en sosiale stelsel betree.
- Die verskil tussen ‘n hoë-konteks (high-context) en lae-konteks (low-context) samelewing moet ook inaggeneem word (sien Hoofstuk 7.4).

4.5 WERKSWYSE VAN DIE SOSIAAL-WETENSKAPLIKE METODE

Die spesifieke werkswyse wat gevolg word in ‘n sosiaal-wetenskaplike studie van ‘n teks of dimensies van sy sosiale konteks, sal afhang van die objek wat bestudeer word. Elliott (1993:60-

61) stel dat in die algemeen, twee afsonderlike, maar tog verwante fases in die navorsingsproses aangedui kan word:

- Die eerste fase behels die versameling, organisering en klassifisering volgens 'n spesifieke navorsingsontwerp (research design), van inligting. Hierdie eerste fase kan ons die *empiries-analitiese fase* van ondersoek noem. In hierdie fase word die navorsingsontwerp gevorm deur 'n hipotese aangaande sekere sosiale eienskappe van die materiaal wat ondersoek word, die onderlinge verhouding van hierdie eienskappe en die belangrikheid van hierdie verhoudings. Die hipotese word uitgedruk in die vorm van 'n konseptuele model. Die empiriese fase word afgesluit met 'n verslag van navorsingsresultate en die ordening van die feite.
- Die tweede fase kan as 'n sintetiese, *interpretasie fase* beskryf word. In hierdie fase word die metode van interpretasie gestel en die bevindings aangaande die inligting word geanaliseer in relasie tot die oorspronklike model. Hier gaan dit dus nie meer oor die beskrywing van sosiale eienskappe en verhoudings nie, maar oor die verduideliking daarvan. In hierdie fase word die hipotese aan die hand van die inligting getoets. Die hipotese word dus deur die inligting bevestig of verwerp.

Elliott (1993:62) stel die navorsingsproses skematies soos volg voor:




Diagram 1: Skematiese voorstelling van sosiaal-wetenskaplike navorsingsproses

4.6 KRITIESE BEOORDELING VAN DIE SOSIAAL-WETENSKAPLIKE METODE

Dit is duidelik dat die sosiaal-wetenskaplike studie van die Bybel nie deur alle eksegete verwelkom word nie. Meeks (1983:2-4) wys daarop dat verskeie teoloë waarsku dat die sosiologiese interpretasie van godsdienstige verskynsels reduksionisties is. Ook Yarbo Collins (1984:17) stel dit duidelik dat die sosiaal-wetenskaplike metode gekritiseer word as reduksionisties, dit wil sê: “as reducing one form of knowledge (theology) to another (economics, sociology, psychology, or anthropology).”

Elliott (1993:90) onderskei tussen reduksie as

- konsentrasie (concentration), en reduksie as
- identifikasie (identification).

Elke metode van eksegete *konsentreer/reduceer* hul aandag op spesifieke verskynsels en hulle verhoudings (byvoorbeeld die historiese-kritiek konsentreer op historiese gebeure, die literêre-kritiek konsentreer op literêre tekste ens. Volgens Elliott konsentreer die sosiaal-wetenskaplike metode op: “social structures, processes, and interactions.” Reduksie handel in die tweede plek

oor die *identifikasie* van alle verskynsels as eksklusief histories, literêr, sosiaal of teologies. Hierdie identifikasie vind ons nie implisiet in die onderskeie metodes nie, maar dit ontstaan as gevolg van sekere hermeneutiese vooronderstellings wat aanvaar word deur hulle beoefenaars. Dit is belangrik om daarop te let dat die sosiaal-wetenskaplike metode nie ‘n sosiologie of antropologie van die Bybel is nie. Dit wil die sosiale wetenskappe met eksegetiese verenig, as ‘n saamgestelde teologiese, literêre, historiese en sosiaal-wetenskaplike onderneming. Die sosiaal-wetenskaplike metode wil dus nie die eksegetiese onderneming reduceer nie, maar dit juis uitbrei.

Volgens Yarbo Collins (1984:16-17) is daar onder sommiges ook ongelukkigheid oor die radikale karakter van die sosiaal-wetenskaplike benadering van eksegetiese. Yarbo Collins dui twee aspekte aan wat bydra tot die radikale karakter van die sosiaal-wetenskaplike metode: “One reason for their radical character is that some generative insight underlying them came from thinkers like Feuerbach, Marx, Nietzsche, and Freud...Another factor that makes socioscientifically based interpretations of religion seem radical is their affinity with relativism.” Aan die een kant staan verskeie eksegete dus krities teenoor die sosiale wetenskappe omdat hulle dit beskou as in stryd met godsdiens en dan spesifiek in stryd met die geloof. Aan die ander kant bestaan die vrees dat in ‘n sosiaal-wetenskaplike ondersoek van die Bybel, die Bybel se gesag as Woord van God en bron van die waarheid, aangetas en gerelativeer sal word.

Kritiek word ook uitgespreek dat die sosiaal-wetenskaplike metode te wetenskaplik is, en dat ‘n historiese sosiologie van die verlede onmoontlik is. Vrae word ook gevra oor die modelle en metodes wat die sosiaal-wetenskaplike metode gebruik. Daar moet kennis geneem word van hierdie vrae aan en kritiek op die sosiaal-wetenskaplike metode. Elliott (1993:92-93) wys tereg daarop dat daar van drie beperkende faktore (leemtes) kennis geneem moet word wanneer eksegetiese en die sosiale-wetenskappe verenig:

- Die eerste leemte is ten opsigte van die bronnemateriaal – die bronne is beperk en fragmentaries;
- Die tweede leemte is die beperkte beskikbaarheid van analogieë van kontemporêre en aangrensende groepe tot die antieke-Christelike sosiale samestelling, Grieks-Romeinse

groepe, sowel as analogieë van gemeenskappe en kulture in dieselfde situasie (ekologies, ekonomies en sosiaal), maar verwyderd in tyd en ruimte van die vroeë Christendom, en

- ‘n Derde leemte handel oor die geskiktheid van die modelle wat die sosiale verskynsels versamel en analiseer.

Ten opsigte van die toepassing van agtergrondkennis op die Nuwe Testament wys Du Toit (1997:9-10) op die volgende twee gevare:

- Die onoordeelkundige hantering van agtergrondkennis kan veroorsaak dat ‘n Nuwe-Testamentiese teks heeltemal misverstaan word, en
- Die gevaar bestaan dat agtergrondkennis op ‘n Nuwe-Testamentiese teks afgeforseer word.

Hierdie gevare aangaande agtergrondkennis se toepassing op die Nuwe Testament, geld beslis ook vir die sosiaal-wetenskaplike metode.

Om hierdie gevare uit te skakel en vir die legitieme aanwending van agtergrondkennis op ‘n Nuwe-Testamentiese teks, stel Du Toit dit duidelik dat as basiese reël, die Bybelteks self deurgaans prioriteit moet geniet. Die teks self is dus die belangrikste toetsbron van inligting.

Sosiaal-wetenskaplikes moet kennis neem van die kritiek en gevare verbonde aan die metode. Teenoor alle eksegetiese metodes kan soortgelyke en ander vorme van kritiek uitgespreek word. Dit is egter duidelik dat die sosiaal-wetenskaplike metode, soos alle ander eksegetiese metodes, altyd weer aan die teks self vir legitimiteit getoets moet word. Die sosiaal-wetenskaplike metode is nie ‘n doel opsigself nie, maar wil meehelp om die oorspronklike konteks (sosiale sisteem) vir die eksegeet te ontsluit.

4.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het dit duidelik geword dat die sosiaal-wetenskaplike metode as sub-dissipline van die histories-kritiese metode, ‘n nuwe dimensie tot die eksegetiese proses, en dan in die besonder die verstaan van tekste toegevoeg het. Die sosiaal-wetenskaplike metode se vooronderstellings en werkswyse is bespreek. Daar is ook gewys op kritiek teen die metode, wat inaggeneem moet word wanneer dit op ‘n teks toegepas word.

HOOFSTUK 5

ONTDEKKING VAN MALINA EN PILCH SE *SOCIAL-SCIENCE COMMENTARY ON REVELATION*:

WERKSWYSE EN VOORONDERSTELLINGS

5.1 INLEIDING

Ons het begin by die Apokaliptiek, daarna is die wordingsgeskiedenis van die boek Openbaring self bestudeer, en in die vorige hoofstuk is die sosiaal-wetenskaplike metode bespreek. Hierdie studies het ons voorberei om met die nodige agtergrondkennis Malina & Pilch se *Social-Science Commentary on Revelation* na waarde te kan beoordeel. Voor ons die werk egter kan beoordeel, moet ons die kommentaar self eers ontdek. Dit is die doel van hierdie hoofstuk. Malina & Pilch se kommentaar word bespreek as deel van die *Social-Science Commentary on...-reeks*. Daarna word Malina se oorspronklike werk met die titel *On the Genre and Message of Revelation: Star Visions and Sky Journeys* bespreek. Die rede hiervoor is om te bepaal of Malina & Pilch se kommentaar wesenlik verskil van die werk wat Malina oorspronklik in 1995 gedoen het. Dit word gevolg deur 'n bespreking van die *Social-Science Commentary on Revelation* self. Dit is dus noodsaaklik om eers Malina & Pich se vooronderstellings en werkswyse te verstaan, voordat hulle werk beoordeel word.

5.2 SOCIAL-SCIENCE COMMENTARY ON...

In 1992 het Bruce Malina en Richard Rohrbaugh die *Social-Science Commentary on the Synoptic Gospels* geskryf. In die voorwoord stel hulle dat die oorsprong van hierdie kommentaar geleë is in *The Context Group: Project on the Bible in its Cultural Environment*. Albei is stigterslede van The Context Group. Hulle stel dit duidelik hoekom hulle die sosiaal-wetenskaplike metode gebruik:

“The social-scientific interpretation of the New Testament is a “natural” approach for anyone who has gone through a period of culture shock and eventually come to understand and appreciate another culturally distinct group

of human beings. It becomes even more “natural” after prolonged exposure to traditional Eastern Mediterraneans.”

In 1998 volg hulle die bogenoemde kommentaar op met die *Social-Science Commentary on the Gospel of John*. In die voorwoord stel hulle dat hierdie kommentaar grootliks te danke is aan die sukses van sy voorganger: “The success of our previous *Social-Science Commentary on the Synoptic Gospels* has encouraged us to prepare this work.”

In 2000 verskyn die *Social-Science Commentary on Revelation*. Dit is:

- dieselfde titel, *Social-Science Commentary on ...*;
- dieselfde uitgewers, Augsburg Fortress;
- dieselfde konsep, en
- dieselfde uitleg van die boek.

Die enigste verskil is dat John Pilch en nie Richard Rohrbaugh, Malina se mede-skrywer van die kommentaar is. In breë is die uitleg van die reeks kommentare presies dieselfde:

- Voorwoord;
- Inleiding;
- Oorsig van die boek en lees scenarios [Outline (Structure) of the Gospel (Book) and Reading Scenarios];
- Hoofstukke;
- Bylae;
- Bibliografie, en
- Indeks van die lees scenarios (Reading Scenarios).

Soos reeds genoem, is die konsep van die kommentare ook in breë presies dieselfde. Die inleiding verklaar die doel, die metode, die vooronderstellings, die werkswyse en die agtergrond van die kommentaar. In die res van die hoofstukke volg dan twee soorte materiaal, naamlik:

- “Of first importance are the Reading Scenarios drawn from anthropological studies of the Mediterranean system.”, en

- “A second type of entry consists of short Notes commenting on specific passages of Revelation.” (Malina & Pilch 2000:24;vgl. Malina & Rohrbaugh 1992:14-17; Malina & Rohrbaugh 1998:21-22)

Die doel van die *Reading Scenarios* is om die sosiale sisteem wat ge-encodeer is in Johannes se woorde te ontsluit vir die moderne leser. Die doel van die *Notes* is om die leser se aandag te fokus op die sosiale sisteem wat ge-encodeer is in die taal van Openbaring, spesifiek in die onderskeie verse (sien Hoofstuk 4.2 vir die belangrikheid van die verstaan van ‘n sosiale sisteem). Die *Notes* is in werklikheid die sosiaal-wetenskaplike kommentaar wat as hulp by tradisionele kommentare gebruik moet word.

Die kommentaar bevat ook ‘n bylaag, kaarte, diagramme ens. Hierdie materiaal vervul die volgende funksies: “In the appendix we offer linguistic notations that account for our division of various segments of this document. And finally, the illustrations, maps, and diagrams included are intended to serve as a reminder that in reading the New Testament we are indeed entering a different world.” (Malina & Pilch 2000:24).

5.3 MALINA SE OORSPRONKLIKE WERK: *ON THE GENRE AND MESSAGE OF REVELATION: STAR VISIONS AND SKY JOURNEYS*

Malina & Pilch se *Social-Science Commentary on Revelation* kan waarskynlik die beste verstaan word in die lig van Malina se werk in 1995 met die titel *On the Genre and Message of Revelation: Star Visions and Sky Journeys*. Voordat Malina & Pilch se kommentaar ontdek word, word daar eers ‘n volledige uiteensetting van Malina se verstaan van die genre en boodskap van Openbaring gegee.

5.3.1 JOHANNES, OPENBARING EN DIE EERSTE EEUSE HEMEL

In die voorwoord maak Malina (1995:xiii-xvii) dit reeds duidelik dat hierdie boek wesenlik verskil van ander boeke oor Openbaring. Hy toon aan dat die werk geïnspireer is deur sy studies oor die verskil in tydsbegrip tussen moderne en antieke mense (sien Hoofstuk 1.6), en toon duidelik aan dat hierdie verskil in tydsbegrip ernstig opgeneem moet word om Openbaring te kan verstaan: “This present volume, then, considers Revelation as a document in which a Christian prophet deals with his present and looks to the past to clarify the present situation of

the Christians he addresses.” Die tydperspektief in Openbaring fokus dus op die verlede en die outeur se hede. Malina gaan voort en stel dat die perspektief waaruit die boek geskryf is, ‘n historiese perspektief is: “Specifically, it seeks to contribute to answering the question: what did the original author say and mean to his original audience in the first-century Mediterranean?” Die studie is nie daarop uit om geskiedenis van idees analise (history of ideas analysis), literêre analise (literary analysis), bronnekritiek (source analysis), of hermeneutiek te wees nie. Malina se benadering fokus op die hemel (sky): “I will believe the author when he speaks of looking up into the **sky** (CS – my beklemtoning), of seeing celestial visions, of mounting up into the sky; but I will also ask: what was there to see in the **first-century sky** (CS – my beklemtoning)?” Die rede hiervoor is omdat anders as vandag, die hemel (sky) vir ‘n antieke persoon “an interactive part of their daily living” was. Malina se doel is dus om sy lesers op ‘n toer deur Openbaring te neem en hulle die werklike, konkrete items te wys en te vertel waarna Johannes (in die hemel) verwys. Die doel van die boek “is to return to that alien yet familiar first-century world depicted in the New Testament’s final book.”

Malina (1995:1) begin die boek deur sy vooronderstelling duidelik te maak:

“The present book is based upon the premise that the author of the book of Revelation, the prophet John, has his initial, ecstatic vision while considering the **vault of the sky** (CS – my beklemtoning). His subsequent ecstatic visions take place after he mounts up into the sky, is displaced to an unnamed wilderness, or is transferred to an unnamed high mountain. As he considers the **sky** (CS – my beklemtoning), he observes various phenomena and interacts with various sky entities. What he reports, then, **derives from his perceptions of the vault of the sky and beyond** (CS – my beklemtoning).”

Die hemel (sky) is dus wat voorop staan en waarop Malina in hierdie werk fokus. Johannes se visioene moet dus nie toegeskryf word aan sy verbeelding, literêre fiksie of simboliek nie. Oor simboliek spreek Malina (1995:2) hom soos volg uit: “While there is a good deal of symbolism in the book of Revelation, as indeed there is in every New Testament book, I submit that this is not the distinctive feature of this work.” Die tradisionele soeke na die outeur se bronne (veral Israelitiese literêre bronne) word ook nie nagejaag nie. Die klem word geplaas op ervarings in ‘n kultuur ver verwyderd van Malina se moderne Amerikaanse kultuur:

“In this work I suggest that John’s visions derived from experiences generally unavailable to human perception in a culture such as ours. In other words, during the centuries before and after John of Patmos, a number of persons reported a range of visions involving celestial entities and celestial phenomena, just as he did. Many report having ascended into the sky and having observed a range of events. I intend to take these persons seriously, at their word, and interpret what they have to say within the framework of their culture – not ours.”

Die vraag wat nou voorop staan is hoe gaan Malina dit doen? Hoe gaan hy te werk om hierdie amper 2000 jaar in die geskiedenis te oorbrug? Die antwoord wat hy gee is “*alternate states of consciousness*”. Johannes se visioene is nie uniek in ‘n kultuur waar “*alternate states of awareness*” normaal is nie.

Malina (1995:3) stel dit duidelik dat van begin tot einde die **hemel (sky)** die fokuspunt van die boek Openbaring is: “all that the prophet observes takes place in the sky or is viewed from the sky or as located in the sky.” Aangesien Johannes op die hemel (sky) fokus, kan ons Openbaring slegs verstaan indien ons die hemel (sky) verstaan soos die oorspronklike lesers die hemel (sky) verstaan het. Om dit te kan doen moet ons moderne lesers van Openbaring die volgende doen: “we must recover some adequate ancient model of an earth-centered total system of the universe to be considerate readers of Revelation.” Dit is egter noodsaaklik om die Hellenistiese siening van die heelal en die hemel, en nie die boek Genesis se siening te verstaan nie. Die rede hiervoor is dat ook in antieke tye mense se siening oor die kosmos deur die eeue verander het, al was dit nie noodwendig radikaal verskillend nie. As lesers van Openbaring moet ons dus die Hellenistiese hemel van die eerste eeu nC verstaan. Die Helleniste het steeds geglo in ‘n “*earth-centered universe*”, maar het klem gelê op die “*sphericity of the earth*”. Malina (1995:4) haal vir Russell aan om dit te beklemtoon: “From the fourth century B.C. almost all Greek philosophers maintained the sphericity of the earth; the Romans adopted the Greek spherical views; and the Christian fathers and early medieval writers, with few exceptions, agreed. During the Middle Ages, Christian theology showed little if any tendency to dispute sphericity.” ‘n Studie van antieke kartografie bevestig dat die aarde gesien was as ‘n sfeer omring met ‘n sfeer van

roterende planete, elk met sy eie baan en 'n roterende gewelf van vaste sterre wat die geheel omsluit.

Die verdere vraag wat gevra kan word is wat is die verband tussen apokaliptiek en die eerste eeuse hemel? Malina (1995:6) toon aan dat die woord *ἀποχάλυπτο* wat tradisioneel met openbaring vertaal word (sien Hoofstuk 2.2), in die eeue voor Christus se geboorte, die betekenis gehad het om 'n geheim oor iemand bekend te maak. In 'n sosiale konteks is die woord dus gebruik vir interpersoonlike kommunikasie, om geheime oor mense bekend te maak. Gedurende hierdie tyd het Babiloniese sterrekundige kennis (astrology and astronomy) deur die Mediterreense wêreld versprei. Hierdie Babiloniese sterrekundige kennis het geheime oor mense en dinge bekend gemaak. Die sleutel tot hierdie kennis was die lees van die hemel. Die gode het dus deur die hemel geheime aan mense bekend gemaak. Aangesien *ἀποχάλυπτο* die algemeen aanvaarde manier was om die proses om geheime te openbaar te beskryf, gebruik die skrywer van Openbaring ook die woord om na die bekendmaking van sterrekundige geheime te verwys. Die rede hiervoor is omdat hemelliggame/hemelwesens (celestial entities) soos sterre en engele, as lewende persoonlike wesens beskou is. Mediterreense denkers het die hemelwesens as goddelik beskou. Hierdie wesens is van vuur gemaak. Daar moet ook daarop gelet word dat die hele hemel met hierdie "persone" van een of ander aard gevul was. Volgens Malina (1995:8) het die Babiloniese denke oor sterrekunde ook die volk Israel beïnvloed: "Just like the other Mediterranean peoples of the period, however, the Israelites used the new found astronomical lore to learn about it's deity's activities." Die groot verskil was egter dat die God YHWH van die volk Israel, die Opperste God (supreme deity) was. Israeliete is verbied om ander hemelliggame God te noem en het name soos engel, demoon of gees gebruik om na die kosmiese wesens te verwys. Alhoewel hulle ander name vir die wesens gegee het, was Israel se persepsie en verstaan van die wesens dieselfde as die van ander Mediterreense volke. Israel kon God ken deur middel van die oorgelewerde tradisies van Moses, sowel as deur die hemel te lees! Die volgende opmerking van Malina (1995:8) som sy verstaan van die saak goed op:

"A range of ethnic groups in the Hellenistic age saw a proliferation of information deriving from observing celestial phenomena. It seems as though all Mediterranean peoples gratefully accepted the accumulated star lore developed in the ancient Mesopotamian region. Yet reading the sky, like

reading in general, took place in terms of scenarios brought to the object to be read by the reader. All students of the sky would perceive the sky in terms of their distinctive ethnic traditional story, whether Babylonian, Phoenician, Israelite, Egyptian, Greek, Roman, or whatever.”

Die basiese verstaan van die hemel en hemelliggame was dus dieselfde. Die verskil het gekom by hulle interpretasie daarvan in die lig van hulle tradisionele etniese verhale (verhale eie aan volke).

Wat vir hierdie studie belangrik is, is die bril (anachronistiese gebruik van term!) waarmee Johannes na die hemel gekyk en dit geïnterpreteer het. Malina (1995:9-10) antwoord dit soos volg:

“In Revelation, John follows the path of many of his contemporaries and records his “readings” of the sky. As the document indicates, the prophet John stands within the traditions of the Second Temple Israel and reads the sky in terms of the Yahwism that was Israel’s elite ideology. Yet John belonged to that Israelite group that believed Jesus of Nazareth was crucified and raised from the dead by the God of Israel to be the Messiah. Consequently, it was not surprising that his celestial observations put him face to face with an humanlike being identified with Jesus the Messiah of Israel.”

Johannes het dus die hemel as Israeliet en as navolger van Christus beoordeel.

Soos reeds genoem, benader Malina (1995:10) Openbaring uit ‘n historiese perspektief: “The approach to the book of Revelation adopted in this book in terms of the Hellenistic conception of the sky is a radically historical one. The goal is to understand the document in terms that would have made sense to a first-century A.D. audience.” Volgens Malina (1995:12) help die klassifisering van Openbaring as apokalips of eskatologiese apokalips weinig om Openbaring beter te verstaan:

“While the terms “apocalypse” or “eschatological apocalyptic” sound duly esoteric and learned, the terms shed little light on the sort of book this last document of the New Testament really is...Thus, while the Greek word “*apocalypse*” (ἀποκάλυψις) originally meant the process of revealing or

making known something secret about persons, the word is inadequate to describe the book of Revelation. Moreover, while it is true that all information imparted by the sky-oriented prophets and seers of antiquity consisted of uncovered secrets, not all revelations or secrets were or are derived from the sky. As a matter of fact, the book of Revelation and works like it (e.g., the books of Enoch) are really a subset of the astronomical and astrological literature of antiquity.”

Dit is uit die bostaande duidelik dat Malina Openbaring eerder onder sterrekundige literatuur as suiwer apokaliptiese literatuur klassifiseer (sien Hoofstuk 3.2).

Die Griekse filosoof Theophrastus het die studie van die sterre en hulle invloed op die aarde en sy bewoners “*astronomics*” genoem. Hierdie benaming kan op alle studie van die eerste eeuse hemel van toepassing gemaak word, aangesien die antieke mense nie ‘n onderskeid tussen astronomie (astronomy) en astrologie (astrology) gemaak het nie. Malina (1995:12) wys daarop dat Charles François Dupuis reeds aan die einde van die agtiende eeu aangedring het dat Openbaring slegs uit ‘n sterrekundige (astronomy and astrology) oogpunt reg verstaan kan word. In 1914 het ene Franz Boll al probeer om “an astronomic interpretation of the major scenarios of the book of Revelation” te maak. Die werke van Wilhelm Gundel, Wilhelm Kroll, en Andre Festugière het ook die belangrikheid van sterrekunde vir die verstaan van die kosmos in die eerste eeu nC, asook die genre van die boek Openbaring onderstreep.

Malina (1995:19) maak dit baie duidelik dat hy Johannes as ‘n astrale profeet (astral prophet) en sy werk as astrale profesie (astral prophecy) beskou. Hy gee vervolgens die volgende definisie van astrale profesie:

“Astral prophecy refers to those ancient narratives reporting the interaction of prophets and seers with star-related, celestial personages and the outcomes of that interaction. These narratives might describe both the initial circumstances of such interactions (i.e., visions, dreams, ecstasies, and other altered states of consciousness), the interactions proper (what the prophet or seer hears and sees, i.e., alternative realities, the very secrets to be revealed), as well as the outcomes of the interactions (impact or meanings of celestial phenomena).”

Die antieke heelal is gesien as 'n geslote sisteem, omsluit deur 'n hemelgewelf. Die vaste sterre het al langs die hemelgewelf beweeg. Die hemelgewelf het ook oor 'n opening beskik wat toegang tot die ander kant moontlik gemaak het. Die hemelgewelf het soos 'n dop alle hemelliggame en wesens omsluit. Die aarde was gesien as die middelpunt van hierdie dop. In die Hellenistiese tyd is die aarde as 'n bal of sfeer beskou. Rondom die aarde het die son, die maan, en vyf sigbare planete beweeg, eers oor die gedeelte waar mense gewoon het, dan onder deur die aarde. Die aarde was die stilstaande middelpunt van die roterende sisteem. Die belangrikste inligting in die hemel was geleë in die planetêre bane van die son en die maan, asook die hemelse ewenaar. Die jaarlikse roete (baan) van die son deur die hemel het die naam die sonneweg of sonnebaan (ecliptic) gekry. Op sy baan beweeg die son verby verskeie sterre. Hierdie sterre vorm saam groot hemelse figure. Die Babiloniers het na hierdie verskynsel as die dierierem (zodiak) verwys.

In die Mediterreense samelewing van daardie tyd het veral twee groepe hulle toegespits op die studie van die hemel:

- Die wyse manne of geleerdes, en
- Die magi, sterrekundiges, profete en sieners.

Eersgenoemde het in verwondering gestaan oor die hemel en aangevoer dat die hemel nooit werklik verstaan kan word nie. Laasgenoemde het egter geglo dat die invloed van die hemel en hemelwesens op die mens ondersoek en verstaan kan word. Sekere geheime inligting het net gewag om deur 'n bekwame persoon ontsluit te word. Die vraag is nou, waar kon jy die geheime inligting kry? Malina (1995:21) dui aan dat eerste-eeuse Mediterreense astrale profete hulle hemelse geheime soos volg gekry het:

“From both study (contemplation rooted in information provided by astronomers, astrologers, philosophers) and from direct contact with the sky personages (ecstasy, visions, dreams and sky trips; hence alternate states of awareness). The information thus gathered was handed down within families (father to son, teacher as fictive father to disciple as fictive son) as well as from seer to significant person (prophet or king).”

Die rol wat die profeet of siener in die samelewing aangeneem het, was beide ‘n sosiale en/of politieke rol. Gebeure in die hemel het die hele samelewing se welstand geraak en daarom is hemelse openbarings gesien as “*essentially public*”. As leidende politieke figure is hemelse openbarings gerig aan konings en priesters. Johannes rig egter nie sy profesie aan so ‘n politieke leier nie, maar aan sy “broers”.

Malina (1995:22) toon aan dat astrale profesie (soos ons vind in Openbaring) en die tradisionele siening van apokaliptiese literatuur (sien Hoofstuk 2) ver verwyderd is van mekaar: “As a matter of fact, astronomical and astrological writings, including Revelation, do not necessarily arise in times of crisis, nor are they always, if ever, a product of the oppressed, marginalized, and powerless. Rather, astral prophecy was usually produced by figures within some philosophical or scribal establishment for political elites.” Astrale profesie neem egter wel die sosiale situasie van die groep in ag. Die kosmos en samelewing is as ‘n eenheid gesien, en die hemel is gebruik om positiewe en negatiewe sosiale omstandighede mee te verduidelik. In negatiewe sosiale omstandighede wil Malina nie van apokaliptiek praat nie, maar eerder van *sosiale krisisbestuur*. In die lig van Openbaring kan die struktuur wat Malina propageer soos volg uitgebeeld word:

Social crisis management → endurance → restructuring of society

In tye van sosiale krisis word daar gevra dat die lesers die krisis sal verduur, en dat hierdie uithou sal lei tot die herstrukturering van die samelewing.

Malina (1995:23) stel dit duidelik dat astrale profete ook ‘n leidende rol in die ideologie van antieke samelewings gespeel het: “From the purpose of ideological hegemony, the purpose of astral prophecy was to exert control over contemporary understandings and descriptions of the sky.”

Astrale profesie en uranografie (studie van die hemel) was nou verwant aanmekaar. Uranografie verwys na:

- Die sistematiese verstaan en beskrywing van die hemel, en

- Verstaan van sterre en hemelliggame en hulle invloed op mense.

Indien Openbaring bestudeer word, is dit duidelik dat alhoewel Johannes homself op Patmos bevind, hy die kuns om die hemel te lees, in ‘n Semitiese wêreld aangeleer het. Sy sterrebeelde is gehelleniseerde, tradisionele Semitiese sterrebeelde. Wat hy sien en hoor word vanuit die Israelitiese Skrif verduidelik. Malina (1995:24) stel dit duidelik dat vanuit ‘n astrale profet se oogpunt, gebeure op aarde nie los van gebeure en verskynsels in die hemel gelees kan word nie:

“As for the book of Revelation, we shall see that, thanks to the traditional story of Israel, especially that part presenting the events of cosmic and human origins, the author can provide a solution to the present situation affecting his part of the world in general and his “brothers” in particular, on the basis of what has happened in the sky in the past and what is happening there in the present.”

5.3.2 KENMERKE VAN ASTRALE PROFESIE

In Openbaring 1:3 en 22:7,10 en 18 word die boek as ‘n profetiese boek aangedui. Johannes se profesie is egter geleë in die lees van die hemel. Vir Johannes is die impak wat sterre en ander hemelliggame op die aarde en haar bewoners het belangrik.

Die hemel word gelees deur middel van:

- Waarneming;
- Hemelse visioene, en
- Hemelse reise/besoeke.

Volgens Malina (1995:26) is die onderskeibare kenmerk van die astrale profesie wat ons in Openbaring vind die feit dat dit in ‘n verhaalvorm voorkom: “So we may say that as a genre or type of writing, astral prophecy, like that in the book of Revelation, is a type of astronomic writing with a **narrative framework** (CS – my beklemtoning) which sets forth information derived from the prophet’s interaction with celestial entities.”

Dit is belangrik om daarop te let dat die genre van ‘n geskrif direk uit sy sosiale sisteem spruit. Om die genre te verstaan, moet ons die onderliggende sosiale sisteem verstaan. Volgens Malina (1995:27) was die lees van die hemel deel van antieke mense se sosiale sisteem: “And the ancients could assess astral prophecy because they lived in a social system in which sky readings were significant for understanding human existence.” Malina (1995:29) toon aan dat Johannes twee dimensies saamvoeg om die hemel te interpreteer: “In sum, John is well educated in contemporary star lore and his culture’s traditional stories. His story of this interpretation of the sky and its personages during his sky journey is his astral prophecy.” Die sterrekunde en die Yahwisme van Israel het Johannes se siening van die hemel direk beïnvloed. Johannes se sosiale sisteem was dus direk gekoppel aan sy eerste eeuse leefwêreld.

Wat tyd aanbetref het die inligting in Johannes se astrale profesie twee dimensies:

- Verlede, en
- Hede

Die hemelliggame en sterrebeelde waarna Johannes verwys is vanaf die begin van die skepping af daar. Hulle het dus in die verlede ontstaan, met die skepping van die heelal. Hulle het egter in die hede steeds ‘n invloed op die aarde en haar bewoners. Hemelse gebeure het spesifiek betrekking op ‘n geografiese gebied gehad – dit het nie die hele aarde beïnvloed nie, maar was gerig op ‘n spesifieke gebied. Gebeure in die hemel is aan intelligente wesens, menslik of niemenslik toegeskryf. Die antieke samelewing was nie individualisties georiënteerd nie, maar het gevra watter impak het hemelse gebeure op die groep. Slegs verhewe individue soos konings, prinse of Romeinse senators kon vra watter invloed het hemelse gebeure op my.

Die boek Openbaring is ook gerig op groepe en die politieke elite, en het dus ‘n *politieke strekking*. Politiek gaan oor mag as simboliese en sosiale medium, maar daar moet ingedagte gehou word dat die intelligente wesens wat agter hemelse gebeure gestaan het, die betekenis van die gebeure bepaal het. Openbaring het ook ‘n *godsdienstige strekking*, wat in die politieke sisteem ingesluit is.

Malina (1995:30) voer aan dat die benaming profesie vir Openbaring steeds gepas is, inaggenome dat die konteks Hellenistiese sterrekunde, en dus astrale profesie is:

“In sum, astral prophecy is a conventional, imaginative description of an experience in terms of celestial scenarios. Such prophecy is not assessed in terms of true and false, fact or non-fact, but in terms of the adequacy or inadequacy of the significance of the information it imparts. It is revelation in that astral prophets make known what most persons did not know. And most ancient persons simply did not know enough about sky lore and techniques for acquiring it to learn such information. Astral prophecy is astrological and/or astronomical prophecy. It differs from other forms of prophecy in that it describes visions of, and interactions with, sky beings and sky phenomena that impact upon regions of the earth. In the first-century Mediterranean, sky beings were commonly believed to be in control of human social realities: life and death, war and peace, climate and fertility, and the like.”

Astrale profesie kan gesien word as een van die maniere waarop inligting van die wêreld van die gode verkry kon word. Goddelike geheime kon direk of indirek verkry word. Direkte openbarings kom van ‘n hemelse bron en dit sluit die ontvanger se sig en gehoor in. Johannes se astrale profesie behoort tot hierdie kategorie van direkte openbaring.

Malina (1995:31-44) gee die volgende voorbeelde van hoe hemelse openbarings ontvang is:

- Revelation in the course of a dream or an ecstasy;
- Revelation through conversation with a sky being;
- Revelation through the discovery of a (divine) book or stele;
- Revelation received by means of signs in the sky;
- Indirect or transmitted revelations;
- Instructions of a sage or seer to a king/elite, and
- Know-how as kinship assets.

Vandag beskou mense gebeure in die hemel en hulle invloed op die aarde as “*atmospheric phenomena*.” Antieke mense het hemelse gebeure egter as tekens gesien en het sosiale betekenis

daarin gesoek. Vir hulle kon daar niks in die hemel gebeur wat nie op een of ander manier die aarde en haar bewoners beïnvloed het nie. Hierdie hemelse invloed was nie op die verre toekoms of eindtyd gerig nie, maar soos Malina (1995:45) dit stel: “In other words, there was nothing “eschatological” about astral prophecy, at least not in any usual sense of the “study of the last things”. What mattered were existing, present things...The time concern is not the remote or distant future, but the past, the present, and the immediate forthcoming.” Astrale profete het vir hulle “in-group” slegs positiewe en opbouende inligting gegee. Hierdie inligting wat uit die verlede geput word, moet vir die hede en die onmiddellike toekoms hoop gee. Vir hulle vyande (out-group) het hulle slegs negatiewe gebeure in die hemel gesien.

In die boek Openbaring verskyn die opgestane Christus aan Johannes in ‘n verheelikte gestalte, as ‘n hemelse figuur. Volgens Malina (1995:46) laat Johannes sy groep deel in hierdie wonderlike openbaring: “The cosmic Christ reveals information directed to ‘the angels of the seven churches’. John makes us privy to this celestial, cosmic information.”

5.3.3 KAART VIR ‘N REIS DEUR OPENBARING

In hoostuk 3 van sy boek gee Malina vir ons ‘n kaart om Openbaring se eerste eeuse hemel te verstaan. Volgens hom is ‘n kaart noodsaaklik om jou vir die hemelse reis voor te berei.

Malina (1995:49-50) dui vyf sektore aan waardeur Openbaring sy lesers neem:

- Sector 1: The Cosmic Role of Jesus the Messiah
Chapter 1-3
- Sector 2: How God Controls the Universe and Deals with Israel
Chapter 4-11
- Sector 3: The Cosmos Before the Flood: Why the Present Condition
Chapter 12-16
- Sector 4: The First Postdeluvian City of Humankind: Babel and its Fate
Chapter 17-20
- Sector 5: The Final City of Humankind: Celestial Jerusalem
Chapter 21-22

Malina (1995:50) stel dit duidelik dat in al hierdie sektore die hemel (sky) sentraal staan: “In all of these sectors, John considers the sky and elements in the sky both in themselves and their repercussions upon the earth. To be faithful to John’s perspective, in the course of this work I will employ terminology befitting sky surveillance.” Hy wys ook daarop dat hy nie van hemel (heaven) wil praat nie, maar eerder van lug (sky), aangesien hemel ‘n gelaaide term in ‘n Bybelse konteks is. (Vir my studie vertaal ek egter sky met hemel en nie met lug nie.)

Hy verwys vervolgens dat hy beelde/figure in Openbaring soos volg hanteer:

Beeld/figuur	Interpretasie
Seun van die mens Vier lewende wesens voor God se troon Lam Vrou Kind Draak Dier uit die see Dier uit die aarde Bruilof van die Lam	Sterrebeeld
Perde Trompette Bakke	Komete
Engele	Hemelse helper (Sky servant)

Volgens Malina (1995:51) vind ons in Openbaring ‘n wye reeks sterrekundige beelde, wat uit ‘n Israelitiese oogpunt geïnterpreteer word:

“The book of Revelation represents an Israelite interpretation of the sky by an astral prophet who accepts Jesus as Messiah and as cosmic Lamb. We find in the work the normal astronomic cast of characters including constellations, stars, falling or otherwise, sun and moon, as well as the cosmic abyss in the southern sky. All this pertains to the cosmic furniture, so to say. But we also

find reference to the distinctive tradition of Israel as contained in its sacred writings and its sacred lore.”

Malina (1995:52) som sy verstaan van Openbaring soos volg op:

“In sum, then, the burden of the book of Revelation deals with the role of Jesus Messiah in the cosmos, with God’s punishment of the inhabitants of the land of Israel for their lack of repentance, with the origins of the present cosmic situation and of the cosmic evil that impacts the earth, and with reasons for the expected elimination of this evil by means of a cosmic renewal. John interprets his sky trips in terms of Israel’s story of human beginnings in Genesis and the new human beginnings with Jesus Messiah.”

Johannes se verstaan van die hemel is dus gefokus op Jesus Christus as Messias uit ‘n Israelitiese oogpunt.

5.4 MALINA & PILCH SE WERK: *SOCIAL-SCIENCE COMMENTARY ON THE BOOK OF REVELATION*

Dit sal van die begin af baie duidelik wees dat Malina & Pilch se werk in ‘n groot mate ‘n herhaling van Malina se oorspronklike werk is. Dit kan dus voorkom asof dieselfde inligting wat in Hoofstuk 5.3 bespreek is, bloot hier herhaal word. Malina & Pilch se werk word egter aan die hand van hulle kommentaar weergegee vir twee redes. Om aan te toon dat hierdie tema ‘n herhaling van Malina se eerste werk is, sowel as vir volledigheid. Die doel van die studie is immers om Malina & Pilch se werk te beoordeel. Wat dus werklik tersake is en ‘n vars bydra tot die studie sal lewer, is Hoofstuk 5.4.2.

Malina & Pilch (2000:vii) stel dit vanaf die voorwoord duidelik dat hulle Openbaring nie soos die meeste ander interpreteerders van hierdie besondere boek benader nie. Hulle is nie noodwendig *histories gerig* (historically minded) of *toepaslikheid soekend* (relevance-seeking) in hulle interpretasie nie. Histories gerigte interpreteerders fokus op ‘n reeks historiese kontekste wat die nodige inligting kan verskaf om Openbaring te verstaan in terme van die outeur en die oorspronklike gehoor in die eerste eeuse Mediterreense wêreld. Toepaslikheid soekende interpreteerders fokus op kontemporêre (eie-tydse) sosiale tekens wat met tonele in Openbaring versoenbaar is, en dus dui op wat in ons eie tyd gaan gebeur. Malina & Pilch se metode lê

volgens hulle eie bekentenis nader aan die historiese as die toepaslikheid interpretasie van die boek. Tog poog hulle om nie akademies of anachronisties met Openbaring om te gaan nie. Hulle oogmerk met die kommentaar kan met die volgende aanhaling in die voorwoord opgesom word: “This commentary seeks to track its author on his sky journeys and to understand what it was that he had to see in the sky, and subsequently interpret the way he did.” Eenvoudig gestel kan hierdie hele kommentaar opgesom word met die volgende belydenis van Malina & Pilch: “The authors of this commentary take the author of Revelation at his word. If he said he went into the **sky** (CS – my beklemtoning), we believe that in his estimation, he went into the **sky** (CS – my beklemtoning).”

Malina & Pilch (2000:1) stel dit in die inleiding baie duidelik wat hulle **doel** met die skryf van hierdie kommentaar is: “Our primary interest in writing a social-science commentary on the Book of Revelation is to enable modern readers to interpret this book in a way that would be fair to its author and original audience.” Dit wat die oorspronklike outeur bedoel het, en dit wat die oorspronklike gehoor verstaan het, moet sentraal staan volgens Malina & Pilch. Hulle oorspronklike sosiale situasie moet dus verstaan word (sien Hoofstuk 4.2). Die enigste manier om dit te doen is om die eerste eeuse Mediterreense hemel (sky) te verstaan. Die rede hiervoor is volgens Malina & Pilch (2000:1-2) voor die hand liggend: “...nearly all that the prophet observes in his visions is somewhat related to the **sky** (CS – my beklemtoning). By any reading, almost everything John says that he experienced occurs with **entities in the sky** (CS – my beklemtoning).” Wat Malina & Pilch (2000:22) beoog met hulle kommentaar is duidelik: “If we wish to learn John’s meanings, we must learn the **social system** (CS – my beklemtoning) that his language encodes, even if it includes an understanding of the sky different from our own.”

5.4.1 JOHANNES AS ASTRALE PROFEET

Volgens Malina & Pilch (2000:2) is Johannes ‘n profeet. Hy is egter nie ‘n gewone profeet nie. Sy profesie is onlosmaaklik verbind aan die hemel (sky) en hemelliggame. Daarom kan sy profesie die beste soos volg beskryf word: “If John interacted with celestial beings of various sorts while in the realm of the stars, his prophecy is perhaps best described as celestial or **astral prophecy** (CS – my beklemtoning).” Johannes was dus ‘n astrale profeet wat sy profesie in die hemel (sky) ontvang het. In die Hellenistiese tyd was daar ‘n opkoms van spesifieke Israelitiese

openbarings wat gefokus het op die “lees van die hemel”. Die lees van die hemel het veral op die volgende gefokus:

“Rather it was common in the period to read the sky to find out information about the past celestial and social conditions that led to present social conditions as well as to find out answers concerning what the sky holds in store for kingdoms as a whole, for prominent social individuals such as kings and prophets, and in general when to begin certain activities influenced by the sky impacting on specific regions.” (Malina & Pilch 2000:4).

Die hemel het antwoorde op sosiale omstandighede en aktiwiteite verskaf. Die aktiwiteite waarop gefokus is, is alledaagse aktiwiteite, soos wanneer om ‘n huis te bou, wanneer om op reis te gaan of land te koop.

Vir Malina & Pilch (2000:4-5) is dit baie duidelik hoe Johannes sy hemelse openbarings ontvang het: “In social-scientific terms, John’s reports as well as his designation of the outcomes of his experiences as prophecy indicate he was gifted with **ASC** (altered states of consciousness – CS) experiences.” *ASC ervarings* was nie abnormaal en vreemd in antieke tye gewees nie. Sekere dinge wat ons vandag as transendent beskryf, was deel van die antieke mens se leefwêreld: “For the ancients, the realm of God and God’s angels, of stars and planets, of spirits, demons, and genies, were all part of the total environment in which humans lived.” Dit is dus ongegrond en etnosentriek om van God, engele ens. in Johannes se konteks as transendent (transcendent) of bonatuurlik (supernatural) te praat. Alhoewel ander Mediterreense persone ook die gawe van ASC gehad het, was daar drie kenmerke van Johannes se ASC ondervinding van die hemel wat hom uniek maak en onderskei van ander ASC profete:

“Thus, what is distinctive of John as prophet is that

- he read the sky as a Jesus-group prophet;
- in the traditions of Israel, with
- Hellenistic sky lore (astronomy) of the period.”(Malina & Pilch 2000:8)

Om Openbaring uit ‘n ASC oogpunt te benader hou volgens Malina & Pilch (2000:5) vir die interpreteerder slegs voordeel in: “By reflecting upon the social-scientific understanding of ASC, the interpreter of the Book of Revelation will be able to make fresh, culturally plausible

interpretations of the experiences and the events reported in the book.” Hulle beskuldig egter tradisionele interpreteerders van Openbaring dat hulle ASC geïgnoreer het in hulle interpretasie van Openbaring: “Historically oriented, academic biblical scholars so concerned with determining the genre, literary structure, and Old Testament sources evidenced in the Book of Revelation never attend to this *Mediterranean culture’s consensus reality*.” Met hierdie opmerking stel Malina & Pilch hulle in ‘n sekere mate teenoor die tradisionele interpretasie metodes van Openbaring. Hierdeur wil hulle ook aantoon dat hulle Johannes se sosiale situasie ernstig opneem, iets wat nie deur tradisionele interpreteerders van die boek gedoen is nie.

In antieke tye is geskrifte met openbarings van God nie bedoel gewees vir enige iemand nie. Goddelike openbarings was bedoel vir konings, priesters en profete. Alle ander mense het onregstreekse weergawes van sulke inligting gekry. Dit is eers na die reformatie dat alle mense toegang tot die Bybel (en dus God se openbarings) gekry het. Daarom wys Malina & Pilch (2000:12-13) daarop dat Openbaring aan ‘n baie spesifieke gehoor gerig was: “In other words, in antiquity, no one was expected to understand John’s Book of Revelation except the limited audience to which it was directed.” Die gehoor aan wie die boek gerig was, het bestaan uit: “his fellow Jesus-group prophets and perhaps other Jesus-group members of Israelite origin who knew Ezekiel, Daniel, Zachariah, and 1 Enoch.” Dit is belangrik om daarop te let dat Johannes se brief nie gerig was op al die Jesus-groep lede in die sewe gemeentes nie, maar: “John’s letter (was – CS) intended for the leaders of the time.” Hier word verwys na profete wat as leiers van ‘n Jesus-groep opgetree het en die taak gehad het om ‘n ander profeet se uitsprake te interpreteer. Hierdie opmerking van Malina & Pilch het verreikende gevolge. Die implikasie hiervan is dat Openbaring nie vir gewone mense toeganklik en verstaanbaar was nie: “In antiquity, ordinary persons would not understand this book, just as they would not understand the interpretations of the sky by other Mediterranean celestial interpreters, Latin, Greek, or Semitic.” Die vraag kan nou tereg gevra word, dat indien die boek nie eers universeel verstaanbaar vir die eerste lesers was nie, hoe ons vandag die boek met beperkte kennis van die eerste eeuse hemel, moet verstaan? Malina & Pilch sal die vraag beantwoord deur te sê dat sterrekundige bronne (astrological and astronomical) die beste antwoorde sal verskaf.

5.4.2 STRUKTUUR EN OPBOU VAN DIE BOEK OPENBARING

Vogens Malina & Pilch (2000:8) is Openbaring ‘n saamgestelde werk: “The Book of Revelation is a composite work, put together in its present form from several pre-existing pieces.” Dit moet gestel word dat hierdie vertrekpunt ongelooflik belangrik is vir Malina & Pilch (2000:10) se verstaan van Openbaring. Indien aanvaar word dat Openbaring wel ‘n saamgestelde werk is, impliseer dit dat die boek nie ‘n “*simple and unified piece*” is nie. Die implikasie hiervan sal talle moderne interpreteerders van Openbaring (veral die wat toepaslikheid soekend is) ontugter:

“Consequently, it does not offer a sequential or linear vision of how events have unfolded or must unfold as history moves to some fated conclusion. Rather, it is a composite collection of visions (with sights and sounds) given by God to the Jesus-group prophet John concerning Jesus the Messiah and interpreted by God’s sky servants.” Openbaring kan dus nie gebruik word om die eindtye mee af te lei nie. Malina & Pilch sal dus ook nie aan Openbaring die tradisionele kenmerkende eskatologiese karakter van ander apokaliptiese geskryfte heg nie (sien Hoofstuk 2.4.2).

Aangesien Malina & Pilch (2000:11-12) Openbaring as ‘n saamgestelde werk beskou, is dit logies dat hulle aan die onderskeie dele waaruit die boek saamgestel is verskillende plekke en datums van ontstaan sal toedig. Die finale samestelling van die boek in sy huidige formaat was egter waarskynlik ‘n geruime tyd na die vernietiging van Jerusalem in 70 nC (sien Hoofstuk 3.5). Volgens Malina & Pilch kan Openbaring se stuktuur soos volg verstaan word:

Chapter	Heading 1	Heading 2
1:1-3	Superscription	Contents of the Book
1:4–3:22	A Letter to Seven Asian Churches	
<ul style="list-style-type: none"> • 1:9-20 • 2–3 	<ul style="list-style-type: none"> • Body of the Letter–Part 1 • Body of the Letter–Part 2 	<ul style="list-style-type: none"> • A Vision of Jesus the Messiah in His Comic Role • Edicts from the Cosmic Jesus to the Celestial

		Guardians of Seven Churches
4–11	Insert 1: Sky trip and Vision	How God Controls the Universe and Dealt with Israel
12–16	Insert 2: Sky trip and Vision	The Cosmos before the Flood: Why the Present Condition
17:1–20:10	Insert 3: Vision	Humankind’s First Postdiluvian City: Babel and Its Fate
20:11–22:5 • 21:1–22:5	Body of the Letter–Part 3 • Insert 4: Vision	Rewards for those Who Overcome • The Final City of Humankind: Celestial Jerusalem
22:6-20	Conclusion to the Book	
22:21	Formal Conclusion of the Letter	

5.5 SAMEVATTING

Daar is uitgewys dat Malina & Pilch se kommentaar as deel van die *Social-Science Commentary on ...- reeks* dieselfde formaat as sy voorgangers gevolg het. Malina se *On the genre and Message of Revelation* is bespreek. Dit is duidelik dat Malina Johannes as ‘n astrale profeet beskou, en die boek Openbaring as astrale profesie. Johannes se boek moet in die lig van die hemel (sky) van die eerste eeu nC verstaan en geïnterpreteer word. Johannes se sosiale sisteem is beïnvloed deur die sterrekunde, sy Israelitiese agtergrond en sy oortuiging dat Jesus Christus die Messias is. Malina & Pilch se *Social-Science Commentary* sluit direk by Malina se oorspronklike werk aan. Daar word net meer klem op die verduideliking van spesifieke verse gelê. In wese is die gedagtegang egter presies dieselfde in die twee boeke.

HOOFSTUK 6

ONTDEKKING VAN MALINA EN PILCH SE *SOCIAL-SCIENCE COMMENTARY ON REVELATION*:

GEVALLESTUDIE – OPENBARING 12:1-18

6.1 INLEIDING

In Hoofstuk 5 is Malina & Pilch se vooronderstellings en werkswyse verduidelik. Dit is egter nodig om dieper te delf in hulle boek voordat ‘n finale oordeel oor die werk gemaak kan word. In hierdie gedeelte word op ‘n spesifieke hoofstuk in Openbaring gefokus om te sien hoe Malina & Pilch hulle metode prakties toepas op ‘n teks. Die teks wat ondersoek word is Openbaring 12:1-18. Eerstens word Malina se hantering van Openbaring 12 in *On the Genre and Message of Revelation* bespreek, en daarna word Malina & Pilch se benadering in hulle *Social-Science Commentary on Revelation* vergelyk met spesifiek David Aune (en ook ander interpreteerders) se benadering in sy kommentaar *Revelation 6-16* (Word Biblical Commentary). Die studie begin met ‘n bespreking van die struktuur en plek van Openbaring 12 in die groter Openbaring. Dit word gevolg met ‘n volledige bespreking van die afsonderlike verse.

6.2 OPENBARING 12:1-18 SE PLEK IN DIE STRUKTUUR VAN OPENBARING

6.2.1 DIE STRUKTUUR VOLGENS MALINA SE *ON THE GENRE AND MESSAGE OF REVELATION*

Openbaring hoofstuk 12 tot 16 is deel van *Sector 3: The Cosmos Before the Flood: Why the Present Condition* (sien Hoofstuk 5.3.3). Malina verdeel die gedeelte verder in twee dele:

- Hoofstuk 12: Prehistoric Star Wars
- Hoofstuk 13-16: Antediluvian Land Wars

In hierdie sektor is daar drie *hemelse tekens* wat verskyn:

- Vrou;
- Draak, en

- Sewe bakke.

Elke teken het 'n kosmiese betekenis en beïnvloed die aarde. Die eerste twee tekens word in hoofstuk 12 beskryf en is in konflik met mekaar. In hoofstuk 13-14 verskyn die dier uit die see en die dier uit die aarde. In hoofstuk 15:5 word verwys na God se tempel in die hemel. In hoofstuk 16 word die sewe bakke uitgegooi. Die gebeure wat in hierdie hoofstukke beskryf word verwys na die hemel (sky) in die tydperk aan die begin van God se skepping van die heelal. Hierdie gedeelte word in verband gebring met die oergeskiedenis soos beskryf in Genesis 1-10:

- Slang van ouds – Gen 2-3, en
- Vernietiging van Babel – Gen 10.

Malina (1995:155) beskryf dit soos volg: “The scenarios in this sector, then, are bracketed by events alluded to in Israel’s stories of origin: cosmic creation (concluded with the prehistoric flood) and cultural creation (to be concluded presumably, with the posthistoric new Jerusalem). In sektor 3 word die aandag veral gevestig op die hoekom en waarom van die vernietiging van die Vloed generasie (Flood generation).

Hoofstuk 12 vorm die middelpunt tussen die twee getuies (hoofstuk 11) en die twee diere (hoofstuk 13). In hoofstuk 12 word twee tekens naamlik die Swanger Vrou en die Draak bekend gestel. Hierdie twee tekens is sterrebeelde en dui op weersomstandighede of sosiale gebeure wat voorhande (forthcoming) is. Na die twee beelde volg 'n reeks gebeure in die hemel (sky):

- Die geboorte van 'n kosmiese kind
- Die troonbestyging van die kind
- Die Vrou vlug na die woestyn
- 'n Hemelse oorlog
 - Migael en sy engele verslaan die Draak en sy engele
 - Draak word op die aarde gegooi

Hierdie gebeure word gevolg deur 'n hemelse loflied, waarna 'n reeks gebeure op die aarde volg:

- Draak agtervolg die Vrou
 - Die Vrou vlug na die woestyn
- Draak spoeg water om die Vrou mee te sleur
 - Aarde sluk water op
- Draak maak oorlog teen Vrou se nakomelinge

- Draak gaan staan op die seestrand

6.2.2 DIE STRUKTUUR VOLGENS MALINA & PILCH SE *SOCIAL-SCIENCE*

COMMENTARY ON REVELATION

Malina & Pilch (2000:26) plaas Openbaring 12 as deel van Invoeging 2 (sien Hoofstuk 5.4.2). Soos in die opbou gesien kan word, strek hierdie Invoeging vanaf hoofstuk 12 tot hoofstuk 16. Hoofstuk 12 is dus die begin van 'n nuwe reeks visioene. Volgens Malina & Pilch (2000:153) gebruik Johannes Israel se Tora as verwysingsraamwerk om die reeks visioene te plaas in 'n tydraamwerk. In die lig van die Tora is die tydsperiode waarna hierdie reeks visioene verwys die tydperk voor die Bybelse vloed. Hoofstuk 12 verwys spesifiek na die tydperk: "before the completion of the creation of the world" en hoofstuk 13 tot 16 na die tydperk: "from creation and up to the Biblical Flood". Die eerste elf hoofstukke van die boek Genesis moet dus in samehang met die reeks visioene gesien word. Hoofstuk 12 het volgens Malina & Pilch direkte raakvlakke met Genesis 1-2 waar ons lees van God se skeppingswerk in die begin. Hoofstuk 12 handel oor 'n prehistoriese konflik waarvoor daar twee kenmerkende tekens is. Die profeet Johannes sien gebeure soos dit in die hemel ontvou. Die belangrike hiervan word soos volg deur Malina & Pilch (2000:155) beklemtoon: "This (die hemel – CS), of course, is the locale of the stars in their various configurations." Hy sien eers in die hemel 'n Swanger Vrou en dan 'n Draak. Hierdie twee tekens is 'n aanduiding van gebeure wat voorhande is (forthcoming events). Soos Malina & Pilch (2000:155) opmerk: "Signs in the sky point to forthcoming events of relevance to people they affect, whether weather conditions or social events." Daarom die opskrif vir hierdie gedeelte *Prehistoric Conflict: Two signs – The Celestial Pregnant Woman and the Celestial Serpent*.

6.2.3 DIE STRUKTUUR VOLGENS AUNE SE *REVELATION (WORD BIBLICAL*

COMMENTARY)

Aune (1998:632) plaas hoofstuk 12 as deel van Openbaring 11:15 – 16:21. Hy noem die gedeelte *The Seventh Trumpet and the Seven Bowls*.

Aune se afbakening van die perikoop is vanaf 11:19 – 12:17, en sy titel vir die perikoop is *The Woman, the Child and the Dragon*.

Openbaring 12:1-17 bestaan uit vier episodes wat omarm word deur 11:19 en 12:18, en vertoon die volgende struktuur:

- Inleidende goddelike verskynsels (11:19)

- **Die bekendstelling van die *DRAMATIS PERSONA*: Swanger Vrou en die Draak (12:1-4a)**
 - Die eerste grootse teken in die hemel: ‘n Vrou (12:1-2)
 - Die tweede grootse teken in die hemel: ‘n reuse Draak (12:3-4a)

- **Die eerste fase van die konflik:** die geboorte en ontvlugting van die Kind en die vlug van die Vrou (12:4b-6)
 - Die Draak val aan (12:4b)
 - Die Vrou skenk geboorte aan die Kind (12:5ab)
 - Die Kind ontvlug van die Draak (12:5c)
 - Die Vrou vlug van die Draak (12:6)

- **Die tweede fase van die konflik:** die nederlaag van die Draak en die daaropvolgende positiewe en negatiewe gevolge (12:7-12)
 - Oorlog in die hemel (12:7-9)
 - Hemelse kommentaar: ‘n oorwinningslied (12:10-12)

- **Die derde fase van die konflik:** die Draak agtervolg die Vrou en haar nasate (12:13-17)
 - Inleiding (12:13)
 - Die tweede ontvlugting van die Vrou (12:14)
 - Die Slang val die Vrou aan (12:15-16)
 - Die Draak rig sy woede op die nasate van die Vrou (12:17)

6.2.4 VERGELYKING VAN MALINA, MALINA & PILCH EN AUNE SE STRUKTURE

Vir duidelikheid en volledigheid word die drie strukture wat bespreek is in ‘n tabel formaat met mekaar vergelyk.

	Malina	Malina & Pilch	Aune
Opskrif	Prehistoric Star Wars	Prehistoric conflict: Two signs – The Celestial Pregnant Woman and the Celestial Serpent	The Woman, the Child and the Dragon
Perikoop afbakening	12:1-18	12:1-18	11:19-12:17
Verdeling van die perikoop	Gee nie duidelike indeling van perikoop nie	12:1-6 12:7-14 12:15-16 12:17-18	11:19 12:1-4a 12:4b-6 12:7-12 12:13-17
Groter geheel	Hoofstuk 12 – 16	Hoofstuk 12 – 16	Hoofstuk 11:15 – 16:21
Groter geheel opskrif	<i>Sector 3: The Cosmos Before the Flood: Why the Present Condition</i>	Insert 2: Sky trip and Vision. The Cosmos before the Flood: Why the Present Condition	The Seventh Trumpet and the Seven Bowls

6.3 BESPREKING VAN DIE VERSE

Die volgende stap in die studie is om die onderskeie verse afsonderlik te bespreek. Die indeling wat gevolg word is die wat Malina & Pilch in hulle kommentaar gebruik.

Malina bespreek nie die verse afsonderlik in sy *On the Genre and Message of Revelation* nie. Sy bespreking word daarom ingevoeg waar dit die beste in die konteks inpas. Omdat Aune se perikoop by 11:19 begin, word sy interpretasie van die vers ook bespreek. Vir die logiese vloei van die bespreking word die onderskeie bronne apart aangedui en telkens in dieselfde volgorde. Die hooffokus sal weereens wees op Malina, Malina & Pilch, en Aune se werk. Ander

interpreteerders se hantering van die verse word ook bygevoeg waar tersaaklik. Die rede hiervoor is om ook die wyer interpretasie van die perikoop te verstaan.

Die volgende werke word in hierdie bespreking hanteer:

- Malina (1995): *On the Genre and Message of Revelation*
- Malina & Pilch (2000) : *Social-Science Commentary on Revelation*
- Aune (1998): *Revelation 6 –16 (Word Biblical Commentary)*
- Prevost (1993): *How to read the Apocalypse*
- Du Rand (1986&1999): *Want die Einde is Naby & Openbaring in Die Bybellennium*
- Botha (1989): *Openbaring in Die Verklarende Bybel*
- Resseguie (1998): *Revelation unsealed*

6.3.1 HOOFSTUK 11:19

Vers 19: *Toe het God se tempel, wat in die hemel is, oopgegaan, en sy verbondsark wat in sy tempel is, het sigbaar geword. Daar het toe weerligstrale, dreunings, donderslae, 'n aardbewing en 'n groot haelstorm gekom.*

Aune (1998:676-678)

Drie interpretasies van 11:19 binne Openbaring se struktuur is moontlik:

- Vorm 'n konklusie van 11:14-18
- Dit dien as 'n oorgang tussen 11:14-18 en 12:1-17
- Dit dien as inleiding vir 12:1-17

Aune kies vir die derde interpretasie. Hy voer die volgende redes hiervoor aan:

- In die struktuur van Openbaring vervul die epifaniese formules *weerlig en aardbewing* 'n kenmerkende rol. In 4:5; 8:5; 11:19 en 16:18-21 word hierdie formules verbind met die troon van God of die hemelse tempel. Hy stel die funksie wat die opening van die hemelse tempel vervul soos volg: “The opening of a temple door together with other epiphanic signs constitutes a ritual motif pointing to the imminence of a divine

epiphany.” In Openbaring 4:1 en 19:11 dien die opening van ‘n hemelse deur of die opening van die hemel as ‘n inleiding vir visioene.

- Die tweede rede is die verbale en strukturele ooreenkoms wat daar tussen Jesaja 66:6-7 en Openbaring 11:19-12:5a is.

Volgens Aune dien vers 19 dus as inleiding vir hoofstuk 12.

In die antieke wêreld is *tempel deure* wat self oopgegaan het as ‘n wonder beskou.

Hierdie is die enigste eksplisiete verwysing na ‘n hemelse *verbondsark* in vroeë Joodse of Christelike literatuur.

Die *weerligstrale en aardbewing* is epifaniese gebeure en simboliseer die dreigende goddelike oordeel.

6.3.2 HOOFTUK 12:1

Vers 1: Toe het daar ’n groot teken in die hemel verskyn: daar was ’n vrou met die son as kleed om haar, die maan onder haar voete, en op haar kop ’n kroon van twaalf sterre.

Malina (1995): Die Swanger Vrou

Die sterrebeeld van die Swanger Vrou is ‘n “sky deity of gigantic proportions”. Die son as kleed, die maan onder haar voete en die twaalf sterre om haar kop dui op haar reusagtigheid. Net soos ander vroulike hemel gode (sky deities) van die periode, skenk sy geboorte en ervaar geboortepyne. Die sterrebeeld van die Swanger Vrou was bekend in Mesopotamiese tradisies. Verskillende volke het haar verskillende name gegee:

Naam	Volk
Mylitta	Assiriërs
Alilât	Arabiërs
Mitra	Perse
Astarte	Fenisiërs
Heavenly Aphrodite	Grieke


Die *son as kleed* dui op ‘n sterrebeeld wat met die dierierem verband hou. Die sterrebeeld het op die sonneweg (ecliptic) gelê.

Die *maan onder haar voete* plaas haar in die suide van die sonneweg (ecliptic). Vir die beeld van die Swanger Vrou moet dus na die suide van hemel gekyk word. Malina (1995:158) verbind nou die Swanger Vrou met die sterrebeeld Maagd: “The identification of this Pregnant sky Woman with the **constellation Virgo** (CS – my beklemtoning) dates back at least to Charles Dupuis in 1794”. In die eerste eeuse Mediterreense denke, kon die vroulike rolle van maagd, moeder en koningin deur dieselfde persoon vervul word. Wat belangrik is, is dat Johannes die sterrebeeld van ‘n Swanger Vrou sien, terwyl tradisionele leer (traditional lore) dit as ‘n Moeder en Kind sien. Dit dui daarop dat Johannes die sterrebeeld sien toe dit nog een entiteit gevorm het, voor die geboorte van die kind, dus as ‘n kosmiese Swanger Vrou. Malina (1995:160) maak nou die volgende gevolgtrekking: “This vision places us in **prehistoric times** (CS – my beklemtoning)...the scenario here considers the sky as it was early on at the time of creation.” Hierdie visioen verwys dus na ‘n prehistoriese tyd.

Malina & Pilch (2000:155-156)

Die Swanger Vrou is ‘n verwysing na ‘n reusagtige hemelse wese (sky entity). In verskeie Mesopotamiese tradisies word na die sterrebeeld van die Swanger Vrou (Pregnant Woman) verwys. Die sterrebeeld van die Maagd (Virgo) is die enigste vroulike figuur in die dierieriem (zodiac), asook die tweede grootste van al die sterrebeelde. Die *son as kleed* om haar, die *maan onder haar voete* en die *kroon van twaalf sterre* is ‘n aanduiding van haar reusagtige grootte. Net soos ander hemelse gode (sky deities) van hierdie tyd, skenk sy geboorte en ervaar die pyn daarvan (sien vers 2). Johannes beeld die Swanger Vrou baie konvensioneel en herkenbaar uit. Vir tydgenote van Johannes sou sy beskrywing van die Swanger Vrou verwys het na ‘n sterrebeeld in die sonneweg (ecliptic). Sy bevind haarself in die middel van die hemel, aangesien die son ‘n kleed om haar vorm. Dit is egter belangrik om daarop te let dat haar klere elke maand sou verander soos wat die son en maan deur die dierieriem beweeg. Die *maan onder haar voete* dui daarop dat sy haarself aan die suide van die sonneweg bevind. In hierdie visioen word daar dus na die suide van die hemel gekyk.

Aune (1998:679-681)

Die term *shmeiōn* (“teken”) kom slegs drie keer in die enkelvoud in Openbaring voor (12:1, 3; 15:1). Die term word in die Septuagint gebruik om t/a  mee te vertaal. Die volgende betekenis word aan die woord geheg:

- ‘n kenmerkende merk waaraan iets uitgeken of herken kan word;
- ‘n monument wat herinner aan gebeure uit die verlede;
- ‘n aanduiding van iets wat in die toekoms gaan gebeur;
- ‘n wonderwerk, en
- ‘n sterrebeeld.

Veral die laaste betekenis is belangrik in die lig van Malina & Pilch se aannames. In die Grieks-Romeinse astrologie het die Griekse woord *shmeiōn* die betekenis van sterrebeeld gehad. Die Latynse vertaling van *shmeiōn*, *signum* is ook in die konteks van sterrebeelde en die tekens van die dierieriem gebruik.

Die beeld van die *vrou* kan op verskeie maniere geïnterpreteer word:

- Eerstens as Maria, die moeder van Jesus;
- Die kerk;
- Die bruid, die Hemelse Jerusalem van Openbaring 19 en 21;
- Die vervolgte volk van God vir wie die Messias kom;
- As Isis, die koningin van die hemel, en
- As ‘n astrologiese figuur, moontlik ‘n sterrebeeld.

Weereens is die laaste interpretasie van belang. Die tweede grootste sterrebeeld in die antieke tyd was die Maagd (Virgo). Hierdie sterrebeeld wat in Grieks as *Parqeno* “maagd” bekend gestaan het, het volgens oorlewering twee arendsvlerke gehad (vgl. vers 14).

Die *twaalf sterre* stel waarskynlik die dierieriem voor.

Prevost (1993:99-100)

Die Vrou wat verskyn moet nie Mariologies verklaar word nie, maar eerder ekklesiologies. Die rede hiervoor is omdat in die Ou Testament (vgl. Hosea 1-3, Esegïel 16 ens.), sowel as in die Nuwe Testament (vgl. Galasiërs 4) word die figuur van 'n vrou dikwels gebruik om die volk van God voor te stel. Die volgende argumente word ook aangevoer:

- Die *kroon van twaalf sterre* verwys eweneens na die volk van God, wat gebou is op die twaalf stamme van Israel en die twaalf apostels.
- Die *geboortepyne* (vers 2) word in die Joodse tradisie met Sion verbind, wat ook as 'n simbool van die volk van God dien.
- Dit is moeilik om die vlug en verblyf in die woestyn (vers 6) met 'n episode in die lewe van Maria te versoen.
- Die goddelike beskerming van die vrou en kind verwek beelde van God se beskerming van die volk tydens die Eksodus (uittog uit Egipte).
- Migael is die beskermer van die volk Israel volgens Daniël 12:1.
- In Openbaring 21-22 herhaal Johannes indirek die vroue figuur van hoofstuk 12 in die vorm van die bruid (die kerk).

Du Rand (1986:119) & Du Rand (1999:1789)

In die lig van Openbaring 12:17, kan gestel word dat die Vrou wat verskyn nie verwys na Maria, die moeder van Jesus nie. Sy verwys eerder na die nuwe Israel (die kerk), die moeder van al die gelowiges. Die kerk se oorsprong is by God in die hemel.

Die *son as klee*d druk die Vrou se stralende en verhewe posisie uit (vgl. Ps 104:2). Die Vrou moet in kontras gesien word van die onsedelike vrou Babilon wie in Openbaring 17 beskryf word.

Die *maan onder haar voete* stel haar mag voor. Dit stel ook heerskappy voor (vgl. Ps 8:7).

Die *kroon van twaalf sterre* is haar oorwinnaarskroon, en dui op die heerskappy wat sy voer.

(Dit kan ook 'n verwysing wees na die twaalf stamme en twaalf apostels). Die beeld probeer die grootsheid van die vrou beklemtoon.

Botha (1989:372)

Die woord *teken* het in Openbaring twee betekenisse.

- Vier keer (13:13 en 14; 14:14; 19:20) dui dit op wondertekens, en
- Drie keer (in vers 12:1 en 3, asook 15:1) dui dit die tekenkarakter van iets aan.

Die *Vrou* is die teken van die hele kerk. In hoofstuk 12 word die kerk as moeder voorgestel.

Die kerk se oorsprong is in die *hemel*.

Die *kleed* dui op die hemelse heerlijkheid.

Die *son* as kleed versinnebeeld hoogheid en heerlijkheid.

Die *maan onder haar voete* druk die heerskappy van die kerk uit. Om iemand onder jou voete te hê beteken om te heers.

Die *kroon* is 'n oorwinnaarskroon.

Resseguie (1998:143)

Die *Vrou* kan op twee maniere geïnterpreteer word.

- Eerstens as die Ou Testamentiese messiaanse gemeenskap waaruit die Messias gebore word (12:1-6), en
- Tweedens as die kerk (12:13-17).

Die eerste interpretasie is egter onwaarskynlik. Die *Vrou* (moeder) dui op die eindtyd verlossing gemeenskap wat swaarkry op aarde. Die *Vrou* is 'n beeld van lewe midde in die swaarkry.

6.3.3 HOOFSTUK 12:2

Vers 2: Sy was swanger en het geskree van die pyn, want die geboortepyne was daar.

Malina & Pilch (2000)

(Geen Notas - sien vers 1)

Aune (1998:682)

Israel se nood word dikwels vergelyk met ‘n swanger vrou (vgl. Jes 21:3; 26:17-18; Jer 4:31). In Jes 66:7 word die metafoor van ‘n vrou wat ‘n kind in die wêreld bring gebruik om die aanbreek van ‘n periode van redding aan te dui.

Du Rand (1986:119) & Du Rand (1999:1789)

Die vervulling van die vrou se verwagting is naby. In die Ou Testament word Israel dikwels as ‘n vrou met geboortepyne voorgestel (vgl. Jes 26:17; 66:7; Miga 4:10).

6.3.4 HOOFSTUK 12:3-4

Vers 3-4: Daar het ook ’n ander teken in die hemel verskyn: daar was ’n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe was daar sewe heerserskrone. ⁴Sy stert het ’n derde van die sterre van die hemel saamgesleep en hulle op die aarde gegooi. Die draak het voor die vrou gestaan wat op die punt was om ’n kind te kry. Hy wou haar kind verslind sodra sy hom in die wêreld bring.

Malina (1995): Die Draak

Die vuurrooi Draak is die tweede teken in die hemel. Die rooi kleur dui op die suidelike hemel. ‘n Verdere aanduiding van ‘n hemelse plasing is die Draak wat by die Swanger Vrou se voete “staan”. ešthken was ‘n tegniese term wat die plek van ‘n ster of sterrebeeld aangedui het. Malina (1995:161) beskryf die twee tekens soos volg: “In sum, we are dealing with two fixed constellations, whose significance (‘signs’) is seen by the seer for the first time.” Die *stert* wat ‘n *derde van die sterre saamsleep*, dui op ‘n ligging waar sterre skaars was in vergelyking met ander liggings. Hierdie dui ook op die suide van die hemel. Die sterrebeeld waarna die Draak verwys is waarskynlik antieke Skerpioen (Scorpio). Die twee tekens kan nou soos volg beskryf word: “Consequently, the scenario described by John would consist of a Pregnant Woman (Virgo), with the traditional Heads (later Claws, now Libra) of the Dragon (old Scorpio) right at her feet awaiting her offspring’s birth.” (Malina 1995:162)

Malina & Pilch (2000:156-157)

Die vuurrooi Draak is ook ‘n verwysing na ‘n hemelliggaam in die suide van die hemel. Hierdie Draak staan by die voete van die Swanger Vrou. Die Griekse woord “*staan*” (εἶσθην - Perfektum indikatief aktief 3 enkelvoud van ἵσθμι) verwys ons terug die hemel in. Dit was ‘n tegniese term wat gebruik is om die ligging van ‘n ster of sterrebeeld aan te dui. Let ook op dat die perfektum grammatikale vorm van die woord verwys na ‘n toestand wat tot in die hede (van Johannes) voortduur. Die sterrebeeld is dus waar dit nog altyd was. Staan dui dus nie op die optrede van die Draak nie, maar op die ligging van die sterrebeeld. Malina & Pilch beklemtoon hierdie punt: “In sum, we are dealing with two fixed constellations, whose significance (“signs”) is seen by the prophet for the first time.” Hierdie sterrebeelde het nie net betekenis vir Israel nie, maar vir die hele mensdom, aangesien ons hier te doen het met gebeure voor die skepping. Die Draak se *stert* wat ‘n derde van die sterre van die hemel saamsleep dui op ‘n hemelse gedeelte sonder sterre. Die sterre wat op die aarde gegooi word dui op ‘n ligging wat bekend is vir verskietende sterre (falling stars). Die visioen van die verskietende sterre plaas die fokus op die gebied tussen Virgo (Maagd), Raven, Cup en Leo (Leeu). Die sterrebeeld van ‘n reuse Draak wat ‘n reuse Swanger Vrou konfronteer word die beste voorgestel deur antieke Skerpioen (Scorpio).

Aune (1998:682-687)

Die term *shmeion* verwys waarskynlik ook hier, net soos in vers 1 na ‘n sterrebeeld. Die *draak* is moontlik ‘n sterrekundige verwysing na *Drakwn* of Draco, ‘n bekende sterrebeeld in die hellenistiese tydperk. Die draak het ‘n lang kronkelende stert gehad. Die term draak kom slegs in die Nuwe Testament in Openbaring voor.

Prevost (1993:100-103)

Die draak is die antagonist in hierdie gedeelte.

Die *vuurrooi* kleur wys daarop dat die draak geassosieer moet word met die bloeddorstige mag van die tweede ruit in Openbaring 6:4.

Die *sewe koppe* dui op sy buitengewone intelligensie.

Die *tien horings* dui op die omvang van sy krag.

Die *sewe heerserskrone* dui op koninklike mag.

Du Rand (1986:119-120) & Du Rand (1999:1790)

Die tweede teken in die hemel, die van die *vuurrooi draak*, stel die Satan voor. In vers 9 word die Satan met die slang van ouds gelyk gestel, en is 'n verwysing na Genesis 3:1. Die element van die bese word in die Ou Testament dikwels deur drake voorgestel. In Psalm 74:14 lees ons van Leviatan, in Job 40:15 van Behemot en Psalm 89:11 van Rahab. Volgens Babiloniese motiewe het die slangmonster of draak sewe koppe gehad. In hierdie twee verse word die draak voorgestel as iemand wat beweer dat hy groot mag en gesag het. Die draak word geteken as God se opponent, net soos in die Ou Testament (vgl. Jes 27:1; Psalm 74:13; Job 9:13).

Die *vuurrooi* kleur dui op die Satan se moorddadige karakter.

Die *sewe koppe* dui op sy gewaande volmaakte verstandelike mag (planmaakvermoë).

Die *tien horings* dui op die afgeronde krag van die beeld in Daniël 7:7.

Die *sewe heerserskrone* dui op sy voorgegewe heerskappy.

Die *derde van die sterre* dui bloot op 'n groot aantal. Hierdie beeld herinner aan Daniël 8:10.

Dit kan ook moontlik na gevalle engele (9:1) verwys. In antieke tradisies val die chaosmonster dikwels die sterre aan.

Botha (1989:372)

Die *vuurrooi* kleur dui op bloeddors en vernielsug.

Die draak het *sewe koppe en tien horings* net soos die dier uit die see (13:1). Die sewe koppe word eerste genoem, en elkeen van die koppe het *heerserskrone*. Dit dui daarop dat die draak die planmaker is, terwyl die dier uit die see se horings eerste genoem word (die dra krone) omdat die dier die planne uitvoer.

Die *sterre van die hemel* wat die draak *saamsleep en op die aarde gegooi* dui op gevalle engele.

Resseguie (1998:121-122)

Die woord *draak* kom 13 keer in die Nuwe Testament voor, waarvan almal in Openbaring is. Die draak simboliseer in verskeie antieke kulture die bese. In die Septuagint word die Leviatan, die antieke see monster van chaos, as δράκων voorgestel (vgl. Psalm 74:14; Job 7:12; Amos 9:3).

6.3.5 HOOFSTUK 12:5

Vers 5: Sy het 'n kind in die wêreld gebring, 'n seun, bestem om al die nasies met 'n ystersepter te regeer. Haar kind is egter weggeruk na God en na sy troon toe,

Malina (1995): Die eerste reeks gebeure

Na die twee tekens bekend gestel is, volg die geboorte van die Swanger Vrou se seun. In 'n hemelse konteks, beteken dit die skeiding van twee sterrebeelde, met die verwydering van die nuwe sterrebeeld na 'n ander, wat die seun se troon genoem word. Die vraag na wie die kosmiese kind verwys, word soos volg deur Malina (1995:164) beantwoord: “There can be little doubt that with the prehistoric birth of the sky Woman’s son, enthroned with God early in the history of the cosmos, we are viewing with John the origins of Enoch’s Son of Man. And there is equally no doubt, that this Enochian Son of Man is the Messiah of Israelite expectation.”

Malina & Pilch (2000:157)

Die Swanger Vrou skenk geboorte aan 'n seun. Die kind wat weggeruk word na God is 'n aanduiding van die beweging van 'n ster van een sterrebeeld na 'n ander. In hierdie gedeelte word weereens sterk klem gelê op die invloed van “*die seun van die mens*” tradisie. Volgens die Israelitiese sterrekundige tradisie was “*die seun van die mens*” 'n hemelse wese wat 'n groot invloed op Israel gehad het.

Aune (1998:687-690)

Hier is waarskynlik 'n sinspeling op Jesaja 66:7 en Psalm 2:9.

Die *weggeruk na God* word deur verskeie interpreteerders as 'n verwysing na Jesus se hemelvaart geïnterpreteer. Die interpretasie is egter as gevolg van die volgende redes problematies:

- In hierdie gedeelte vind die weggeruk na God direk na die kind se geboorte plaas;
- Jesus se hemelvaart word nêrens anders as 'n “bonatuurlike redding” uit die mag van Satan voorgestel nie, en
- Verwysing na die kruis en opstanding ontbreek in hierdie gedeelte.

Prevost (1993:103)

Die verwysing na Psalm 2:9 skep 'n duidelike messiaanse verwagting. Volgens Johannes is hierdie Messias, Jesus Christus. Vir Johannes staan Jesus se geboorte en sy opstanding sentraal. Hy verstaan dit egter soos volg:

- Pynlike geboorte dui op Jesus se dood, en
- Die *weggeruk na God* dui op Jesus se opstanding (oorwinning oor die dood).

Du Rand (1986:120) & Du Rand (1999:1790)

Die *seun* stel vir Jesus Christus voor. Die verwysing na die *ystersepter* is 'n sinspeling op Psalm 2, wat daarop dui dat Christus die nasies sal oordeel.

Die kind wat *weggeruk is na God en sy troon* verwys na Christus wat opgevaar het na die hemel en wat aan die regterhand van God sit. Hierdie vers sinspeel dus op Jesus se lyding, sterwe opstanding en hemelvaart.

Botha (1989:372-373)

Die *kind* stel die Messias voor.

Die *weggeruk* dui op die Messias se lyding, kruisdood, opstanding en hemelvaart.

6.3.6 HOOFSTUK 12:6

Vers 6: en die vrou het na die woestyn toe gevlug waar God vir haar 'n plek gereed gemaak het, sodat die mense haar daar twaalf honderd en sestig dae lank kon versorg.

Malina (1995): Die vrou in die woestyn

In vers 6 lees ons dat die vrou na die woestyn toe vlug. Die teks sê nie of die woestyn in die hemel of op die aarde geleë is nie. Aangesien ons later lees dat die draak die vrou agtervolg nadat die draak op die aarde gegooi is, kan ons aflei dat die vrou haarself op die aarde bevind. Sterrekundiges soos Aratus was bewus daarvan dat Maagd op 'n tyd op aarde was. Sy keer egter terug na die hemel as gevolg van die boosheid van die mense. Johannes wil dus vir ons 'n verduideliking gee hoekom Maagd aarde toe gekom het in die tyd van die skepping. Soos Malina (1995:164) dit stel: "She was pursued by the Scorpio Dragon after she gave birth to the enthroned cosmic child."

Malina & Pilch (2000:157-158)

Die Vrou vlug nou na 'n woestyn. Uit die vers is dit nie duidelik of die woestyn in die hemel of op die aarde is nie. In die lig van vers 13 waar gestel word dat die Draak die Vrou agtervolg nadat hy op die aarde gegooi is, wil dit voorkom of die hemelse Vrou haarself op die aarde bevind. Sterrekundiges soos Aratus het geweet dat Maagd (Virgo) op 'n keer op die aarde was. Johannes se visioen dui dus aan hoe die Maagd op die aarde beland het. Nadat sy geboorte geskenk het aan die hemelse Kind, is sy agtervolg deur die Skerpioen Draak. Johannes beskryf nie hoe Maagd op die aarde gekom het of wat met haar gebeur het nie. Hy dui slegs aan dat sy vir drie en half jaar versorg is in die woestyn. Die teks self dui nie die ligging van die woestyn aan nie. Indien 1 Enog as verwysing gebruik word, word die woestyn aangedui aan die suid-ooste van die Heilige Berg in die middel van die wêreld.

Aune (1998:690-691)

Die outeur het nie aangedui dat die toneel verskuif vanaf die hemel na die aarde toe nie. Die *woestyn* is dus nie 'n geografiese plek nie, maar 'n simbool.

Du Rand (1986:120) & Du Rand (1999:1790)

Die *woestyn* verwys na 'n plek waar niks en niemand anders kan help en sorg behalwe God nie. Die woestyn moet verder verstaan word teen die agtergrond van Israel se woestynreis. Die volk moet eers deur die woestyn reis voordat hulle die beloofde land in besit kon neem. Tydens hierdie reis het God die volk versorg en beskerm.

Die *twaalf honderd en sestig dae* is 'n simboliese tydperk van vervolging en verdrukking van die kerk. Tydens hierdie tydperk sorg God vir sy volk.

Botha (1989:371; 373)

Die woestynreis van die Israëliete dien as agtergrond vir hierdie gedeelte.

Die *twaalf honderd en sestig dae* kan soos volg verstaan word. Indien 'n maand as dertig dae gereken word, is twaalf honderd en sestig dae gelyk aan twee en veertig maande. As "tyd" 'n jaar bedoel, en "tye" twee jaar, beteken die woorde "tyd, tye en 'n halwe tyd" 'n vasgestelde tyd, drie en 'n half jaar (vgl. vers 14). Hierdie dui die hele tydperk tussen Christus se eerste koms en tot kort voor sy wederkoms aan.

Resseguie (1998:80)

In hierdie gedeelte is die *woestyn* nie die blyplek van bese geeste, onrein roofvoëls en afskuwelike diere soos in Openbaring 18:2 nie. Hier simboliseer die woestyn 'n plek van goddelike beskerming en sorg. Die woestyn vervul vir die Vrou dieselfde funksie as wat die woestyn in die Ou Testament vir die Israeliete vervul het. Die woestyn is 'n simbool van God se teenwoordigheid en goedgesindheid in tye van nood en vervolging.

Die *twaalf honderd en sestig dae* dui daarop dat die tyd van swaarkry en vervolging beperk sal wees.

6.3.7 HOOFSTUK 12:7-8

Vers 7-8: Daar het toe oorlog gekom in die hemel: Migael en sy engele moes oorlog voer teen die draak. Die draak en sy engele het oorlog gevoer,⁸ maar hulle is verslaan. In die hemel was daar geen spoor meer van hulle te vind nie,

Malina (1995): Prehistoriese hemelse oorlog

In vers 7-9 lees ons van 'n hemelse oorlog. Die motief van 'n prehistoriese hemelse oorlog was in die Mediterreense gebied, en vroeër in Mesopotamië wel bekend. Ook die motief van sterre wat tydens so 'n oorlog uit die hemel gewerp word was bekend. Hierdie hemelse oorlog verhale was nie apokalipties of eskatologies van aard nie, aangesien hulle gebeurde in die verre verlede (prehistoriese gebeurde), selfs voor die mens se skepping, beskryf het. Hierdie verhale vervul volgens Malina (1995:169) 'n baie belangrike funksie: "Such stories of the cosmic situation prior to the creation of human beings function to explain the culturally interpreted cosmic context of human existence." Verhale oor kosmiese/hemelse wesens en gebeurde uit die verlede sal die huidige sosiale situasie verduidelik, verklaar en dit sosiaal aanvaarbaar maak.

Volgens Johannes is dit Migael en sy engele wat teen die draak oorlog voer. Tradisioneel is dit die sterrebeeld Orion wat teen die bese oorlog voer. Johannes interpreteer egter die hemel uit 'n Israelitiese oogpunt. In Jesaja 13:10 vind ons die volgende uitspraak: "Die sterre en die sterrebeelde sal nie meer lig gee nie, die son sal donker wees wanneer hy opkom, die maan sal ophou lig gee." Die Hebreeuse woord *kesilim* wat met sterrebeeld vertaal is, beteken *sterkes* (strong ones). In die antieke Griekse vertaling van die Bybel is die woord met Orion vertaal. In

‘n Hellenistiese konteks, word Orion uitgesonder tussen al die sterre, as die hoof van die kosmiese leër. Volgens Israel se tradisie, word hierdie plek egter deur Migael ingeneem. Malina (1995:170) stel dit soos volg: “Michael’s battle with the Dragon at the dawn of creation is the Israelite reading of the well known fight between Orion and ancient Scorpio.”

Malina & Pilch (2000:158-159)

Hier vind die klimaks van die verhaal plaas. Met die Kind veilig by God en sy troon en die Vrou versorg in die woestyn, vind daar ‘n oorlog in die hemel plaas. Die oorlog tussen Migael en die Draak word in hemelse terme soos volg beskryf: “In terms of the cast of constellations, the conflict between the colossus Michael and the starry Dragon can be none other than a fight between Orion and Scorpio.” Dit is belangrik om die doel van verhale oor die kosmiese situasie voor die skepping van mense te verstaan. Die doel van sulke verhale was om die kulturele geïnterpreteerde kosmiese konteks vir die menslike bestaan te verklaar. Verhale oor hemelwesens in die verlede sal die huidige stand van sake verklaar en dit sosiaal aanvaarbaar maak.

Aune (1998:691-693;695)

In die Ou Testament, die vroeë Judaïsme was daar ‘n beskouing dat elke volk op aarde in die hemel deur ‘n hemelse wese verteenwoordig is. Indien twee volke op aarde oorlog maak, het daar in die hemel ‘n ooreenstemmende oorlog plaasgevind.

Prevost (1993:103-104)

Die begrip *oorlog* is ‘n sentrale begrip in die boek Openbaring. Van die 25 verwysings na oorlog of oorlog maak in die Nuwe Testament, kom 15 daarvan in Openbaring voor. Die ironie van hierdie oorlog is dat ‘n oorwinning reeds behaal is.

Du Rand (1986:121) & Du Rand (1999:1790)

Die bedoeling van hierdie verse is om Satan se woede te teken soos hy dit op die kerk en gelowiges uithaal. Die rede vir sy woede is omdat hy die stryd in die hemel verloor het. Gelowiges (die kerk) kan in verdrukking en vervolging moed skep, aangesien die oorlog in die hemel reeds gewen is.

Migael word in Daniël 12:1 as die beskermmer en wagter van Israel voorgestel.

Die feit dat daar in die hemel *geen spoor meer* van hulle te vind is nie, dra simbolies die betekenis dat God se heerskappy reeds in die hemel volledig erken word.

6.3.8 HOOFSTUK 12:9

Vers 9: want die groot draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word en wat die hele wêreld verlei, is uit die hemel uit gegooi. Hy is op die aarde gegooi en sy engele saam met hom.

Malina (1995)

In vers 9 word die sterrebeeld Draak met die Slang van Genesis 2 verbind. Die Draak/Slang word dan verder verbind met die Duiwel (aanklaer) en die Satan (geheime agent wat lojaliteit teenoor die koning toets). Die Satan se taak word as “verleier van die wêreld” aangedui. In Johannes se leeftyd was “geheime polisie” wat mense verlei het om sleg van die keiser of ‘n koning te praat aan die orde van die dag. Die Satan vervul hierdie selfde funksie – hy toets die lojaliteit van die wat hy aankla. As astrale profeet moet Johannes sy “broers” waarsku teen hierdie bedrog. Malina (1995:171) toon die tyd aan waarin hierdie deel van die verhaal afspeel: “...the whole sky war scenario takes us back to the early stages of creation, a time before human beings and the earth itself were created.”

Malina & Pilch (2000:159-160)

Die sterrebeeld van die Draak word verbind met die slang van Genesis 3. Hier word dit duidelik dat Johannes die hemel in terme van Israelitiese tradisies verstaan. Die draak- slang van Genesis word verder gelyk gestel aan die duiwel (aanklaer) en die Satan (‘n geheime agent wat lojaliteit vir ‘n koning toets). Johannes as astrale profeet het ‘n wesenlike funksie om die Draak wat die wêreld verlei (en mislei) te ontbloot en te besweer. Daarom moet Johannes aan sy *broers* bekend maak wat hy sien en ervaar. Die tydspanne waarna hierdie visioen verwys neem ons terug na die vroeë fases van die heelal se skepping, na ‘n tyd voor die skepping van die mens en die byvoegsels tot die aarde. Wat Johannes dus in die hemel vind, is : “ traces of time before human time..”. Johannes se hede kan nou verklaar word in die lig van sy hemelse waarnemings (en dus die verlede).

Aune (1998:695-699)

In hierdie vers word die nederlaag en uitwerping van die Satan in 'n eskatologiese sin verstaan. In die vroeë Joodse en Islamitiese literatuur is hierdie gebeure egter in 'n eksklusiewe “*primordial or protological*” lig gesien. Daar is ook raakvlakke met Jesaja 14:12-15 en in die Nuwe Testament met Lukas 10:18. Die Joodse karakter van vers 7-9 is duidelik in die sin dat Migael en nie Jesus as die teenstander van die Satan voorgestel word.

Hierdie vers is die enigste eksplisiete verbintenis in die Bybel, tussen die Satan en die slang van Genesis 3:1-7 wat vir Eva verlei het.

Die verwysing na drie alternatiewe name vir 'n teenstander kom ook in Jesaja 27:1 voor.

Prevost (1993:102)

Openbaring verwys glad nie na die Antichris nie. Die term Antichris word slegs in 1 Johannes en 2 Johannes in die Nuwe Testament gevind.

Du Rand (1986:121) & Du Rand (1999:1790)

Die draak word aangedui as die *slang van ouds*. Hierdie is 'n verwysing na Genesis 3:1 en dit wat daarop volg. *Satan* het aanvanklik teenstander beteken, maar die betekenis is uitgebrei om die begrip “aanklaer van die mens voor God” (vgl. Job 1:6-9) te omvat. In Grieks word hy *duiwel* genoem, wat lasteraar of bedrieër beteken.

Botha (1989:373)

Satan het mense by God in die hemel aangekla (Job 1:9-11).

Resseguie (1998:121-122)

Die draak se dominante karaktereienskap word in hierdie vers beklemtoon, naamlik die van misleiding (deception).

6.3.9 HOOFSTUK 12:10-12

Vers 10-12: Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: “Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koningskap hier, en die gesag van sy Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons

God aangekla het. ¹¹Hulle het self die oorwinning oor hom behaal danksy die bloed van die Lam en die boodskap waarvan hulle getuig het; en hulle het nie hulle lewens so lief gehad dat hulle onwillig was om vir Hom te sterwe nie. ¹²Daarom, hemel en dié wat daarin bly, verheug julle. Maar vir julle, land en see, wag daar ellende omdat die duiwel na julle toe gekom het met groot woede en met die wete dat hy min tyd het.”

Malina (1995)

In vers 10-12 volg ‘n oorwinningslied. Johannes hoor ‘n loflied in die hemel omdat die Draak oorwin is, en uitgegooi is op die aarde in die tyd voor die sondvloed. Vir die aarde beteken die Draak se teenwoordigheid egter onheil.

Malina & Pilch (2000:160)

Die oorwinningslied beklemtoon die blydskap in die hemel nadat die Draak uit die hemel gegooi is in die tydperk voor die sondvloed. Vir die land en see is dit egter nie so ‘n blye tyding nie, aangesien die Draak homself daar bevind.

Prevost (1993:103-104)

Hierdie loflied met sy sterk Christologiese karakter, vervul die volgende funksie:

- Die opgestane Christus besit die mag, gesag en koningskap waarop die draak aanspraak maak;
- Die oorwinning van die Christene word besing, en
- Die oproep *verheug julle* herinner aan Psalms 93-96 en 98, waar God se skeppingswerk gesien word as oorwinning oor die oer chaos magte.

Du Rand (1986:121-122) & Du Rand (1999:1790)

In hierdie verse volg ‘n loflied tot eer van God en die Lam. Satan is oorwin. God se redding het sy mag en heerlikheid duidelik sigbaar gemaak. Die grondslag van die oorwinning is die bloedoffer van die Lam, maar ook die getuienis deur die gelowiges dat Jesus Christus oorwin het. Die gelowiges se getuienis oor die Lam se oorwinning is ‘n proklamasie van oorwinning op elke lewensterrein.

Botha (1989:373)

Die verwysing *dat hy min tyd het* dui daarop dat die Satan met die wederkoms finaal tot sy einde sal kom.

6.3.10 HOOFSTUK 12:13-14

Vers 13-14: Toe die draak sien dat hy op die aarde gegooi is, het hy die vrou agtervolg wat die seun in die wêreld gebring het. ¹⁴Maar aan die vrou is twee arendsvlerke gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek toe, kon vlieg. Daar word sy die hele vasgestelde tyd, weg van die slang af, versorg.

Malina (1995): Laaste gebeure

Op aarde agtervolg die Draak die Vrou. Die Vrou word nou met twee arendsvlerke voorgestel. Die Maagd word altyd met vlerke voorgestel, terwyl dit op aarde ook na die wind kan verwys.

Malina & Pilch (2000:160-161)

Na 'n breuk as gevolg van die hemelse oorwinningslied, vind daar drie handeling op die aarde plaas. Eerstens word die Vrou agtervolg deur die Draak (sien vers 4). In vers 14 vind ons 'n herhaling van vers 6, waar die Vrou in die woestyn geplaas word. Daar word aan haar twee arendsvlerke gegee. In antieke tye, word Maagd (Virgo) altyd met vlerke voorgestel.

Aune (1998:704-706)

Volgens Aune is die argument dat die uitdrukking *tou ajetou*, veral agv die bepalende lidwoord, verwys na die sterrebeeld Arend (Eagle), 'n valse argument.

Du Rand (1986:122) & Du Rand (1999:1791)

Satan wil die kerk van Christus uitroei. Hy agtervolg die vrou. Hierdie gebeure herinner sterk aan die Eksodus verhaal. Die Egiptiese farao wou ook die volk Israel uitwis.

Die *twee arendsvlerke* is simbolies van die uitredding van God (vgl. Eks 19:4; Deut 32:11) en die nuwe krag wat Hy gee. In die woestyn kom hulp slegs van bo, en in hierdie omstandighede versorg God die vrou vir die *hele vasgestelde tyd* – dit is drie en 'n half jaar en simbolies van die kerk se tydperk van vervolging en verdrukking.

Botha (1989:373)

Satan kon niks aan die kind doen nie. Nou rig hy hom tot die *vrou*, die kerk.

Die *twee arendsvlerke* verwys terug na die Ou Testament. Gedurende die woestynreis het God sy volk “soos op arendsvlerke veilig gedra” (Eksodus 19:4).

Die *hele vasgestelde tyd* is ontleen aan Daniël 7:25. Letterlik staan hier in die Grieks “tyd, tye en ‘n halwe tyd”. Sien die verduideliking in vers 6. Dit dui op die tyd tussen hemelvaart en Jesus se wederkoms.

6.3.11 HOOFSTUK 12:15

Vers 15: Die slang het toe ’n stroom water soos ’n rivier uit sy bek agter die vrou aan uitgespoeg, sodat sy deur die stroom meegesleur kon word,

Malina (1995)

In vers 15 word die Vrou bedreig deur ‘n stroom water wat die Draak na die Vrou spoeg. Die beeld is soos die van ‘n watermassa wat langs ‘n droë rivierbedding afkom. Die aarde sluk egter hierdie watermassa op. Johannes wil dit duidelik maak dat God wat in beheer is van die kosmos, die Vrou beskerm.

Malina & Pilch (2000:161)

In die tweede handeling word die Vrou bedreig deur ‘n stroom water uit die Draak se bek. Die beeld is die van ‘n woeste stroom water in ‘n rivierbedding wat die Vrou moet meesleur.

Aune (1998:706-707)

Die uitdrukking deur *die stroom meegesleur* is ‘n metafoor vir verwoesting.

Du Rand (1986:122) & Du Rand (1999:1791)

In die Ou Testament is vloedwater ‘n bekende beeld vir die oorweldiging deur bose magte. Die *stroom water* herinner aan die farao se bevel om die pasgebore seuntjies in die Nyl te gaan gooi.

Botha (1989:373)

Die *stroom water* staan vir allerhande dinge waarmee die Satan die kerk wil laat meevoer (vgl. Kol 2:8).

6.3.12 HOOFSTUK 12:16

Vers 16: maar die aarde het die vrou te hulp gekom. Dit het oopgegaan en die stroom opgesluk wat die draak uit sy bek uitgespoeg het.

Malina & Pilch (2000)

(Geen Notas)

Aune (1998:707)

Die *vrou* in hierdie gedeelte van die narratief is 'n kollektiewe simbool van die totale aardse kerk.

Du Rand (1986:122) & Du Rand (1999:1791)

Die *aarde wat die stroom opsluk* herinner aan die Korag-episode in Numerie 16. In hierdie gedeelte het die aarde oopgegaan om die opstandige Korag, Datan en Abiram in te sluk. Die simboliese betekenis van hierdie gedeelte is dat God die bose magte keer as hulle die kerk wil oorweldig. Soos God die volk uit Egipte gered en in die woestyn bewaar het, net so red en bewaar Hy die kerk.

6.3.13 HOOFSTUK 12:17

Vers 17: Die draak was woedend oor die vrou en hy het weggegaan om oorlog te maak teen haar ander nakomelinge wat die geboorte van God nakom en aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het.

Malina (1995)

In vers 17 lees ons dat die Draak teen die Vrou se nakomelinge gaan oorlog maak (vergelyk die vyandskap tussen die Slang en Eva se nageslag in Genesis 3:15). Hierdie nakomelinge is nie prehistoriese mense wat by God is nie, maar tydgenote van Johannes wat God se geboorte

gehoorsaam en getrou is aan Jesus Christus. Hoe moet hulle verhouding met die Vrou beoordeel word? Malina (1995:172) gee die volgende verduideliking:

“...their relationship to the cosmic sky Woman who gave birth to the cosmic Child enthroned with God before the foundation of the world intimates that these followers of Jesus likewise derive somehow from that ancient period. This is not unlike the Pauline tradition in which God is acknowledged for choosing the followers of Jesus ‘before the foundation of the world’ (Eph 1:4).”

Malina & Pilch (2000:161)

In die derde handeling word die Draak woedend voorgestel, oorgehaal om oorlog op aarde te voer. Hier is ‘n verwysing na ander nakomelinge van die Vrou. Hierdie nakomelinge “*wat die gebooië van God nakom en aan die getuïenis vashou wat Jesus gelewer het*”, is moontlik ‘n verwysing na die *heiliges* (holy ones) in 14:12. Hierdie heiliges is die hemelwesens wat gehoorsaam is aan God in Genesis 6:1-4.

Du Rand (1986:122-123) & Du Rand (1999:1791)

Die *ander nakomelinge* verwys na die broers van Christus in die geloof wat in belydenis en lewe aan God getrou gebly het. Hier word dus na Christene in die algemeen verwys.

Botha (1989:373)

Die *ander nakomelinge* is die afsonderlike gelowiges naas die Kind wat die vrou reeds in die wêreld gebring het.

6.3.14 HOOFSTUK 12:18

Vers 18: Die draak het toe op die seestrand gaan staan.

Malina (1995)

Die gedeelte word afgesluit met Johannes wat die sterrebeeld van die Draak, uitgestrek al langs ‘n seestrand, in die hemelruim aanskou.

Malina & Pilch (2000:161)

Hier vind ons 'n onderbreking in die verhaal. Die doel van die onderbreking is om die aandag te fokus op die diere wat in die volgende hoofstuk verskyn. Uit 'n hemelse perspektief, aanskou Johannes vanaf die strand, die Draak sterrebeeld, uitgestrek in die hemel.

Du Rand (1986:Geen Notas) & Du Rand (1999:1791)

Satan kan nie die kerk van Christus alleen verslaan nie. Hy het hulp nodig van die dier uit die see en die dier uit die aarde (13:1-18). Die draak staan op die seestrand omdat die dier uit die dieptes van die see as woonplek van die bose moet opkom.

Botha (1989:373)

Die draak gaan staan *op die seestrand*. Aan die eenkant is die see en aan sy ander kant is die land. Dit dui daarop dat hy van elke kant hulp teen die gelowiges kry (in hoofstuk 13 is daar 'n dier uit die see en die dier uit die aarde).

6.4 VERDUIDELIKING VAN DIE VERSE

Aangesien Malina en Malina & Pilch se werk soveel ooreenstemming vertoon, word dit saam hanteer. Aune se verduideliking word bespreek, sowel as die siening van Du Rand (sy werk soos saamgevat in *Die Bybel A-Z* wat 'n goeie samevatting van sy verstaan van Openbaring 12 is).

Malina (1995) en Malina & Pilch (2000)

Indien Israel se Tora as verwysingsraamwerk geneem word, verwys die hemel in hoofstuk 12 na 'n tyd voor die skepping van die wêreld, soos beskryf in Genesis 1-2, voltooi was. Twee sterrebeelde in die diereriem vertel die verhaal van 'n prehistoriese konflik. Die konflik tussen die Swanger Vrou (sterrebeeld Maagd) en die Draak (sterrebeeld Skerpioen) vind in die suide van die hemel plaas. Hierdie gebeure het nie net betekenis vir Israel nie, maar vir die hele mensdom. Dit wil die huidige sosiale situasie verklaar. Die hemelse oorlog tussen die Draak en Migael, is weereens 'n verwysing na twee sterrebeelde, Skerpioen en Orion. Dit is belangrik om die doel van verhale oor die kosmiese situasie voor die skepping van mense te verstaan. Die doel van hierdie verhale is om die kulturele geïnterpreteerde kosmiese konteks vir menslike bestaan te verklaar. Die verhale poog om die volgende vrae te beantwoord:

- Is die natuur ondergeskik aan die mens, of moet die mens homself onderwerp aan die magte van die natuur?
- Moet die mens in harmonie met die natuur lewe, of moet die mens in vrees vir die natuur as bron van “kwaad” lewe?
- Wat is die oorsprong van die kwaad in die geval van menslike sosiale (in teenstelling met persoonlike) interaksie? Waar kom volksmoord, oorlog, etniese en rassistiese meerderwaardigheid tot die nadeel van ander vandaan? Wat is die oorsprong van hierdie sosiale gesindhede en optredes?

Verhale oor hemelwesens in die verlede sal die huidige stand van sake verklaar en dit sosiaal geregverdig maak (give it social warrant).

In die lig van die groter geheel (hoofstuk 12-16) som Malina & Pilch (2000:199) hulle verstaan van Invoeging 2 soos volg op:.

“In sum, this vision, (chaps. 12-16), focuses not on the future but on cosmic and human prehistory. Both the distant past and the distant future (not the forthcoming) are unknown to humans. To learn about them requires God’s assistance. The past, of course, is quite significant, since it explains the present. And, it is forces unleashed in the past that continue to affect the present. Like the author of 1 Enoch before him, our astral prophet John learns about this past through his ASC experiences. And he recounts it all to his fellow Jesus-group prophets so that they might be fully aware of what happened in the distant past that explains what is going on all around them as they endure.”

Die Swanger Vrou en die Draak is egter ook twee tekens in die hemel van gebeure wat voorhande is. Soos Malina & Pilch (2000:155) dit stel: “Signs in the sky point to **forthcoming events** (CS – my beklemtoning) of the relevance to the people they affect, whether weather conditions or social events.”

Aune (1998)

Die gedeelte begin met die opening van die hemelse tempel wat gepaardgaan met teofaniese verskynsels. Hierna word die twee protagoniste en die antagonis van die mitologiese narratief wat volg bekendgestel. Die swanger vrou wat op die punt staan om ‘n kind in die wêreld te bring

en die draak word as twee sterrebeelde wat 'n verhaal uitbeeld voorgestel. Daar volg nou drie konflik gedeeltes:

- *Verse 4b-6* wat handel oor die geboorte van die kind, die draak wat die kind wil verslind en die vlug van die vrou;
- *Verse 7-9* handel oor Migael se oorlog met die draak, en
- *Verse 13-17* wat handel oor die draak wat die vrou en haar nakomelinge agtervolg.

Tussen verse 7-9 en verse 13-17 is 'n oorwinningslied ingevoeg. Dit dien as kommentaar op die gebeure in verse 7-9, asook om die betekenis van Satan se uitwerping uit die hemel vir die heilsgeskiedenis te beklemtoon.

Die verhaal van die vrou, die draak en die kind (v 4b-6; 13-17) en die van die hemelse oorlog tussen Migael en die draak is albei oorlogsmities (*combat myths*).

Die eerste mite moet allegories verstaan word, maar leen hom tot verskillende interpretasies. In 'n Christelike konteks kan die vrou en die kind in verse 1-6 as Maria en Jesus geïnterpreteer word, terwyl verse 13-17 die vrou as die kerk en haar ander nakomelinge as vervolgte Christene gesien kan word. Uit 'n Joodse perspektief kan die vrou as Israel en die kind as die Messias geïnterpreteer word. Die kind wat weggeruk na God en sy troon toe (vers 5) dui waarskynlik op die verhoging van die opgestane Jesus tot die regterhand van God. Die plasing van die gebeure direk na die kind se geboorte, sowel as die uitbeelding daarvan as goddelike redding, dui egter op 'n voor-Christelike oorsprong. Hierdie wegruk motief was welbekend in Griekse mitologie waardeur vergoddeliking deur hemelvaart (*ascension to heaven*) plaasgevind het.

Volgens Aune is die mite 'n aanpassing wat Johannes van Hellenistiese oorlogsmities (*combat myths*) gemaak het. Alhoewel daar verskeie verskille is, het Hoofstuk 12 baie raakvlakke met die Griekse *Leto-Apollo-Python* mite. Volgens hierdie mite word die godin Leto, wat swanger is met Apollo, agtervolg deur die draak Python. Leto vlug na 'n afgeleë eiland waar sy geboorte skenk aan Apollo. Apollo is slegs vier dae oud wanneer hy vir Python doodmaak.

Binne hierdie mitologiese raamwerk voeg Johannes die beelde van die vrou en die draak.

- Die vrou is die koningin van die kosmos, die protagonis. Sy word met astrale beelde voorgestel (waarskynlik in navolging van Artemis, Hekate en Isis wat soortgelyk voorgestel is), en
- Die draak is die antagonis. Hy word in verband gebring met die Joodse en Christelike tradisies deurdat sy aliasse as slang, duiwel, Satan en verleier van die wêreld bekend gemaak word.

Aune som die gebruik van motiewe uit die Griekse mitologie in hierdie gedeelte soos volg op: “The use of motifs from Greek mythology in this way constitutes a kind of narrative apologetic in which traditional Greek stories are shown to validate important aspects of the Christian gospel.”

Du Rand (2003)

In die hemel verskyn daar twee tekens. Die vrou wat op die punt staan om geboorte te skenk kan as die kerk geïnterpreteer word. Die vuurrooi draak simboliseer die Satan. Die kind wat bestem is om te heers word gebore en weggeruk na God se troon voor die draak hom kan verslind. Die vrou (kerk) vlug na die woestyn waar God haar onderhou in die tyd van verdrukking. Hierop volg ‘n oorlog in die hemel tussen Migael en sy engele en die draak (Satan) en sy engele. Die draak word verslaan en God se alleenheerskappy in die hemel erken. ‘n Hemelse lied getuig van hierdie oorwinning. Op die aarde word God se alleenheerskappy egter nog nie erken nie. Die draak wat op die aarde gegooi is, agtervolg die vrou. God beskerm egter die vrou deur aan haar twee arendsvlerke te gee om na die woestyn te vlug. Die aarde sluk die water in wat die draak na haar toe uitspoeg. Die Satan fokus nou sy aandag op die vrou se nakomelinge (die lidmate van die kerk) om teen hulle oorlog te maak. Hy sal hulp ontvang van die diere uit die see en die aarde.

Uit die breër perspektief in Openbaring is dit duidelik dat God deur Christus oorwin al is daar nog ‘n stryd op aarde. Die oorwinning in die hemel is egter reeds behaal.

6.5 SAMEVATTING

Openbaring 12:1-18 is as gevallestudie hanteer om Malina & Pilch se kommentaar beter te verstaan. Die struktuur van die perikoop asook die perikoop se plek in die groter Openbaring is

bespreek. Dit is gevolg deur verskeie geleerdes se interpretasie van die onderskeie verse, en is afgesluit met 'n verduideliking van die perikoop.

Dit is duidelik dat daar verskeie maniere is om hoofstuk 12 te interpreteer. Malina, sowel as Malina & Pilch plaas die klem op die verstaan van die teks in die hemel. Die Swanger Vrou en die Draak verwys na sterrebeelde. Verder word al die karakters en gebeure in verband gebring met 'n sterrekundige verskynsel of gebeurtenis. Die hemel moet die huidige sosiale situasie verduidelik.

Aune plaas weer die klem op Griekse mitologiese beelde wat in die teks in 'n Christelike konteks geherinterpreteer word. Hierdie beelde kan egter met die klem op 'n Joodse of Christelike oogpunt verklaar word.

Du Rand se klem word geplaas op 'n interpretasie vir hedendaagse Christene. Deur byvoorbeeld na Christene en gelowiges te verwys in die verklaring word dit baie duidelik. Wat opmerklik is, is dat Malina & Pilch na Genesis 1-10/(11) terugverwys, maar verder glad nie Ou Testamentiese bronne gebruik in hulle kommentaar nie. Al die ander interpreteerders verwys na die Ou Testament om die teks mee te verklaar. Dit is verder interessant dat Aune heel gemaklik is om Malina se verduideliking van die twee tekens as sterrebeelde te aanvaar. Hy plaas dit egter in 'n mitologiese raamwerk en nie in 'n sterrekundige (astrologiese) raamwerk nie.

HOOFSTUK 7

BEOORDELING VAN MALINA EN PILCH SE SOCIAL-SCIENCE COMMENTARY ON REVELATION

7.1 INLEIDING

Malina & Pilch se kommentaar kan in die lig van die voorgaande studie beoordeel word. Daar word verwys na akademië se kommentaar op die boek, sowel as Malina se vorige boek met dieselfde tema. Malina & Pilch se sosiaal-wetenskaplike hantering van die werk word ook beoordeel.

7.2. DIE VERBAND TUSSEN MALINA EN MALINA & PILCH SE WERK

Uit die voorgaande studie in Hoofstuk 5 en 6 het dit duidelik geword dat Malina & Pilch se *Social-Science Commentary on the Book of Revelation* wesenlik ooreenstem met Malina se oorspronklike werk *On the Genre and Message of Revelation*. Die werke is afsonderlik bestudeer en daarna met mekaar vergelyk. Die ooreenkomste tussen die twee boeke word egter al in die Voorwoord duidelik en kon opsigtelik in die bespreking van die onderskeie boeke gesien word. Dit is beklemtoon in die studie van Openbaring 12. Die kommentaar is dus nie uniek nie! Dit is bloot dieselfde tema wat in 'n *Social-Science Commentary on...-reeks* formaat uitgegee is. Duff (2001:631) stel dit soos volg: "The primary focus of the book, the astral, is also disappointing. It is little more than a **recapitulation** (CS – my beklemtoning) of Malina's 1995 book, *On the Genre and Message of Revelation: Star Visions and Sky Journeys*." Ook Court (2001:240) stel dat Malina & Pilch se kommentaar bloot: "practical demonstrations of **theories already expounded** (CS – my beklemtoning) in his *On the Genre and Message of Revelation: Star Visions and Sky Journeys*" is.

Sommige temas word wel meer volledig uitgelê en verduidelik (byvoorbeeld *Altered States of Consciousness* p.4-8; 41-44) as in Malina se oorspronklike werk. Die tema om Openbaring as astrale profesie, uit 'n hemelse (sky) oogpunt te interpreteer, is egter niks nuuts nie!

7.3 AKADEMICI SE KOMMENTAAR OP MALINA & PILCH SE WERK

Aangesien die noue verband tussen Malina se *On the Genre and Message of Revelation* en Malina & Pilch se *Social-Science Commentary on the Book of Revelation* reeds aangedui is, kan die beoordeling van Malina se eerste werk deur akademici ook baie nuttig wees. Dieselfde opmerkings op sy eerste werk is ook van toepassing op Malina & Pilch se kommentaar.

7.3.1 DIE GENRE VAN OPENBARING

Dalk moet daar eerstens op Malina se tipering van Openbaring se genre gelet word. In Hoofstuk 3.2 van hierdie studie is aangedui dat die meeste interpreteerders Openbaring as 'n *apokalips* beskou. Malina stem egter nie met die tipering saam nie. Volgens hom is dit 'n anachronistiese begrip wat in die negentiende eeu ontstaan het en deur moderne akademici terug geprojekteer is in die antieke wêreld (sien Malina 1995:10-12). Malina verwerp ook die begrip eskatologie as

anachronisties, en tipeer Openbaring eerder as *astrale profesie* (sien Malina 1995:25-26). Aune (1997:1xxxix) beoordeel Malina se werk soos volg: “Malina’s strategy’s include reading far more astrological lore into Revelation than is actually there and nudging some OT prophetic books and other Jewish ‘apocalypses’ into more explicitly astrological contexts.” In sy werk oor die apokaliptiese genre maak Collins (1984:3) die volgende opmerking: “The ancient usage of the title *apokalypsis* shows that the genre apocalypse is not a purely modern construct...”

Morton (1997:167) vat sy beoordeling van Malina se werk soos volg saam:

“In short, Malina has made a bold effort to provide a new paradigm for interpreting the Apocalypse. His introductory discussion contains some information which is useful and interesting. It is unfortunate, however, that he becomes so enamored with the specter of a **“thoroughly astrological” interpretation** (CS – my beklemtoning) that he has provided the reader with little more than a caricature of John’s vision and message.”

Skemp (2001:757) het dieselfde kritiek aangaande Malina & Pilch se kommentaar: “This **intense focus on astrology** (CS – my beklemtoning) results in the exclusion of nonastrological influences and references.” Barr (1996:89) beskryf Malina se absolute fokus op ‘n sterrekundige interpretasie as die grootste swakpunt van sy werk: “The weakness of the book is that it **forces all the visionary material into an astrological mould** (CS – my beklemtoning).”

7.3.2 DIE HANTERING VAN KONTEMPORÊRE NAVORSING OOR OPENBARING

Die ander groot kritiek teen Malina se werk is dat hy nie kontemporêre studies van die Apokaliptiek en die boek Openbaring in sy studies inaggeneem het nie. Guinan (1996:775) stel dit soos volg: “To support his thesis, Malina eschews modern commentators and exegetes and interacts instead with astronomic writers of antiquity.” Barr (1996:89) se kritiek is dieselfde: “It is at the same time extraordinarily well versed in ancient, esoteric writings and wholly out of touch with twentieth century Apocalypse scholarship.” Moderne kenners op Openbaring soos David Aune, Eugene Boring, Elisabeth Schüssler Fiorenza en andere word totaal geïgnoreer in Malina se studies. Bauckham (2000:432) stel dit baie sterker: “Deliberately ignoring practically all the scholarly literature on Revelation and dismissive of the usual scholarly approaches to the book...” Duff (2001:631) is heeltemal korrek in sy gevolgtrekking dat ook Malina & Pilch se

kommentaar groter geloofwaardigheid sou gehad het indien hulle tydgenote se akademiese werk geraadpleeg het: “... this book would have been more credible had the authors presented their thesis as a contribution to the ongoing scholarly discussion rather than an isolated conversation. The ease with which they dismiss virtually everything from the scholarship of the past twenty years – years that have produced stunning new insights into the Apocalypse – diminishes the entire study.”

Die vraag kan tereg gevra word hoekom Malina & Pilch dit doen? Hoekom stel hulle nie belang in moderne studies oor Openbaring nie? Die antwoord wat Bauckham (2000:432) gee oor Malina is in die kol: “What it does mean is that he is simply not interested in other interpretations because he has the key that unlocks the book: a highly synthetic reconstruction of ancient astrological lore.” In ‘n artikel van Malina (1998:75-76) in die *Biblical Theology Bulletin*, stel hy sy standpunt soos volg:

“Unfortunately, nearly all commentators on Revelation spend endless pages making sure the author’s presumed Torah references are clearly spelled out, thus making the book of Revelation ‘little more than a midrash of the Old Testament via, the Apocrypha an Pseudepigrapha’ (Moore 1982:91), composed by an academic with the traditions of Israel solely on his mind (e.g. see Flusser 1988: 390-485). In fact there are frequent allusions to Israel’s sacred writings, but to focus on them is to miss the proverbial forest for the trees. The forest here is the **celestial skyscape** (CS – my beklemtoning).”

Ongelukkig doen Malina presies dieselfde. In plaas van om *an academic with the tradition of Israel solely on his mind* te wees, is Malina *an academic with astrology solely on his mind*.

7.3.3 DIE KLEM OP STERREKUNDE

Vervolgens is dit belangrik om krities na Malina se hantering van die sterrekunde in sy boeke te kyk. Soos reeds aangedui in hoofstuk 5, verbind Malina en Malina & Pilch die hele Openbaring aan die hemel (sky). Die probleem met die werkswyse is dat die hele teks in ‘n sterrekundige vorm gegiet word. Die teks word dus so geïnterpreteer dat dit na een of ander sterrekundige verskynsel moet verwys. Munger (1998:502) beskryf die gevaar van die werkswyse soos volg: “Malina’s proposal needs to be thoroughly tested by those who are interested in placing

Revelation within its apocalyptic milieu. There are many times the text appears **artificially forced** (CS – my beklemtoning) to fit his thesis.” Duff (2001:631) spreek dieselfde kritiek teenoor Malina & Pilch se werk uit: “A greater weakness, however, is the authors’ demand that virtually everything in the Apocalypse be about the nocturnal sky. This frequently forces them to push their evidence too far.”

Die volgende is voorbeelde hiervan:

- Engel word voortdurend met *sky servant* vertaal;
- Gees word voortdurend met *sky wind* vertaal;
- Heilige Gees word met *Divine Sky Power* vertaal;
- Die Lam in Openbaring 5 verwys na die sterrebeeld die Ram (Aries). In Openbaring 5:6 staan dat Johannes: “...’n Lam sien staan, die Een wat geslag was.” Malina & Pilch (2000:89) verklaar die beeld van die geslagde Lam soos volg: “Only a being with a broken neck could have its head turned directly backwards as the celestial Aries does; and yet it remains standing despite of a broken neck.” Duidelik interpreteer hulle die sterrebeeld om by hulle hipotese te pas!
- In Openbaring 17 word daar na die sedelose vrou verwys. Malina & Pilch (2001:203) identifiseer die vrou soos volg: “In sum, at the time of the author, Babylon had as its patron and protector Aphrodite/Venus. Under any and all of her names, she was the planet that we know as **Venus** (CS – my beklemtoning).” In Openbaring 22:6-20 word Jesus as die helder Môrester uitgebeeld. Malina & Pilch (2001:259) maak nou die volgende uitspraak: “To call Jesus ‘the Morning Star’ is to identify him with the planet **Aphrodite/Venus** (CS – my beklemtoning).” Indien Malina & Pilch ernstig opgeneem moet word, moet ons Openbaring nie simbolies verstaan nie, maar uit ‘n hemelse oogpunt. Hoe is dit moontlik dat dieselfde planeet na die sedelose vrou Babilon en tegelyk na Jesus kan verwys?

7.3.4 HANTERING VAN BRONNE

In Openbaring 9 lees ons dat nadat die vyfde trompet geblaas het, ‘n swerm sprinkane met dieselfde vermoëns as skerpioene op die aarde verskyn. Tradisioneel het akademici hierdie sprinkane verbind met die profeet Joël. Malina & Pilch (2001:132) stel dit duidelik wat hulle van

hierdie tradisionele interpretasie dink: “Now, if one admits the identification of the agent of the first woe as the celestial Archer, imagined in terms of contemporary planispheres, **there will be no need to bother with the prophet Joel** (CS – my beklemtoning).”

Baukham (2000:433) se gevolgtrekking oor Malina se hantering van die Ou Testamentiese bronne is heel gepas: “This approach is in noticeable disregard for the conclusive demonstrations, in many works of recent scholarship, that Revelation is continuously alluding to the Jewish scriptures in ways that exhibit careful and consistent exegesis of them and a highly self-conscious relationship to them.” In Hoofstuk 6.5 is daar ook daarop gewys dat Malina & Pilch nie na Ou Testamentiese bronne verwys in hulle verklaring van Openbaring 12, soos wat tradisioneel die geval is nie.

Malina se hantering van die bronne wat hy aanhaal is ook problematies. Slegs bronne wat Malina se standpunt ondersteun word aangehaal. Pearson (1997:126) is dus tereg krities oor Malina se hantering van sy bronne:

“Malina is not clear as to the criteria that allow certain literatures to be examined for parallels to the material in Revelation, but it seems that the single criterion used is that anything that supports his particular reading of a passage is a legitimate parallel. He often substitutes extensive quotation of these sources for argumentation concerning them as if the parallels he suggests are simply obvious and need little, if any, support.”

Skemp (2001:758) spreek dieselfde waarskuwing oor Malina & Pilch se hantering van bronne uit: “While Malina and Pilch provide a wealth of information on *ars mathematica*, those who consult this commentary should beware the lack of carefulness in the use of primary sources.” Wat ek kan byvoeg is dat indien jy nie uitgebreide kennis van antieke bronne het nie, dit dikwels moeilik is om die konteks waarin Malina & Pilch bronne aanhaal te verstaan.

7.3.5 ANDER KRITIEK

Ander kritiek wat teen Malina & Pilch uitgespreek word is die volgende:

- Indien Openbaring wel astrale profesie is, hoekom het die vroeë kerk die boek nie so geïnterpreteer nie?

- Het alle beelde wat Johannes in sy visioene sien *sterrekundige-bronne* as oorsprong? Wat van ander bronne soos die Hebreuse Bybel, Christelike prediking en antieke oorlogmites (combat myths)?
- Wat is die verhouding tussen die genre apokalips en sterrekunde? Het ander apokalipse uit dieselfde tradisie as Openbaring ook ‘n astrale fokus? Verwys Daniël se visioene byvoorbeeld ook na sterrebeelde?

7.4 SOSIAAL-WETENSKPALIKE BEOORDELING

Uit ‘n sosiaal-wetenskaplike oogpunt kan die volgende opmerkings oor die werk gemaak word:

- Malina & Pilch maak nie ‘n onderskeid tussen stedelike (urban) en landelike (rural) gemeenskappe nie. Volgens hulle het stedelinge en landelike bewoners in die eerste eeu nC die hemel dieselfde verstaan.
- Daar word in die werk verwys na eer en skaamte as Mediterreense waardes.
- Die onderskeid tussen groep (ingroup) en buitestaanders (outgroup) word verduidelik (Malina & Pilch 2000:149-151).
- Die politieke, ekonomiese en godsdienstige stelsel wat in die eerste eeuse Mediterreense wêreld aan die orde van die dag was word verduidelik (Malina & Pilch 2000:221-223).
- Dit word uitgewys dat in die eerste eeuse Mediterreense wêreld hemel en aarde ‘n enkele sosiale entiteit gevorm het. Gebeure in die hemel het dus gebeure op die aarde beïnvloed.
- Die verskil in tydsbegrip tussen moderne en antieke samelewings word ook duidelik aangedui (sien Hoofstuk 1.6).
- Klem word gelê op die verskil tussen hoë-konteks (high-context) en lae-konteks (low-context) samelewings.

Dit is baie belangrik om te verstaan dat die Nuwe Testament in breë in ‘n hoë-konteks (high-context) samelewing ontstaan het. Malina & Pilch (2000:19) verduidelik dit soos volg: “People in high-context societies presume a broadly shared, well-understood (or high) knowledge of the context of anything referred to in conversation or in writing.” Volgens Malina & Pilch (2000:19-20) sou Johannes as skrywer van Openbaring in ‘n hoë-konteks samelewing die volgende aannames gemaak het:

- “...presume that readers have a broad and concrete knowledge of their common social and environmental context;
- ...its original readers/hearers were of the house of Israel and acquainted with the star lore of that tradition, and
- ...common ASC experience.”

Dit was dus nie vir Johannes nodig om bogenoemde verder te verduidelik nie, aangesien dit algemene kennis vir sy lesers was.

In teenstelling hiermee beskryf Malina & Pilch (2000:20) ons moderne samelewing as ‘n lae-konteks samelewing: “By contrast, ‘low-context societies’ are those that assume ‘low’ knowledge of the context of any communication.” Die probleem hiermee is dat ons vandag die Bybel lees en interpreteer vanuit ‘n lae-konteks oogpunt as ‘n lae-konteks dokument!

Malina & Pilch (2000:21) stel dat sodra ‘n dokument gelees word, daar ‘n verskil in sosiale konteks en agtergrond teenwoordig is. Die verskillende maniere hoe verskillende mense hierdie dokument voltooi (agv verskillende kontekste) word “*re-contextualization*” genoem. Hulle heg baie waarde hieraan: “Awareness of such re-contextualization is critically important for students of the Book of Revelation.” Malina & Pilch (2000:22) dring daarop aan dat Openbaring altyd binne sy oorspronklike sosiale konteks verstaan moet word. “In sum, we insist that meanings realized through reading documents inevitably derive from a social system. Reading is always a social act.” Suksesvolle kommunikasie is dus slegs moontlik as leser en skrywer dieselfde sosiale sisteem deel. Om Openbaring te verstaan moet die moderne leser: “seek access to the social system(s) available to the author’s original audience. One of these is the dominant social system of the eastern Mediterranean in antiquity; the other is the Israelite star lore common to John the Seer and his prophetic group.”

Volgens Malina & Pilch is die belangrikste hulpmiddel om die oorspronklike sosiale konteks te herontdek sosiaal-wetenskaplike modelle: “we believe it essential to employ adequate, explicit, social-scientific models of society and human behaviour that have been drawn especially from circum-Mediterranean studies.”

Die vraag is of Malina & Pilch suksesvol is om ‘n hoë-konteks dokument vir ‘n lae-konteks samelewing te interpreteer? Ontsluit hulle sosiaal-wetenskaplike model die wêreld van Johannes in die eerste eeu nC? Dalk is dit gepas om met Barr (1996:89-90) se kritiek op Malina se eerste werk te begin:

“Unfortunately, Malina does little of what he does best: social criticism. What I miss most in the book is any detailed reading of the social situation of its enunciation. Aside from the few remarks in the Introduction about having ‘as its goal the radical restructuring of society’ (p.22), there is little attention to the real-world lives of the people of Roman Asia Minor. Malina’s fascination with the sky, prevents him from ever getting down to earth.”

Hierdie opmerking van Barr het baie duidelik in die studie van Openbaring 12 (sien hoofstuk 6) navore gekom. Malina & Pilch beklemtoon dat die Swanger Vrou en die Draak twee hemelse tekens is van gebeure wat voorhande is. Soos Malina & Pilch (2000:155) dit stel: “Signs in the sky point to **forthcoming events** (CS – my beklemtoning) of the relevance to the people they affect, whether weather conditions or social events.” Daar word egter verniet in die verduidelikings wat in hoofstuk 12 volg gesoek na praktiese voorbeelde van gebeure wat voorhande is en hoe dit die sosiale situasie van die oorspronklike lesers beïnvloed het. Daar word glad nie verwys na “weather conditions or social events” wat deur die tekens aangedui word nie.

Duff (2001:631-632) se beoordeling van Malina & Pilch se sosiaal-wetenskaplike interpretasie is verdoemend: “The social-scientific investigation fails because it barely exists in the book. The little that appears is primarily in the introduction.” Hy sluit sy boekbespreking af met die volgende gevolgtrekking:

“In conclusion, although there is some interesting astral information in this book, ultimately Malina and Pilch do not make their case. A social science perspective could illuminate much about Revelation, and a better knowledge of ancient astronomy/astrology could possibly shed light on portions of the Apocalypse. Unfortunately, this book promises much but delivers little.”

Ook Court (2001:240) staan krities teenoor Malina & Pilch se werk, spesifiek teenoor hulle sosiaal-wetenskaplike *sterrekundige* interpretasie van Openbaring:

“Even with the strictest methodological controls, social-scientific models are just as much a retrojection of modern thought as any other interpretation and can have no claim to absolute and universal authenticity. But the big question is, if you have labeled Revelation is this way, what is the point of reading it today? You could more profitably read Italo Calvino’s *Invisible Cities*.”

Daar is egter ook baie positief om te sê oor Malina & Pilch se werk. Barr (1996:90) beskryf Malina se oorspronklike werk as: “an intriguing book with much to teach us about ancient astrology and with a perspective on Revelation that will encourage new thinking about the meaning of this esoteric writing.” Dit is waarskynlik die grootste waarde van Malina & Pilch se werk. Alhoewel Malina & Pilch se interpretasie nie nuut is nie – Franz Boll het reeds in 1914 die verband tussen Openbaring en die sterrekunde getrek – daag hulle die tradisionele interpretasie van Openbaring uit en dwing interpreteerders om bewus te wees van sterrekundige invloed op Openbaring en die apokaliptiek. Skemp (2001:758) is dus korrek: “...this commentary is a compelling contribution to the study of the Apocalypse that will require exegetes to reexamine the text for astrological references and influences.” Uit ‘n sosiaal-wetenskaplike oogpunt kry Malina & Pilch dit wel reg om ‘n moderne interpreteerder te laat besef dat die wêreld en die hemel (sky) van die eerste eeu nC ligjare verwyderd is van die 21ste eeu.

7.5 SAMEVATTING

Malina & Pilch se *Social-Science Commentary on the Book of Revelation* is nie ‘n tradisionele kommentaar op Openbaring nie. Malina & Pilch (2000:23) maak ook nie aanspraak op volledigheid nie: “It is intended to be supplemental to much traditional scholarship in which the authors of this book have been duly trained.” Wat die kommentaar wel is en waarop die outeurs aanspraak maak is: “insight into the **social system** (CS – my beklemtoning) in which John’s language is embedded.” Die metode wat Malina & Pilch aanvoer wat die beste hiervoor geskik is, is die *sosiaal-wetenskaplike metode*. Die twee redes hiervoor is:

- “First, meanings in fact derive from social systems, and
- Second, because models operate at a level of abstraction somewhat above that of historical inquiry.”

Volgens Malina & Pilch (2000:23) self is hierdie kommentaar: “not a complete literary and historical commentary on the Book of Revelation. It is rather a simplified social-scientific commentary.” Malina & Pilch wil dit duidelik maak dat hierdie kommentaar nie teenoor ander kommentare gestel moet word nie, maar saam met hulle gebruik moet word om die boek Openbaring te verstaan. Daarom stel hulle dit duidelik: “For other types of information, the reader will want to consult other scholarly resources that provide what is needed (again, see Aune 1997 – 1999).”

Dit is my opinie dat dit presies die manier is om Malina & Pilch se kommentaar te gebruik. Dit moet as hulpmiddel by die tradisionele histories-kritiese kommentare gebruik word en nie in isolasie bestudeer word nie (sien Hoofstuk 4.3). In Hoofstuk 4.6 is aangedui dat die teks self altyd die toetsbron van ‘n interpretasie-metode moet wees. In Bylaag A is dit duidelik dat in slegs vyf hoofstukke (1,2,7,17 en 22) van die 22 hoofstukke in Openbaring, daar nie ‘n direkte verwysing na die hemel is nie. Van die vyf hoofstukke, word daar slegs in Openbaring 17 nie direk na die son, maan of sterre verwys nie. Daar is dus slegs een hoofstuk in Openbaring waarin daar geen direkte verwysing na die hemel, die son, die maan of sterre is nie. Selfs sonder Malina & Pilch se interpretasie van bv. die bakke as komete, is die hemel beslis ‘n deurlopende tema in Openbaring. Of die hemel / hemelreise ens. simbolies of as astrale profesie verstaan moet word, sal waarskynlik saamhang met ‘n persoon se Skrifbeskouing (sien Hoofstuk 1.5).

Die groot nadeel van hulle kommentaar is die oordrewe fokus op die sterrekunde en die eerste eeuse hemel, asook die ignorering van kontemporêre studie oor Openbaring. Malina & Pilch se kommentaar is egter beslis ‘n waardevolle toevoeging tot die studie van Openbaring.

Hulle kry dit reg om ‘n mens bewus te maak dat Johannes en sy lesers se tydsbegrip en sosiale situasie radikaal verskil van dié van moderne interpreteerders.

LITERATUURVERWYSINGS

1. Aune, DE 1986. The Apocalypse of John and the problem of Genre. *Semeia* 36, 65-96.
- - - 1997. *Revelation 1-5*. Dallas: Word Books. (WBC 52)
- - - 1998. *Revelation 6-16*. Dallas: Word Books. (WBC 52B)
2. Barr, DL 1996. On the Genre and Message of Revelation: Star Visions and Sky Journeys (Book Reviews). *Biblical Theology Bulletin* 26/Sum, 89-90.
3. Bauckham, R 2000. On the Genre and Message of Revelation: Star Visions and Sky Journeys (Book Reviews). *Biblical Interpretation* 8/4, 432-433.
4. Botha, FJ 1989. Die Openbaring aan Johannes, in Van Zyl, AH (red) [voorwoord], *Verklarende Bybel: 1983-vertaling*, 361-383. Kaapstad: Lux Verbi.
5. Breytenbach, APB 1995. Jesus Christus in die Ou Testament. *Die Hervormer* 15 Desember 1995, bl 8.
6. Collins, JJ 1979. Introduction: Towards the Morphology of a Genre. *Semeia* 14,1-20.
- - - 1984. *The Apocalyptic Imagination: An Introduction to the Jewish Matrix of Christianity*. New York: Crossroad.
7. Court, JM 2001. Reading Scenarios for Revelation. *Expository Times* 112/7,240.
8. Downing, G 1988. Pliny's Prosecutions of Christians: Revelation and 1 Peter. *Journal for the Study of the New Testament* 34,105-123.
9. Duff, PB 2001. Social-Science Commentary on the Book of Revelation (Book Review). *Journal of Religion* 81/4,631-632.

10. Du Toit, AB 1997. Die funksie en waarde van die bestudering van die leefwêreld van die Nuwe Testament, in Du Toit, AB(red), *HNT II: Die leefwêreld van die Nuwe Testament*, 3-32. Halfway House: Orion Uitgewers.
11. Duling, DC & Perrin, N 1994. *The New Testament: Proclamation and Parenesis, Myth and History*. 3rd ed. Orlando: Harcourt Brace.
12. Du Rand, JA 1986. *Want die Einde is Naby*. Paarl: Bybelkor.
 - - - 1989. Theology in Situation. *Acta Academica* 21/3, 100-112.
 - - - 1990. Inleiding tot die Openbaring aan Johannes, in Du Toit, AB (red), *HNT vi*, 219-252. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
 - - - 1999. Openbaring, in Vosloo, W & Van Rensburg, FJ (red) [voorwoord], *Die Bybel A-Z*, 886-904. Vereeniging: CUM.
 - - - 2003. Openbaring, in Van der Watt, J (red), *Die Bybellennium*, 1768-1807. Vereeniging: CUM.
13. Du Val, K 1999. Editorial: Apocalypse 2000. *Interpretation* 53, 116.
14. Elliott, JH 1993. *What is Social-Scientific Criticism?* Minneapolis: Fortress Press. (New Testament Series)
15. Funk, RW & The Jesus Seminar 1998. *The Acts of Jesus: The Search for the Authentic Deeds of Jesus*. San Francisco: HarperCollins.
16. Geysler, P 2005. Hoe lees ons die Bybel? *Die Hervormer* 6 September 2005, bl 6.
17. Gottwald, NK 1985. *The Hebrew Bible: A Socio-Literary Introduction*. Philadelphia: Fortress Press.
18. Gregg, S 1997. *Revelation: Four Views: A Parallel Commentary*. Nashville: Thomas Nelson Inc.
19. Guinan, MD 1996. On the Genre and Message of Revelation: Star Visions and Sky Journeys (Book Review: Shorter Notices). *Theological Studies* 57/D, 775.
20. Hanson, PD 1976. Apocalypticism, in Buttrick, GA (red), *IDBS Supplementary Volume*, 28-34. Nashville: Abingdon Press.
21. Hartin, PJ 1997. Who is wise and understanding among you (James 3:13)? An analysis of wisdom, eschatology and apocalypticism in the epistle of James. *HTS* 53/4, 969-999.
22. Hellholm, D 1986. The Problem of Apocalyptic Genre and the Apocalypse of John. *Semeia* 36, 13-64.

23. Kümmel, WG 1975. *Introduction to the New Testament*. London: SCM Press LTD.
24. Louw, JP & Nida, EA 1989. *Greek-English Lexicon of the New Testament based on semantic domains, vol 1&2*. Kaapstad: Bible Society of South Africa.
25. Malina, BJ 1993. *The New Testament World: Insights from Cultural Anthropology*. Louisville: Westminster/John Knox Press. (Revised Edition)
 - - - 1995. *On the Genre and Message of Revelation: Star Visions and Sky Journeys*. Peabody: Hendrickson Publishers Inc.
 - - - 1996. *The Social World of Jesus and the Gospels*. London: Routledge. (Originally published in 1989.)
 - - - 1998. How a Cosmic Lamb Marries: The Image of the Wedding of the Lamb (Rev 19:7 ff.). *Biblical Theology Bulletin* 28/1, 75-83.
26. Malina, BJ & Pilch, JJ 2000. *Social-Science Commentary on the Book of Revelation*. Minneapolis: Fortress Press.
27. Malina, BJ & Rohrbauch, R 1992. *Social-Science Commentary on the Synoptic Gospels*. Minneapolis: Fortress Press.
 - - - 1998. *Social-Science Commentary on Gospel of John*. Minneapolis: Fortress Press.
28. Meeks, WA 1983. *The First Urban Christians: The Social World of the Apostle Paul*. New Haven: Yale University Press.
29. Metzger, BM 1971. *A textual Commentary on the Greek New Testament*. Stuttgart: Biblia-Druck.
30. Morris, L 1972. *Apocalyptic*. USA: WM. B. Eerdmans Publishing Company.
31. Morton, R 1997. On the Genre and Message of Revelation: Star Visions and Sky Journeys (Book Review). *Catholic Biblical Quarterly*, 59/1, 165-167.
32. Munger, MA 1998. On the Genre and Message of Revelation: Star Visions and Sky Journeys (Book Review). *Journal of the Evangelical Theological Society*, 41/S, 502-503.
33. Murphy, FJ 1994. The Book of Revelation. *Currents in Research: Biblical Studies* 2,181-225.
34. Nesle-Aland 1978. *Novum Testamentum Graece*. Stuttgart: Deutsche Biblegesellschaft.
35. *The NIV & KJV Parallel Bible* 1985. Grand Rapids: Zondervan Bible Publishers.

36. Pearson, BWR 1997. On the Genre and Message of Revelation: Star Visions and Sky Journeys (Booklist). *Journal for the Study of the New Testament* 65/Mr, 126.
37. Pilch, JJ 1978. *What are they saying about the book of revelation?* New York: Paulist Press.
38. Powell, MA 1990. *What is Narrative Criticism?* Minneapolis: Fortress Press. (NTS)
39. Prévost, JP 1993. *How to read the Apocalypse.* London: SCM Press LTD.
40. Resseguie, JL 1998. *Revelation unsealed: A Narrative Critical Approach to John's Apocalypse.* Leiden: Brill. (BIS 32)
41. Rist, M 1962. . Apocalypticism, in Buttrick, GA (red), *IDBS* Vol 1, 157-161. Nashville: Abingdon Press.
42. Russell, DS 1964. *The Method and Message of Jewish Apocalyptic.* London: SMC Press LTD.
43. Schüssler Fiorenza, E 1976. Book of Revelation, in Buttrick, GA (red), *IDBS*, 744-746. Nashville: Abingdon Press.
- - - 1985. *The Book of Revelation: Justice and Judgement.* Philadelphia: Fortress Press.
44. Skemp, Vincent 2001. Social-Science Commentary on the Book of Revelation (Book Review). *Catholic Biblical Quarterly* 63/4, 757-758.
45. Van Aarde, AG 1994. *Kultuurhistoriese Agtergrond van die Nuwe Testament: Die Eerste-eeuse Mediterreense Konteks.* Pretoria: Kital.
- - - 1998. Matthew 27:45-53 and the Turning of the tide in Israel's History. *BTB* 28, 16-26.
46. Venter, PM 1996. Daniël 7–12 in sosiaal-wetenskaplike perspektief. *HTS* 52/4,605-632.
47. Vorster, WS 1986a. Tekste met 'n apokaliptiese perspektief, in Deist, F & Vorster, WS (red), *Woorde wat ver kom*, 158-176. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- - - 1997. Die Joods-literêre agtergrond van die Nuwe Testament: 'n oorsig, in Du Toit, AB(red), *HNT II: Die leefwêreld van die Nuwe Testament*,385-434. Halfway House: Orion Uitgewers.
48. Vosloo, W & Van Rensburg, FJ et.al. 1993. Bylaes in *Die Bybel in Praktyk.* Vereeniging:CUM.
49. Van der Watt, J (red) 2003. *Die Bybel A – Z.* Vereeniging: CUM.
50. Yarbrow Collins, A 1979. The Early Christian Apocalypses. *Semeia* 14, 61-121.

- - - 1984. *Crisis and Catharsis: The Power of the Apocalypse*. Philadelphia: The Westminster Press.
- - - 1986. Early Christian Apocalypticism. *Semeia* 36, 1-11.

BYLAAG A

HEMEL

- 3:12 Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, die nuwe Jerusalem wat van my God af uit die *hemel* (ek tou oujranou) uit afkom.
- 4:1 Hierna het ek, Johannes, in die *hemel* (ejn tw/oujranw) 'n deur gesien wat oopgemaak is
- 4:2 Ek het gesien daar staan 'n troon in die *hemel* (ejn tw/oujranw) en op die troon sit daar Iemand.
- 5:3 Maar niemand in die *hemel* (ejn tw/oujranw) of op die aarde of onder die aarde was in staat om die boek oop te maak en daarin te kyk nie.
- 5:13 Die hele skepping, alles in die *hemel* (ejn tw/oujranw) en op die aarde en onder die aarde en op die see, ja, alles wat daar is, het hoor sê...
- 6:13 Die sterre aan die *hemel* (tou oujranou) het op die aarde geval...
- 6:14 Die *hemel* (oloujranou) self het verdwyn soos 'n boekrol wat opgerol word
- 8:1 Toe die Lam die sewende seël oopmaak, het daar stilte in die *hemel* (ejn tw/oujranw) gekom, omtrent 'n halfuur lank.
- 8:10 'n Groot ster wat soos 'n fakkeltand, het van die *hemel* (ek tou oujranou) af geval.

- 9:1 Ek het 'n ster gesien wat van die *hemel* (ek tou oujranou) af op die aarde geval het
- 10:1 Toe het ek 'n ander engel, 'n sterke uit die *hemel* (ek tou oujranou) uit sien afkom.
- 10:4 maar ek het 'n stem uit die *hemel* (ek tou oujranou) hoor sê
- 10:5-6 Die engel wat ek op die see en die land sien staan het, het toe sy regterhand na die *hemel* (eij' ton oujranon) toe opglig en 'n eed afgelê by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die *hemel* (ton oujranon) en daarin is, die land en wat daarop is, die see en wat daarin is, geskep het.
- 10:8 Die stem wat ek uit die *hemel* (ek tou oujranou) gehoor het, het toe weer met my gepraat
- 11:6 Hulle het die mag om die *hemel* (ton oujranon) toe te sluit, sodat daar gedurende die hele tyd wat hulle God se boodskap verkondig, geen reën sal val nie.
- 11:12 Hulle hoor toe 'n harde stem uit die *hemel* (ek tou oujranou) vir hulle sê: "Kom op hierheen!" Toe het hulle in 'n wolk na die *hemel* (eij' ton oujranon) toe opgevaar, en hulle vyande het dit gesien.
- 11:13 en die ander het bevrees geraak en die God van die *hemel* (tou oujranou) die eer gegee.
- 11:15 Daar was stemme in die *hemel* (ejh tw/oujranw) wat hard uitgeroep het
- 11:19 Toe het God se tempel, wat in die *hemel* (ejh tw/oujranw) is oopgegaan, en sy verbondark wat in sy tempel is, het sigbaar geword.
- 12:1 Toe het daar 'n groot teken in die *hemel* (ejh tw/oujranw) verkyn: daar was 'n vrou met die son as kleed om haar, die maan onder haar voete, en op haar kop 'n kroon van twaalf sterre.
- 12:3 Daar het ook 'n ander teken in die *hemel* (ejh tw/oujranw) verskyn
- 12:4 Sy stert het 'n derde van die sterre van die *hemel* (tou oujranou) saamgesleep en hulle op die aarde gegooi.

- 12:7-9 Daar het toe oorlog gekom in die *hemel* (ej̄ tw/oujranw`/): Migael en sy engele moes oorlog voer teen die draak. Die draak en sy engele het oorlog gevoer, maar hulle is verslaan. In die *hemel* (ej̄ tw/oujranw`) was daar geen spoor meer van hulle te vind nie, want die groot draak die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word en wat die hele wêreld verlei, is uit die *hemel* (letterlik staan hier: hy is neergewerp op die aarde - epl̄ hq̄h eij` thn̄ ghn) uit gegooi.
- 12:10 Toe het ek 'n stem in die *hemel* (ej̄ tw/oujranw`/) gehoor wat hard uitgeroep het....Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die *hemel* uit gegooi
- 12:12 Daarom, *hemel* (»oi¼ oujranoi) en die wat daarin bly, verheug julle. Maar vir julle, land en see, wag daar ellende
- 13:6 Hy het teen God begin laster, hy het God se Naam en sy woonplek en dié wat in die *hemel* (ej̄ tw/oujranw`) bly, belaster.
- 13:13 Hy doen groot tekens, sodat hy selfs vuur van die *hemel* (ek̄ tou oujranou) af op die aarde laat kom vir die mense om te sien.
- 14:2 En ek het 'n geluid uit die *hemel* (ek̄ tou oujranou`) uit hoor kom wat soos die gedruis van 'n groot watermassa en soos die gedreun van swaar donderweer geklink het. Die geluid wat ek gehoor het, was ook soos dié van sitterspelers wat op hulle sitters speel.
- 14:7 Aanbid Hom wat die *hemel* (ton oujranon) en die aarde, die see en die waterbronne gemaak het.
- 14:13 Toe het ek 'n stem uit die *hemel* (ek̄ tou oujranou) hoor sê
- 14:17 Toe het daar 'n ander engel uit die tempel wat in die *hemel* (ej̄ tw/oujranw`) is, uitgekóm.
- 15:1 Toe het ek 'n ander groot en wonderbaarlike teken in die *hemel* (ej̄ tw/oujranw`) gesien. Ek het sewe engele gesien wat die laaste plaë bring.
- 15:5 Hierna het ek gesien: die tempel in die *hemel*, (ej̄ tw/oujranw`) die woonplek van God, is oopgemaak

- 16:10-11 Die vyfde engel het toe sy bak op die troon van die dier uitgegooi, en daar het duisternis oor die koninkryk van die dier gekom. Die mense het hulle tonge stukkend gebyt van die pyn en het die God van die *hemel* (tou oujranou) gelaster oor die pyn wat hulle moet verduur, en oor die swere
- 16:21 Groot haelstene, elkeen omtrent vyftig kilogram swaar, het van die *hemel* (ek tou oujranou) af op die mense geval.
- 18:1 Hierna het ek 'n ander engel uit die *hemel* (ek tou oujranou) uit sien afkom.
- 18:4 Toe het ek 'n ander stem uit die *hemel* (ek tou oujranou) hoor sê
- 18:5 Haar sondes het tot aan die *hemel* (a|cri tou oujranou) opgehoop, en God het haar ongeregtighede onthou.
- 18:20 Verheug jou daaroor, *hemel*, (oujranou) en julle, gelowiges, apostels en profete!
- 19:1 Hierna het ek iets gehoor soos die harde geluid van 'n groot menigte in die *hemel* (ejn tw/oujranw`/) wat uitroep: “ Prys die Here!”
- 19:11 Toe het ek gesien die *hemel* (ton oujranon) is oop. Daar was 'n wit perd. Sy ruiter word die Getroue en die Betroubare genoem.
- 19:14 Die leërs in die *hemel* (ejn tw/oujranw) het op wit perde agter Hom aangery.
- 20:1 Toe het ek 'n engel uit die *hemel* (ek tou oujranou) uit sien kom met die sleutel van die onderaardse diepte en met 'n groot ketting in sy hand.
- 20:9 Hulle het oor die hele oppervlakte van die aarde aangekom en die laer van die gelowiges en die geliefde stad omsingel. Toe het daar vuur van die *hemel* (ek tou oujranou`) af gekom en hulle verteer.
- 20:11 Toe het ek 'n groot wit troon gesien en die Een wat daarop sit. Die aarde en die *hemel* (oloujranou;) het voor Hom padgegee, en daar was nie meer plek vir hulle nie.

- 21:1-2 Toe het ek 'n nuwe *hemel* (*oujranon*) en 'n nuwe aarde gesien. Die eerste *hemel* (*oujranon*) en die eerste aarde het verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie. En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die *hemel* (*ek* tou *oujranou*) uit sien afkom.
- 21:10 Ek is toe deur die Gees meegevoer en die engel het my na 'n groot hoë berg toe geneem en die heilige stad Jerusalem vir my gewys, wat van God af uit die *hemel* (*ek* tou *oujranou*) uit afkom.

SON, MAAN EN STERRE

- 1:16 In sy regterhand het Hy sewe sterre gehad, en 'n skerp swaard met twee snykante het uit sy mond uit gekom. Sy hele voorkoms was soos die son wat op sy helderste skyn.
- 1:20 En dit is die verborge betekenis van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het....die sewe sterre is die leraars van die sewe gemeentes
- 2:1 Skrywe aan die leraar van die gemeente in Efese: So sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand vashou
- 2:28 Daarby sal Ek vir elkeen wat die oorwinning behaal, die môrester gee.
- 3:1 Skrywe aan die leraar van die gemeente in Sardis: So sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het
- 6:12-13 Ek het gesien toe die Lam die sesde seël oopmaak: daar het 'n groot aardbewing gekom. Die son het swart geword soos rouklere, en die maan het heeltemal soos bloed geword. Die sterre aan die *hemel* het op die aarde geval soos die navye van 'n vyeboom afval as dit deur 'n sterk wind geruk word.
- 7:16 die son sal hulle nie brand nie en 'n hittegloed ook nie

- 8:10-11 Toe het die derde engel op sy trompet geblaas. 'n Groot ster wat soos 'n fakkel brand, het van die *hemel* af geval. Hy het op 'n derde van die riviere en op die waterbronne geval. Die ster se naam is Bitterals. 'n Derde van die water het bitter geword, en baie mense et van die water doodgegaan omdat dit besmet was.
- 8:12 Die vierde engel het toe op sy trompet geblaas. 'n Derde van die son en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre is getref, sodat 'n derde van hulle donker geword het. 'n Derde deel van die dag het nie lig gehad nie, en die nag ook nie.
- 9:1-2 Die vyfde engel het toe op sy trompet geblaas. Ek het 'n ster gesien wat van die *hemel* af op die aarde geval het, en die sleutel van die skag na die onderaardse diepte is aan hom gegee. Hy het toe die skag na die onderaardse diepte oopgemaak, en daar het rook uit die skag uit opgestyg soos die rook van 'n groot oond. Deur die skag se rook is die son verduister en het die lug donker geword.
- 10:1 Toe het ek 'n ander engel, 'n sterke, uit die *hemel* uit sien afkom. Hy het 'n wolk om hom gehad en 'n reënboog bokant sy kop. Sy gesig was soos die son en sy bene soos vuurpilare.
- 12:1 Toe het daar 'n groot teken in die *hemel* verkyn: daar was 'n vrou met die son as kleed om haar, die maan onder haar voete, en op haar kop 'n kroon van twaalf sterre.
- 12:4 Sy stert het 'n derde van die sterre van die *hemel* saamgesleep en hulle op die aarde gegooi.
- 16:8 Die vierde engel het toe sy bak op die son uitgegooi. Daardeur is aan die son die vermoë verleen om die mense met vuur te brand.
- 19:17 Toe het ek 'n engel by die son sien staan.
- 21:23 Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.

- 22:5 Die mense het nie die lig van 'n lamp en die lig van die son nodig nie, omdat die Here God hulle sal verlig, en hulle sal tot in alle ewigheid regeer.
- 22:16 Ek is die helder Môrester.

ENGELE

2:1ov;2:8ov;2:12ov;2:18ov;3:1ov;3:7ov;3:14ov; (tw/ aggel w)
3:5;5:2;5:11;7:1;7:2;7:11;8:2-8;8:10;8:12-13;9:1;9:13-15;10:1;10:5;10:7-10; 11:1;11:15;
12:7;12:9; 14:6; 14:8-10;14:15;14:17-19;15:1;15:6-8;16:1;16:3-5;16:8;16:10;16:12;
16:17;17:1;18:1;18:21;19:17;20:1;21:9; 21:12;21:17;22:6;22:8;22:16